



OORDENKINGS UIT
EFESIËRS

GEKIES, GERED EN GEMERK

DIE KERK SE
IDENTITEIT EN LEWE

GP VAN RHYN

Gerhardus Petrus van Rhyne

Uitgegeef deur Scriptura Publikasies
© 2019

scriptura.co.za

Voorwoord

In 'n tyd waar daar soveel stemme opgaan oor wat die kerk is en wat die kerk behoort te doen, is dit nodig vir gelowiges om vas te hou aan wat die Here ons leer. Ons is tog sy kerk. Die kerk is nie 'n wat nie, maar 'n wie. Dwarsdeur die Nuwe Testament leer die Here ons wie die kerk is en hoe ons behoort te lewe.

Die brief aan die Efesiërs staan uit as 'n brief waarin die Here ons baie duidelik oor sy kerk leer. In Efesiërs leer Hy ons nie net wie die kerk is nie, Hy leer ons ook duidelik hoe ons as sy kerk lewe.

Ek het die voorreg gehad om deur die brief aan die Efesiërs te preek in die Gereformeerde Kerk Komatipoort waar ek tans as predikant dien. Die preke dien as die basis vir die inhoud van hierdie boek, daarom sal die leser sien dat daar gekies is om die praattaal van prediking te behou. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling word deurgaans gevolg. As daar iewers 'n ander vertaling gebruik word, word dit so aangedui.

Die Here het die preke uit Efesiërs en die opstel van hierdie boek gebruik om my te laat groei in die geloof, om my nog liever vir Hom en sy Woord te maak en om my in verwondering te laat staan oor sy plan met sy kerk. Mag Hy hierdie boek ook op hierdie manier in die leser se lewe gebruik en mag Hy deur hierdie boek verheerlik word.

'n Groot woord van dank aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Komatipoort wat hul roeping getrou uitleef deur toesig oor my Woordverkondiging te hou. Ook 'n reuse dankie aan die hele Scripturaspans, dit is 'n voorreg om saam met julle die Here te dien.

Gerrie van Rhyn
Komatipoort
2019

Inhoudsopgawe

- 1. God het die kerk gekies, gered en gemerk, daarom gee ons aan Hom al die eer**
Efesiërs 1:1-14 *bl. 1*
- 2. Die Here is ons Hoof en ons is sy liggaam**
Efesiërs 1:15-23 *bl. 8*
- 3. Uit genade, deur geloof: Redding is 'n geskenk van God**
Efesiërs 2:1-10 *bl. 16*
- 4. Ons is een in Jesus Christus en lede van God se huisgesin**
Efesiërs 2:11-22 *bl. 23*
- 5. Ons het vrymoedigheid en toegang tot God in Christus**
Efesiërs 3:1-13 *bl. 31*
- 6. Word vervul met die volheid van God en leeg van jouself**
Efesiërs 3:14-21 *bl. 39*
- 7. Die Here sê Self hoe sy kerk toegerus en bedien word**
Efesiërs 4:1-16 *bl. 47*
- 8. Trek die ou mens uit en trek die nuwe mens aan!**
Efesiërs 4:17-5:5 *bl. 56*
- 9. Word vervul met die Heilige Gees en sing tot die Here se eer**
Efesiërs 5:6-20 *bl. 63*
- 10. Die huwelik gaan nie oor jou of jou huwelikmaat nie, maar oor die Here**
Efesiërs 5:21-33 *bl. 71*
- 11. Die Here bepaal hoe die verhouding tussen ouers en kinders lyk**
Efesiërs 6:1-4 *bl. 79*
- 12. Die Here bepaal hoe jy jou werk doen**
Efesiërs 6:5-9 *bl. 87*
- 13. Stry die stryd op jou knieë**
Efesiërs 6:10-24 *bl. 93*

1. God het die kerk gekies, gered en gemerk, daarom gee ons aan Hom al die eer

Efesiërs 1:1-14

“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.” Efesiërs 1:3

Wie is die kerk en hoe moet ons kerk wees? Hierdie is die twee vrae wat die brief aan die Efesiërs beantwoord. Hierdie is nie net vrae wat ons vandag vra nie, dit is vrae wat die Here se kerk dwarsdeur die geskiedenis gevra het en nog in die toekoms gaan vra. Daarom gee die Here vir ons hierdie brief in die Bybel.

Hierdie brief staan bekend as die brief aan die Efesiërs, maar dit is heel waarskynlik dat hierdie brief aan al die gemeentes van daardie tyd in Klein-Asië gestuur is. ‘n Omsendbrief vir die hele kerk. Ook vir ons.

Die tema van die brief is: Die kerk is Christus se liggaam en Hy is ons Hoof. Die sleutelverse van die brief is Efesiërs 1:22-23: “Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as die hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.”

Hierdie brief begin op ‘n merkwaardige manier: God se lof word besing vir die verlede, die hede en die toekoms van die kerk.

Was jy al so opgewonde om iets met iemand te deel, dat jy skaars asemhaal om alles net uit te kry? Kinders kry dit dikwels goed reg. Hulle borrel oor. Hulle wil so graag iets vir mens vertel, dat jy skaars kan byhou.

Dit is wat hier in Efesiërs 1 gebeur. Paulus is so meegevoer deur God se genade en grootheid, dat hy oorborrel van woorde van lof aan God. Vers 3-14 is een lang sin in die oorspronklike taal. Hierdie is ‘n lofsang wat amper nie einde het nie.

Hierdie lofsang gaan oor wie die kerk is. Dit gaan oor ons identiteit. Dit gaan oor ons verlede, ons hede en ons toekoms. Hierdie lofsang beklemtoon dat alles van God afhang. Dat alles net genade is.

Hier in Efesiërs 1 maak God dit duidelik dat die kerk gekies, gered en gemerk is. Daarom gee ons aan Hom al die eer.

Gekies deur die Vader

Die lofsang fokus eers op die kerk se verlede. God het ons uitverkies. Hy het sy kinders vir Hom gekies. Om een of ander rede is ons bang vir die leer oor die uitverkiesing. Ons dink dit is iets waarvoor ons nie met mense praat nie. En as ons met hulle daarvoor praat, moet ons eers oor 'n klomp ander dinge gesels. Ons stoei dikwels hiermee.

Maar God openbaar die uitverkiesing nie aan ons om ons te laat stoei nie, maar om ons te troos. Hy wil nie hê ons moet daarvoor struikel nie. Maar Hom daarvoor prys. God leer ons dat Hy gekies het. Nie om ons onseker te maak nie, maar om vir ons sekerheid te gee.

God wat mense gekies het, maak dit baie duidelik dat alles net genade is. Want Hy het ons gekies nog voordat die wêreld gemaak is. Hoe kan jy enigsins 'n rol in die uitverkiesing speel as dit iets is wat gebeur het lank voordat jy gemaak is? God het gekies voordat Hy enigiets gemaak het. Hy het ons nie gekies omdat Hy gesien het dat ons gaan glo nie, maar SODAT ons kan glo.

God het besluit wie sy kinders sal wees. Hy het ons in Christus uitverkies. Jesus Christus was nie God se plan B nie. Hy was nie die plan wat God skielik moes uitdink toe Adam en Eva teen Hom gekies het nie. Hy was nie die plan wat God skielik moes uitdink toe die volk van die Ou Testament keer op keer hul rûe op Hom gedraai het nie. Van voor die skepping van alles af, het die Vader besluit om mense as sy kinders in Christus te kies.

Die Vader het ons as sy kinders gekies. Hy het gekies om ons aan te neem. Om ons deel van sy huisgesin te maak en ons in al die voorregte van Christus te laat deel. Hy het ons gekies sodat ons in 'n verhouding met Hom kan lewe. Hy maak dit baie duidelik in vers 4: "Hy het ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees." God het

ons gekies, sodat ons afgesonder vir Hom, as mense wat nie deur die sonde oorheers word nie, kan lewe.

God wat mense kies om sy kinders te wees, is 'n daad van liefde. Dit is 'n daad wat God se genade wys. Mense wil so maklik sê dat God wat sekere mense kies om sy kinders te wees, onregverdig is. Maar ons moet beseef dat as ons aan regverdigheid wil vashou, elke liewe mens die ewige straf op sy sonde moet kry. Die uitverkiesing staan nie teenoor regverdigheid nie. Nee, die uitverkiesing wys God se genade. Elke mense verdien die ewige, regverdige straf op sy sonde, maar die wat God vir Hom gekies het, se straf is deur Jesus Christus gedra.

Die Vader wat kies, beklemtoon dat alles net genade is. Daarom is die leer oor die uitverkiesing nie iets om oor te kla nie, maar iets om God oor te prys. Vers 6 maak dit duidelik: "Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het." In die oorspronklike taal begin vers 6 so: "Tot lof van die heerlijkheid van sy genade." Dit maak dit duidelik dat die daad van die uitverkiesing reeds die heerlijkheid van God se genade wys. Die daad van die uitverkiesing verheerlik God.

En nou kan ons as sy kerk Hom daarvoor prys. Omdat ons beseef dat die uitverkiesing God se genade beklemtoon. Omdat ons beseef dat die uitverkiesing beteken dat God ONS gekies het om aan Hom te behoort. Omdat ons beseef dat ons nie ons verhouding met God kan verloor nie, omdat Hy ons gekies het voordat Hy alles gemaak het en ons bestem het om sy kinders in Jesus Christus te wees.

Maak die leer van die uitverkiesing ons dan nie roekeloos nie? Maak dit nie dat die Here se kerk nie ons roeping uitleef nie met die houding: "As God gekies het, hoef ons niks te doen nie?" Glad nie! God het mense gekies, SODAT hulle kan glo. Hy werk geloof deur sy Woord. Daarom word daar van die Efesiërs in vers 13 gesê: "Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en TOT GELOOF gekom het."

God werk geloof in die mense wat Hy gekies het se harte deur die verkondiging van die Evangelie. Die uitverkiesing maak nie dat ons stilbly as kerk nie, dit maak juis dat ons met groot vrymoedigheid verkondig en weet dat God die verkondiging sal gebruik.

Die lofsang van Efesiërs 1 begin met die kerk se verlede: Ons is deur die Vader gekies nog voordat Hy geskep het.

Gered deur die Seun

Die lofsang gaan dan verder na ons hede toe: Die kerk is gered deur die Seun. God het ons gekies, sodat ons sy kinders kan wees en sodat ons kan glo. Ons is verlos. Die woord wat hier met verlos vertaal word, is dieselfde woord wat gebruik vir die loskoop van 'n slaaf. Om vir die vrylating van 'n slaaf te betaal. Ons is deur Jesus se kosbare bloed losgekoop van die sonde en die dood. Ons is nie meer slawe van die sonde nie. Ons behoort nou aan die Here. Ons oortredinge is vergewe kragtens die ryke genade van God. Ons verdien die ewige, regverdige straf op ons sonde, maar God wys sy genade aan ons in Jesus Christus. Hy gee vir ons die teenoorgestelde van wat ons verdien.

Dit was God se plan van redding vir sy kerk van die begin af gewees. Daarom staan daar in vers 9 en 10: "Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus." Dwarsdeur die Ou Testament belowe God redding en dan op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het, maak Hy die geheimenis bekend: Redding is slegs in Jesus Christus. Dit gaan nie in die eerste plek oor die mens nie. Die Evangelie gaan nie oor ons nie, maar oor Jesus Christus! Ons kan so maklik dink alles draai om ons, maar God se plan is om alles onder Christus se Koningskap te plaas.

Ons sien dit reeds in die kerk: Mense wat met vreugde onder sy Koningskap lewe. Met die wederkoms gaan almal en alles onder sy Koningskap wees.

Verlossing beteken dat mense wat eers ver van God af was, nader gebring word aan Hom. Dat mense wat nie deel van sy volk in die Ou Testament was nie, deel gemaak word van sy volk. God het dit so bestem en Hy laat alles volgens sy raadsplan gebeur.

Ons verlossing is ook iets wat ons geen rol in speel nie. Voordat ons verlos was, was ons slawe van die sonde wat onself nie kon loskoop nie. Dit is

slegs deur Jesus Christus wat ons verlos word. Ons het nie ons verlede bepaal nie – die Vader het ons gekies. Net so bepaal ons nie ons hede nie - Die Seun het ons verlos.

Ons word nie verlos om te lewe soos ons wil nie. Onthou, God het ons gekies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Onthou dat alles onder Jesus Christus se Koningskap geplaas word. Ons word verlos, sodat ons in 'n verhouding met God kan lewe op die manier wat Hy sê. Ons word verlos sodat ons kan doen wat God ons gee om te doen. Sodat ons elkeen ons hele lewe kan gebruik om te wys dat Jesus ons Koning is.

Ons is gered deur die Seun. Weereens is dit iets om oor dankbaar te wees. Weereens is dit iets om God oor te prys. “Daarom, moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys.” Om God te prys beteken om aan God te gee wat Hom toekom. Dit beteken om Hom as waardevol te ag en sy Naam groot te maak. Ons doen dit op verskillende maniere: Nie net deur voluit tot God se eer te sing in die erediens nie, maar deur met ons lewens te wys dat Hy in die middelpunt van alles staan, dat Hy ons besluite bepaal en dat sy eer vir ons swaarder as ons eie gemak weeg.

Weereens is die klem in die oorspronklike taal dat die daad van verlossing wys hoe groot God se heerlikheid en genade is.

Waar die lofsang begin het met die kerk se verlede, gaan die lofsang voort met die kerk se hede: Ons is verlos deur die Seun.

Gemerck deur die Gees

Die lofsang stop nie daar nie. Die lofsang strek verby ons hede tot by ons ewige toekoms: Ons is gemerk deur die Gees wat die waarborg is dat ons ewig saam met God gaan lewe.

Die Heilige Gees wat deur God belowe is, het ons in Christus as God se eiendom beseël. Hy het ons gemerk as God se eiendom. Beseël herinner ons aan konings wat amptelike briewe met was geseël het en dan hul seëlring in die was gedruk het om te wys dat die brief van hulle af kom. Net so merk die Heilige Gees ons om te wys dat ons aan God behoort. Dink maar aan hoe ouers hul kinders se klere merk om dit duidelik te maak dat die klere aan hulle behoort.

Om met die Gees gemerk te wees, beteken dat jy aan God behoort en dat jy sekerheid oor jou toekoms het. In vers 14 lees ons: “Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos.”

Die Heilige Gees is die waarborg wat ons as kerk ontvang het. Waarborg kan beter vertaal word met “deposito” of “eerste betaling” van ons erfenis. Omdat ons die Heilige Gees as deposito ontvang het, het ons die sekerheid dat ons ons volle erfenis in ons ewige toekoms gaan ontvang. Daarom sê die Here in vers 14: “Wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos.”

Ons is reeds verlos in Jesus Christus. Maar ons verlossing is nog nie volkome nie. Ons stry nog teen die sonde in ons lewens. Ons ervaar nog die gevolge van die sondeval en sonde in die wêreld: Siekte, dood, oorlog en haat, noem maar op. Omdat ons deur die Heilige Gees gemerk is, het ons die troos dat wanneer ons Here Jesus weer kom, ons verlossing volkome gaan wees:

“Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. Hy sal al die tranes van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.” Openbaring 21:3,4.

Omdat die Heilige Gees ons gemerk het, hoef ons nie onseker te wees oor ons toekoms nie. Al lyk dinge baie onseker in die wêreld. Al is dinge baie onseker in Suid-Afrika. Al weet ons nie wat gaan gebeur nie. Ons het die troos en die sekerheid dat ons ewig aan God behoort.

Wat is ons reaksie hierop? “Daarom moet ons sy grootheid prys.” God se grootheid word gewys deur die feit dat Hy sy kerk, die mense wat Hy gekies en gered het, gemerk het met sy Heilige Gees. Daarom prys ons Hom.

Wie is die kerk en hoe moet ons kerk wees? Hierdie is die vrae wat Efesiërs antwoord. Soos ons deur die brief gaan vorder gaan ons baie duidelik sien wat die antwoorde op hierdie vrae is.

Efesiërs 1:1-14 is ‘n lofsang wat beklemtoon wie die kerk is. Dit is ‘n lofsang wat ons verlede, hede en toekoms onderstreep: God die Vader het ons gekies nog voordat enigiets geskep is, die Seun het ons verlos

sodat ons nou as God se kinders kan lewe. Die Heilige Gees het ons gemerk sodat ons weet dat ons verlossing in die toekoms volkome sal wees.

Ons is die Here se kerk. Hy het ons verlede bepaal. Hy bepaal ons hede. Hy gee ons sekerheid oor ons toekoms.

Ons is gekies, gered en gemerk. Dit is Wie die kerk is. Mag ons elkeen beseef hoe groot die troos is wat dit inhou. Mag ons elkeen beseef dat ons dit nie bepaal nie, maar dat alles van God afhang. Mag ons elkeen dit glo en met vreugde as God se kerk lewe. Mag ons elkeen God prys omdat alles oor sy eer gaan.

2. Die Here is ons Hoof en ons is sy liggaam

Efesiërs 1:15-23

“Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.” Efesiërs 1:22,23

Is jy van jou kop af? Het jy kop verloor? Hierdie is vrae wat ons vir iemand vra wat iets doen wat hul glad nie behoort te doen nie. As ons mooi daaraan dink, is hierdie die tipe vrae wat ons moet vra wanneer ‘n gemeente nie kerk is soos hulle behoort te wees nie. Die oomblik wat ‘n gemeente van hul Kop, hul Hoof, Jesus Christus af wegbeweeg, is hul nie kerk soos hulle moet wees nie.

Die brief aan die Efesiërs gaan oor wie die kerk is en hoe ons kerk moet wees. Hierdie brief het met ‘n lofsang begin – ‘n lofsang wat net aanhou en aanhou en beklemtoon dat God bepaal Wie die kerk is. Hy het ons gekies, gered en gemerk.

Wat kan dan ander op daardie lofsang volg as ‘n gebed? Paulus is so verwonderd oor dit wat God doen, dat hy oorgaan in ‘n gebed. ‘n Gebed waarin God gevra word om die Efesiërs te laat sien hoe groot sy genade is. ‘n Gebed vir geestelike insig. ‘n Gebed vir die gelowiges om te beseef wie hulle waarlik is: Die kerk is Christus se liggaam en Hy is ons Hoof.

Jesus Christus is die Hoof van sy kerk

Ons kan nie sê wie die kerk is, as ons nie weet Wie ons Hoof is nie. Ons bepaal nie ons identiteit nie, Hy doen. Jesus Christus is ons Hoof en ons is sy liggaam. Dit is nie net die kern van hierdie gebed nie, maar van die hele brief.

Jesus Christus is ons Hoof. Dink aan ‘n liggaam: ‘n Liggaam kan sonder baie liggaamsdele oor die weg kom, maar sonder ‘n kop, is ‘n liggaam dood. Het ‘n liggaam nie rigting nie. Weet ‘n liggaam nie wat om te doen nie.

Dit is presies dieselfde met die kerk. Sonder ons Hoof, Jesus Christus, het ons nie lewe nie, kan ons nie groei nie en het ons nie rigting nie. Omdat Hy ons Hoof is, weet ons dat ons alles by Hom kry: Lewe – Hy het ons losgekoop van die sonde en die dood met sy kosbare bloed sodat ons in 'n verhouding met God kan lewe; Groei – Hy lei ons deur sy Gees om al hoe meer in die geloof te groei en al hoe meer heilig te word; Rigting – Hy sê vir ons in die Woord waarheen ons op pad is.

Omdat Jesus Christus ons Hoof is, gaan alles in die kerk oor Hom. Hy staan in die middelpunt. Hy is die belangrikste. Al ons fokus en aandag en vertroue moet op Hom wees.

Dit kan ook wees, want Hy is nie 'n swak Hoof nie. Hy regeer soewerein oor almal en alles. Om soewerein te wees beteken dat niemand jou voorsê nie en dat niemand die sê het oor hoe jy dinge doen nie. Dit is anders as 'n hoof van 'n skool: 'n skoolhoof het klomp regulasies wat bepaal wat hy moet doen, hy het byvoorbeeld 'n beheerliggaam wat rigting gee.

Maar as Hoof van die kerk, regeer Jesus oor almal en alles. Nie net oor ons as gelowiges nie, maar oor die hele wêreld. Dit was God se plan van die begin af. In Efesiërs 1:10 lees ons: “Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.”

God het Christus uit die dood opgewek – Jesus Christus regeer oor die dood. God het Hom aan sy regterhand laat sit – die ereplek vanwaar Hy in God se Naam regeer. Daar is Hy hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook sprake van mag wees – Hy regeer oor elke mag, elke persoon, elke regering, elke land. God het alles aan Hom onderwerp – letterlik staan daar in vers 22 dat God hierdie dinge onder sy voete geplaas het. Dit gryp terug na die ou dae waar 'n koning wat 'n ander koning oorwin het, sy voet op die ander koning se nek geplaas het om sy oorwinning en mag oor hom te wys.

Dit herinner aan Psalm 110 wat 'n profesie is van die Vader wat alles aan die Seun onderwerp. In Psalm 110:1 lees ons in die Ou Vertaling: Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.” Die Psalms, die Ou Testament profeteer van God wat alles aan Christus onderwerp.

Dit gee vir ons as kerk geweldige troos. Dit beklemtoon dat ons Hoof nie swak is nie. Nee, ons Hoof is Almagtig. Hy regeer nie net oor sy kerk nie, maar oor die heelal.

Hy gaan nie eers eendag regeer nie. Hy regeer reeds. Daarom staan daar in vers 21: “Nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.” Jesus Christus regeer nou oor die hele wêreld. Dit troos ons, want dit beteken dat daar niks kan gebeur wat Hy nie toelaat nie. Niks gebeur wat Hy nie gebruik nie. Niemand, nie eens die duiwel, kan beweeg as Hy dit nie toelaat nie.

Dit laat ons as kerk anders na die wêreld kyk. Waar ons dikwels vrae het oor sinnelose geweld om ons. Waar daar soveel mense van die gemeenskap en gemeente laas Sondag alles probeer het om die plaasaanvallers hier naby te vang. Waar ons wonder waarheen ons land en die wêreld op pad is. Daar het ons die troos: Ons Hoof, ons Here Jesus Christus, regeer oor alles. Hy is besig om die wêreldgeskiedenis te stuur na sy eindpunt toe. Hy gebruik alles ten goede vir sy kerk. Hy gebruik selfs die moeilike dinge om ons nader aan Hom te trek en heilig te maak.

Wanneer jy nie weet watter kant toe nie, het jy as gelowige die troos: Jesus Christus regeer oor die heelal. Hy is almagtig. Hy gee alles wat ek nodig het.

Jesus is die Hoof van die kerk. Hy gee lewe. Hy gee groei. Hy bepaal rigting.

Die kerk is sy liggaam

Die Here leer ons verder in hierdie gedeelte dat ons die Here Jesus Christus se liggaam is. Die kerk is die liggaam van Christus, die Hoof. Hierdie is 'n eenvoudige en kragtige beeld wat gebruik word. 'n Liggaam is lewend – net so is ons as kerk lewend in ons verhouding met die Here.

Die liggaamsbeeld beklemtoon die eenheid wat ons as kerk het: Eenheid met ons Hoof, Jesus Christus. Daarom word God gedank vir die geloof van die Efesiërs in vers 15. Ons kan tog nie een met die Here wees sonder geloof in Hom nie. Maar ook eenheid met mekaar! Daarom word God gedank vir die Efesiërs se liefde vir al die gelowiges in vers 15.

Die Here maak dit duidelik dat ons Hom en mekaar nodig het. As sy liggaam kan ons nie sonder Jesus lewe hê en groei en volhard in die geloof nie. As deel van sy liggaam, kan ons nie sonder mekaar deur die lewe gaan nie.

Dink maar net hoe beskerm jou verskillende liggaamsdele mekaar. Dink maar net wat gebeur as jy jou vinger met 'n hamer raakslaan. Jy gryp jou hand vas en trek hom nader na jou toe, om die deel wat seergekry het te beskerm. Of as jy jou been seergemaak het. Dan plaas jy jou gewig op jou ander been om die been wat seergekry het, te beskerm. As een lid van die liggaam seer het, ly die res saam.

Dit is waarvoor die Here ons vir mekaar gee in sy liggaam! Om daar te wees vir mekaar, om mekaar te beskerm, om mekaar te troos wanneer daar seerkry is.

Nie om te kyk wie is belangriker nie. Ook nie om te kyk wie kan sonder die res van die liggaam klaarkom nie. Wat gebeur wanneer jy jou vinger afsny en van jou liggaam af weggooi? Daar is 'n kort rukkie wat jou vinger weer vasgewerk kan word, daarna kan selfs nie die beste dokter jou vinger red nie. Waarom wil sommige dan glo dat hulle sonder die Here se kerk kan klaarkom?

Verder is niemand belangriker as ander in die Here se liggaam nie. Ons almal staan gelyk voor God. En as daar een van die liggaamsdele is wat nie hier is nie of wat nie doen wat die Here sê nie, dan ly ons as liggaam gebrek!

Die kerk is baie kosbaar vir die Here. Hy het ons duur gekoop met sy bloed. In vers 23 word sy kerk, sy liggaam “die volheid van Hom wat alles in almal vervul”, genoem. Die kerk is sy volheid – dit is deur en in sy kerk wat Hy wys dat Hy regeer. Dit is deur en in sy kerk wat Hy hoop vir die wêreld bring.

Ons, sy kerk, is die instrument wat Hy in die wêreld gebruik: nie net deur ons verkondiging aan ander nie – God werk geloof deur die verkondiging – maar ook deur die manier hoe ons in die wêreld lewe. Die manier hoe ons ware liefde aan mense betoon, mense ondersteun en daar is vir hulle, sonder om iets terug te verwag! Die manier hoe ons heilig lewe in 'n sondige wêreld wat dan wys dat ons deur die Here se genade verander is.

Hierdie ander manier van doen laat mense vra: Hoe is dit moontlik dat hierdie persoon dinge anders hanteer? Hierdie ander manier gee ons die geleentheid om mense van ons Here Jesus, die Koning van die heelal te vertel.

Ons is kosbaar vir die Here. Ons is sy liggaam. As ons so kosbaar vir Hom is en as Hy soveel vir ons omgee en as Hy alles gee wat ons nodig het, kan ons tog nie die kerk as nikswerd afmaak nie. Kan ons tog nie dink dat ons mekaar nie nodig het nie. Kan ons tog nie maak asof die erediens maar net opsioneel is nie!

Omdat ons sy liggaam is, besef ons dat ons mekaar nodig het. Is ons lief vir mekaar. God word hier gedank vir die Efesiërs se liefde vir ALLE gelowiges. So beklemtoon God dat ware liefde nie gaan oor wat jy kan kry nie, maar oor wat jy gee. Ware liefde beteken om op te offer. Soos ons Here Jesus Homself gegee het. As liggaam word ons geroep om lief te wees vir mekaar. Nie net vir die mense wat jy baie goed ken of die mense wat soos jy is of die mense waarvan jy hou nie. Maar ALLE gelowiges. En ons kan dit slegs doen wanneer ons besef hoe kosbaar ons elkeen vir die Here is en dat ons mekaar nodig het.

Ons is Jesus Christus se liggaam. Dit beteken dat Hy lewe gee – ons kan nie sonder Hom nie. Dat Hy groei gee – Hy lei ons deur sy Gees om al hoe meer heilig te word. Dat Hy rigting gee – Hy leer ons in die Woord hoe ons behoort te lewe as sy liggaam.

As liggaam het ons alles wat ons nodig het, in ons Here Jesus Christus. Hy gee ons ook vir mekaar. Hy gee vir ons elkeen verskillende gawes en rolle in sy liggaam. En elkeen is nodig. Elkeen het betekenis. As jy nie tot eer van die Here in die liggaam lewe nie, is daar gebrek. As jy weet van iemand wat dink hy of sy het nie die res van die liggaam nodig nie – gaan soek hulle op!

Deur ons sy liggaam te noem, maak die Here dit duidelik dat ons een is met Hom en een is met mekaar. Daarin is groot troos: Die Here gee ons in mekaar se lewens om vir mekaar te sorg en te beskerm. Daarin is daar ook 'n opdrag: Wees deel van die liggaam!

God gee alles wat die liggaam nodig het

Nie net word God in hierdie gebed gedank en word ons geleer dat ons Jesus se liggaam en Hy ons Hoof is nie, God word ook gevra om ons te

lei om te besef dat Hy vir ons alles gee wat ons nodig het om kerk te wees en om deur die lewe te gaan.

God word gevra om ons deur die Gees van wysheid en openbaring te lei om Hom werklik te ken. Die Gees word die Gees van wysheid en openbaring genoem, omdat ons sonder sy werking nie God se Woord kan verstaan nie en omdat ons sonder sy werking nie ware wysheid kan hê nie. Paulus vra God om die Efesiërs te lei deur die Gees om Hom werklik te ken. Die woord wat met ken vertaal is, beteken in die oorspronklike taal om ware kennis van iemand in 'n persoonlike verhouding te hê.

Om God te ken, is nie soos ons wat sal sê: Ek ken iemand, maar dan het ons eintlik nog net van hulle gehoor nie. Om God te ken, beteken om te weet Wie Hy is en wat Hy doen en om in 'n verhouding met Hom te lewe waarin jy jou liefde vir Hom wys.

Om God te ken, is slegs moontlik deur Jesus Christus. Dit is slegs moontlik omdat Hy ons met God versoen het. Dit is slegs moontlik wanneer die Heilige Gees jou lei.

Verder word gevra dat God die gelowiges se geestesoë sal verhelder. In die oorspronklike taal word daar van die oë van ons harte gepraat. Wanneer God oor ons harte praat, praat Hy nie net van oppervlakkige emosies nie, maar van ons diepste binneste. Daar waar ons emosies en ons wil en ons gedagtes is. Hy word gevra om die oë van ons harte te verhelder om die seëninge wat ons in Christus het, raak te sien.

Hy word gevra om dit te verhelder, want die oë van ons harte word dikwels dof weens die seerkry en uitdagings in die lewe. Hulle word dikwels dof omdat ons in die hier en nou vaskyk. Hulle word dikwels dof omdat ons probeer om los van ons Hoof te lewe.

God word gevra om die oë van ons harte te verhelder sodat ons kan besef dat ons hoop en rykdom het en dat God kragtig in ons werk. Ons hoef nie na allerhande dinge te gaan soek nie – God gee dit reeds – ons moet dit net sien!

Ek weet nie van julle nie, maar ek kan glad nie soek nie. Dikwels wil ons so alle soekende deur die lewe gaan terwyl ons dink God se seëninge hang van ons af in die geloof. Nou maak God dit duidelik: Ons hoef nie

die seëninge wat Hy gee te soek nie – ons moet dit net raaksien! Hy het alles reeds gegee!

Hy gee vir ons hoop in sy roeping: Wanneer Hy jou gekies en geroep het om aan Hom te behoort, gee dit vir jou hoop. Die vaste sekerheid dat jy altyd aan Hom behoort. Wanneer jy nie weet watter kant toe nie, het jy ware hoop – jy behoort ewig aan God. Niks sal jou ooit van sy liefde skei nie.

Hy gee vir ons ware rykdom in ons erfenis – Ons word in Christus geseën met al die seëninge van die hemel – God se genade, sorg, voorsienigheid, troos, die ewige lewe, noem maar op. Dit gaan alles volkome wees wanneer ons Here Jesus weer kom.

Hy werk kragtig in ons – Ons kan soms so hulpeloos voel wanneer ons teen die sonde stry of wanneer ons probeer vasstaan in beproewings. Nou herinner God ons dat Hy kragtig in ons werk. Hy werk nie halfpad in ons nie, maar kragtig. Vers 19 kan letterlik vertaal word met die volgende woorde: “Die onmeetbare grootheid van sy krag volgens die werking van sy magtige mag.” Verskillende woorde met naastenby dieselfde betekenis, saam met woorde in die oortreffende trap word gebruik om te beskryf hoe groot God se krag is. Woorde skiet tekort om die grootheid van God se krag te beskryf.

Dieselfde krag waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het en aan sy regterhand laat sit het as die Koning oor die heelal. Dit is met hierdie krag wat Hy in ons werk! Ons is nie hulpeloos nie! God werk kragtig in ons! Ons moet ook nie dink ons kan op ons eie staan nie – ons kan nie sonder God se krag nie.

Mag God die oë van ons harte verhelder dat ons kan sien dat Hy vir ons alles gee wat ons nodig het. Mag ons sien dat ons hoop het – daarom kan ons vasstaan en volhard in die geloof. Mag ons sien dat ons ware rykdom het wat ewig duur – daarom kan ons vashou aan God se beloftes en nie rykdom op ander plekke probeer soek nie. Mag ons sien dat God kragtig in ons werk – daarom kan ons stry teen die sonde en ons roeping getrou uitleef.

Efesiërs 1:15-23 is ‘n gebed waarin God gedank word vir ware geloof wat altyd oorgaan in liefde vir alle gelowiges. ‘n Gebed waarin beklemtoon word dat Jesus Christus die Hoof van sy kerk en die Koning van die heelal

is. 'n Gebed waarin beklemtoon word dat die kerk Jesus se liggaam is en dat ons daarom waarlik een is met Hom en met mekaar. 'n Gebed waarin God gevra word om dit vir ons duidelik te maak dat Hy vir ons alles gee wat ons nodig het.

Mag ons geken word vir ons geloof en ons liefde vir alle gelowiges. Mag ons met vreugde as Jesus se liggaam met Hom as ons Hoof lewe. Mag die oë van ons harte verhelder word om te sien dat God vir ons alles gee wat ons nodig het: Ware hoop en rykdom en dat Hy kragtig in ons werk.

Ons Here Jesus is ons Hoof en ons is sy liggaam. Dit is wie ons is.

3. Uit genade, deur geloof: Redding is 'n geskenk van God

Efesiërs 2:1-10

“Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ‘n gawe van God.” Efesiërs 2:8

Wat moet mens doen om gered te word? Vra bietjie die vraag vir jouself en vir ander mense. Luister mooi na die antwoorde. Baie mense sal sê: Ek moet goed lewe sodat ek gered kan word. Ek moet net my bes probeer, dan sal die Here my hart raaksien en my red.

Ander sal dalk sê: God doen 'n bietjie en ek doen die res. Of: Ek doen 'n bietjie en God doen die res.

Ander sal sê: God kom na my toe, maar dit hang van my af of ek daarop gaan reageer. Dalk het jy al die beeld gehoor wat mense gebruik: Die Here klop aan die deur van jou hart en jy moet net die deur oopmaak. Of: God staan reg om jou te red, Hy wag net dat jy iets doen.

So het ons baie idees van hoe ons gered kan word. En agter meeste van hierdie idees, sit die gedagte dat die mens nie eintlik so sleg is nie en net bietjie hulp van God af nodig het. Hier in Efesiërs 2 maak die Here dit baie duidelik vir ons dat redding 'n geskenk van Hom af is. Dat dit uit genade en deur geloof is. Jy kan niks doen om jouself te red nie. Sonder die Here, is jy geestelik dood in die sonde.

God red mense wat dood in die sonde is. Op hierdie manier wys Hy hoe groot sy genade is.

Dood in die sonde

Hierdie deel begin by die verskriklike toestand van die mens wat sonder die Here is. Hierdie eerste drie verse is seker die duidelikste uitdrukking van die mens sonder die Here in die hele Bybel. Jy is dood. Jy lewe onder die mag van die duiwel. Jy dink dalk jy is vry, maar jy loop in alles agter jou begeertes aan. Jy verdien God se straf.

Ons hou niks daarvan om dit te hoor nie. Want ons dink dikwels dat ons nie te sleg is nie. Dat ons dalk bietjie hulp nodig het, maar dat ons self in beheer is. Ons is dalk bietjie siek, maar ons is ver van dood af.

Dit is nie net sommige mense wat dood in die sonde sonder die Here is nie, dit is alle mense. Daarom sê Paulus in vers 1: “Julle was dood” en in vers 3: “So het ons trouens vroeër ook almal gelewe.” “Julle” verwys na die gelowiges in Efese, mense uit die heidendom wat tot geloof gekom het. “Ons” verwys na Paulus-hulle wat Jode was. So maak God dit baie duidelik dat nie-Jode en Jode, almal dood in die sonde is. Die nie-Jode was mense wat ver van die Here af gelewe het en die Jode het geglo hulle lewe naby aan Hom deur allerhande wette te probeer gehoorsaam. Die Here maak dit duidelik: Alle mense, of jy nou super-godsdienstig of glad nie godsdienstig is nie, is dood in die sonde.

Waarom maak die Here dit duidelik vir ons? Omdat ons nie die grootheid van sy genade besef as ons nie besef in wat ‘n groot gemors ons sonder Hom is nie. Ons gaan nie besef dat ons redding nodig het en hoe wonderbaarlik redding is, as ons dink dat ons nie redding nodig het nie. God openbaar die toestand van die mens sonder Hom, sodat ons kan besef hoe groot sy liefde en genade is.

Hy begin by dit wat ons reeds genoem het: Die mens is dood in die sonde. Ons kan niks doen om onself te red nie. So min soos ‘n lyk kan opstaan en self na ‘n dokter toe loop, so min kan ons onself red. Ons kan niks positief bydra tot ons redding nie. Al wat ons bydra is die oortredings en sonde wat dit noodsaak.

Oortredings in vers 1 beteken om te gly of om te val of om die verkeerde rigting in te slaan. Om God se wet te oortree.

Sonde beteken om vir God te sê: Ek weet beter. Sonde is vyandskap met God. Dit is om nie aan God se standaard te voldoen nie. Die woord wat met sonde vertaal is, beteken om jou doel te mis. Dink aan iemand wat vir ‘n teiken mik en daardie teiken mis skiet. Of aan iemand wat golf speel en vir die putjie mik, maar die bal in die sand of water slaan. Sonde is om die doel waarvoor God jou gemaak het, te mis.

Ons is van nature dood in die sonde. Dit is die toestand van elke liewe mens, selfs die kleinste babatjie. Dit is die gevolg van die sondeval. Dit is jou identiteit sonder die Here.

Wanneer jy dood in die sonde is, lewe jy soos die wêreld. Soek jy in alles jou eie voordeel en kyk jy hoe jy dinge die lekkerste vir jouself kan maak. Jy dink dalk jy is vry, maar jy lewe onder die heerskappy van die duiwel. Jy dink dalk jy maak jou eie keuses, maar jy word regeer deur jy drifte en drange.

God stel dit baie sterk in vers 3. Letterlik staan daar: “Ons was van nature kinders van die toorn.” Van nature het ons God se toorn – sy heilige woede en straf oor die sonde – verdien.

Dit is wie die mens is. Dood in die sonde. Dit wat God hier sê, trek ‘n streep deur die idee dat jy iets kan doen om jouself te red, of dat jy enigiets saam met God doen om jouself te red. Elke mens is geestelik dood en kan niks daaraan doen nie.

Redding is ‘n geskenk van God af

MAAR. GOD. Dit moet die mooiste twee woorde in die Bybel wees! Die mens is dood in die sonde en verdien God se straf. MAAR. GOD. Wat die mens nie kan doen nie, doen God vir die wat Hy vir Homself gekies het.

Wat is sy motivering? Hy is ryk in barmhartigheid. Barmhartigheid beteken om iemand se nood raak te sien en iets daaraan te doen. Hy het ons lief. Die grootheid van sy liefde word in vers 4 en 5 beklemtoon. In die oorspronklike taal staan daar: Sy buitengewoon groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het. God se motivering is sy groot liefde en barmhartigheid.

Daarom is vers 8 ‘n uitroep van dankbaarheid: “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ‘n gawe van God.”

Julle IS gered. Die vorm waarin hierdie woord in die oorspronklike taal staan, beteken dat dit iets is wat gebeur het en afgehandel is. Julle is gered. Jy kan niks by dit doen wat God reeds in Jesus Christus gedoen het nie. Verder beteken dit dat dit iets is waarvan die gevolge tot in ewigheid strek: Ons is gered en niks of niemand kan dit ooit verander nie. Jy kan nie jou redding verloor nie.

Ons is uit genade gered. God gee vir ons die teenoorgestelde van wat ons verdien. Ons verdien God se straf, maar ons kry lewe in Jesus Christus. “In Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die

dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.” God gee lewe uit die dood in Jesus Christus. En Hy het ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.

Omdat ons Here Jesus Christus in die hemel is, weet ons dat ons ook daar hoort. Dat ons ewig by God gaan wees. Verder wys dit vir ons hoe groot Jesus Christus se reddingswerk en God se liefde is: God sien ons deur ons Here Jesus Christus. Hy sien ons asof ons reeds by Hom is.

Ons is deur geloof gered. Beteken dit dat ons redding van ons afhang? Dat God alles doen en dat ons iets van ons kant af doen? Nee, ook geloof is 'n geskenk van God af! Geloof is die arms wat die Heilige Gees ons gee om die geskenk van redding te vat en ons eie te maak. Die geskenk – redding – en die ontvang van die geskenk – geloof – kom van God af.

Hierdie redding, hierdie lewe uit die dood in Jesus Christus, is nie iets wat uit jouself kom nie. Jy word nie gered omdat jy van 'n sekere volk is nie. Die Jode word nie gered omdat hulle Jode is nie. Net so word Afrikaners ook nie gered omdat hulle Afrikaners is nie. Ongelukkig steek die idee dat die Afrikaner die ware Israel is deesdae weer oral kop uit. Jou volk of taal of kultuur of kleur red jou nie.

Verder is redding nie iets wat uit eie verdienste kom nie. Jy kan niks doen om jouself te red of om redding te verdien nie. Al probeer jy en werk jouself mordsdood daaraan, kan jy niks tot jou redding bydra nie, behalwe die sonde wat dit nodig maak. Daarom het mense wat deur God gered is, sy kerk, geen rede om trots te wees op onself nie. Daarom is daar nie ruimte in 'n gelowige se lewe om te dink jy is beter as ander mense nie. Al verskil tussen jou en mense wat nie glo nie, is God se genade.

Net God kan mens van die dood van die sonde red. Hy doen dit in Jesus Christus. Dit is 'n groot geskenk wat God in sy genade gee. Al wat jy kan doen, is om daardie geskenk met die arms van geloof te vat – wat God ook vir jou gegee het.

Moet ook nie dink jou redding gaan in die eerste plek oor jou nie. Dit gaan oor God. Hy red mense om sy grootheid te wys. Hy red mense tot sy eie eer, daarom staan daar in vers 7: “Sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.”

God red mense om te wys hoe groot sy genade is. God red mense om te wys dat daar net in Jesus redding is. Daar is geen ander manier wat jy gered kan word nie. Dit gaan ook nie verander nie, daarom sê God hier: Ook in die tye wat kom.

God red nie mense sodat ons kan dink ons is belangrik en alles draai om ons nie. God red mense om te wys dat Hy Almagtig en genadig is en dat Hy baie lief vir ons is. So lief dat Hy vir ons die teenoorgestelde gee van wat ons verdien.

Gered om 'n lewe van goeie dade te leef

God red mense sodat hulle in 'n verhouding met Hom kan lewe. Ons kan maklik dink wanneer ons dade niks tot ons redding bydra nie, dat ons dade, ons manier van lewe, nie belangrik is nie.

Maar God red ons sodat ons in 'n verhouding met Hom tot sy eer kan lewe. Sodat ons sy heilige en onberispelike kinders van wees. Daarom herskep God ons in Jesus Christus. Hy gee nuwe lewe en lei ons om daardie lewe te leef. In vers 10 staan daar: "God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

Ons goeie dade is nie onbelangrik nie. Ons word nie deur goeie dade gered nie, ons word daartoe gered. Ons word nie deur goeie dade gered nie, maar ook nie sonder goeie dade nie.

God het ons gered sodat ons in 'n verhouding met Hom kan lewe tot sy eer. Sodat ons – soos dit in die oorspronklike taal staan – in die goeie dade kan wandel.

Om te wandel of om te loop is 'n beeld wat God op 'n paar plekke in die Bybel gebruik vir ons manier van lewe. Om in iets te wandel beteken om jou aandag daarop te fokus en dit te doen. Wanneer jy gered is, is goeie dade waarvoor jou lewe gaan! Dit is ook nie goeie dade wat van jouself af kom nie, maar goeie dade wat God reeds voorberei het. Nie eers die dade wat ons doen wanneer ons glo, kom van onself af nie.

Beteken dit dat God ons robotte maak wat deur Hom beheer word? Beteken dit dat Hy elke liewe stappie van jou lewe beheer en dat jy geen keuse het nie? Nee. Hy het die goeie dade voorberei. Hy het dit in plek

gesit sodat dit gedoen kan word. Hy het die goeie dae voorberei, maar ons moet dit steeds doen! Ons is nie robotte nie, maar God se kinders.

God het alles gedoen om ons te red en Hy gee alles wat ons nodig het om as sy kinders tot sy eer te lewe, maar ons het steeds die verantwoordelikheid om so te lewe. Om die dae te doen wat Hy voorberei het.

Waarom doen ons goeie dae? Ons bely die volgende in die Heidelbergse Kategismus Sondag 32:

“Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.”

Ons doen goeie dae om:

- Vir God te wys dat ons dankbaar is vir die redding wat Hy vir ons in Christus gegee het.
- Op hierdie manier aan God al die eer te gee.
- Sekerheid uit die vrug van ons geloof te kry. Wanneer ons goeie dae doen, dan is dit vir ons ‘n bewys dat ons ware geloof het. Sonder goeie dae is jou geloof dood, net soos ‘n liggaam wat nie asemhaal nie, dood is. Ons goeie dae gee ons die sekerheid dat ons waarlik gered is en dat ons ewig aan God behoort.
- Ons naaste vir Christus te kan wen. Wanneer ons ons geloof uitleef, gaan ons lewens anders lyk as mense s’n wat nie glo nie. Sommige mense gaan daardeur aangetrek word omdat hulle kan sien dat ons nie vir onself lewe nie. Omdat hulle kan sien dat ons hoop het. Omdat hulle sien dat daar iets is wat maak dat ons die moeilike dinge wat met ons gebeur, kan hanteer. Op hierdie manier skep God vir ons die geleentheid om die Evangelie te verkondig.

Wat is goeie dae? Dit is om volgens God se Woord te leef. Dit is om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself. Dit gaan oor die manier hoe jy die mense om jou dien: Jou man, jou vrou, jou ouers, jou kinders, jou kleinkinders. Dit gaan oor die manier hoe jy jou werk doen: Nie halfpad

nie, maar voluit vir die Here. Nie met kort paaie en bedenklige praktyke nie, maar opreg en eerbaar. Dit gaan oor jou fokus: Is jy op God en sy koninkryk gefokus en doen jy dinge om Hom te dien?

Om in die goeie daade wat God voorberei het te wandel, beteken om te lewe soos Hy in sy Woord sê. Hy lei ons deur sy Gees daarin.

God gee vir ons lewe uit die dood, sodat ons in 'n verhouding met Hom kan lewe. Hy red ons sodat ons die goeie daade kan doen wat Hy vir ons voorberei het. Hy red ons sodat ons heilig en onberispelik voor Hom kan wees.

Waar ons so graag glo dat ons iets kan doen om gered te word, herinner die Here ons dat ons niks kan doen om onself te red nie. Sonder Hom is ons dood in die sonde. Iemand wat dood is kan tog nie hulself lewend maak nie. God wys sy groot liefde deur ons in Jesus Christus te red. Dit is uit genade, want ons kry die teenoorgestelde van wat ons verdien. Dit is deur geloof. Ons maak dit ons eie deur die geloof wat God ons gee.

God red mense om sy groot genade te wys. Hy red mense tot sy eer. Mag ons elkeen beseft hoe groot sy genade is. Mag ons elkeen beseft dat daar net in Jesus Christus lewe is. Mag ons elkeen God verheerlik deur die goeie daade te doen wat Hy vir ons voorberei het.

Ons is uit genade, deur geloof gered. Dit kom nie uit onself nie, dit is 'n geskenk van God.

4. Ons is een in Jesus Christus en lede van God se huisgesin

Efesiërs 2:11-22

“Christus is ons vrede, Hy wat die twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ‘n muur skeiding gemaak het.” Efesiërs 2:14

Hoe lyk jou gesin? Het jy 'n gesin? Naby mense met wie jy die op en die af van die lewe deel? Van ons het nie gesinne nie en gaan in 'n groot mate alleen deur die lewe. Van ons wat gesinne het, se gesinne het gate in: Dalk iemand wat oorlede is, dalk 'n miskraam, dalk iemand wat net die pad gevat het, dalk 'n seer egskeiding, dalk ernstige siekte, noem maar op. Nie een gesin is volmaak nie.

Buiten die feit dat sommige mense nie gesinne het nie en dat daar gate in ons gesinne is, is daar altyd uitdagings in gesinne. Persoonlikhede wat bots, verskillende planne en idees wat bymekaar kom, krapperigheid oor hierdie of daardie, en so kan ons die lys vol maak. Gesinne bestaan uit mense wat verskillend is.

Die Here leer ons in Efesiërs 2 dat Hy ons deel van God se huisgesin maak. So gee Hy vir ons troos: Ons hoef nie alleen deur die lewe te gaan nie! So gee Hy vir ons 'n opdrag: Lewe as God se huisgesin.

As ons mooi daaraan dink, is dit wat in die Here se kerk gebeur, iets wat jy nêrens anders kry nie. Mense met verskillende persoonlikhede en verskillende voorkeure, mense van verskillende agtergronde en maniere van doen, wat saam in een gemeente is. Dan praat ons nog nie eers van die Here se kerk oor die wêreld nie! Verskillende mense van verskillende lande, met verskillende tale en verskillende kulture, mense wat anders as mekaar lyk en dink, wat deel is van een kerk! Wat in dieselfde Here glo!

Die Here Jesus Christus gee ware vrede en maak mense een met Hom en met mekaar in sy kerk. Selfs mense wat voorheen vyande was, soos die Jode en nie-Jode. Hy maak mense wat heeltemal anders as mekaar is nie net vriende nie, maar lede van God se huisgesin.

Jesus Christus is ons vrede met God

Die oomblik wat mens oor ware eenheid en vrede praat, moet mens beseef dat dit in die eerste plek oor vrede met God gaan. Die kerk is tog God se huisgesin en hoe kan jy deel van sy huisgesin wees as daar nie vrede met Hom is nie? Al hoe ons as gelowiges met ander gelowiges wat anders is kan saamlewe, is wanneer ons beseef dat ons vrede met God het. Ons is met God versoen.

Dit is altyd goed om herinner te word waaruit ons gered is en waarom versoening met God nodig is. Daarom begin hierdie gedeelte met woorde aan gelowiges wat uit 'n heidense agtergrond kom. Die Efesiërs was nie-Jode wat tot bekering gekom het. Mense soos ons.

“Hou dan in gedagte wat julle vroeër was.” Julle was morsdood in die sonde. Julle was onbesnede – julle was nie deel van Israel, die volk wat God vir Hom in die Ou Testament gekies het nie. Julle was sonder Christus – so versoening met God was onmoontlik.

Julle was uitgesluit uit die burgerskap van Israel – weereens, julle was nie deel van die volk nie. Julle was ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang – julle het nie geweet dat God se verbond oor meer as een volk gaan nie. Julle het nie geweet dat Hy vir Israel geseën het om tot seën vir ander volke te wees nie. Julle was ver van God af. Julle was dood in die sonde. Julle was sonder God. Julle was sonder hoop.

Elke mens wat nie in die Here glo nie, is sonder hoop en sonder God. Dood in die sonde, soos ons laas in Efesiërs 2:1-10 gesien het. Die natuurlike mens wil dit nie hoor nie. Daarom skop soveel mense teen die Evangelie. Ons wil nie hoor dat ons dood in die sonde is nie, want ons dink ons is nie te sleg nie.

In sy genade het die Here Jesus Christus gekom om ons met God te versoen. Hy IS ons vrede. Hy gee nie net vrede nie, Hy IS ons vrede. Een-wees met Hom lei tot een-wees met ander gelowiges.

Dit is Hy wat ons met die almagtige, regverdige, alomteenwoordige God versoen het. Waar ons sonde die verhouding vernietig het, kom bring Jesus herstel en genesing. Hy is ons vrede. Hy Self.

Hy het as die volkome, finale, genoegsame offer gekom. Hy het deur sy lewe en sterwe die wet vervul. Hy het die vyandskap tussen God en mens aan die kruis vernietig.

Mense wat in Jesus Christus glo, mense wat deur Hom gered is, is nou naby aan God. Nie meer ver nie. Nie meer sy vyande nie. Maar deel van sy huisgesin. Jy kan nie nader aan God kom as dit nie! Omdat jy deel is van God se Huisgesin, omdat God jou Vader is, het jy die troos dat Hy altyd vir jou sal sorg.

Ware vrede is vrede met God. Vrede wat net Jesus Christus bewerk. Hy is ons vrede. Sonder hierdie vrede sou die kerk nie een kon wees nie. Sonder Hom sou die kerk nie 'n verhouding met God of mekaar kon hê nie.

Jesus Christus is ons vrede met mekaar

Jesus Christus bring versoening met God. Hy maak ons deel van sy huisgesin. Hy bring ware versoening en vrede tussen mense ook.

In vers 14 verwys die Here na twee groepe en gebruik die woord "vyandskap" om hul vorige verhouding met mekaar te beskryf. Die woord wat met vyandskap vertaal is, beteken in die oorspronklike taal "n toestand van diepe haat en teenstand".

Die twee groepe waarna verwys word, is gelowiges uit 'n Joodse agtergrond en gelowiges uit 'n nie-Joodse/heidense agtergrond. Jesus maak dit baie duidelik dat Hy die skeidingsmuur, dit wat gemaak het dat die twee groepe nie by mekaar kon uitkom of kon saamlewe nie, in sy liggaam vernietig het. Aan die kruis het Hy versoening met God en versoening met God se mense bewerk.

Die muur tussen hierdie twee groepe is weggevat. Gelowiges is nou saam een nuwe mens, saam een liggaam, saam een huisgesin, saam die kerk van God.

Ons kan maklik dink dat dit vir hierdie twee groepe maklik was om saam as een kerk te lewe. Hulle was mos maar eintlik dieselfde. Almal het van dieselfde dinge gehou, dieselfde gelyk en dieselfde gepraat. Maar wat ons nie aldag besef nie, is hoe verskillend gelowiges uit 'n Joodse agtergrond en gelowiges uit 'n heidense agtergrond was.

Jode het hulself as spesiaal gesien. God het ons mos gekies. Ek is gered deur my ras. Hulle het daarom nie juis van ander volke gehou nie en het op hulle neergesien. Hulle idee van godsdiens was 'n klomp reëls en wette waarin jy jousef veilig kon hou en red.

Jona is vir ons 'n mooi voorbeeld van 'n tipiese Jood uit die Bybel uit. Hy het nie God se genade vir ander volke gegun nie. Toe hy uiteindelik God se wil aan 'n ander volk gaan verkondig en daardie volk kom tot bekering, was hy kwaad vir God. Hoe kan God genade aan mense wys wat nie Jode is nie?!

Die Grieke daarteenoor het weer geglo dat net hulle beskaafd is. Al die ander volke is barbare en nie op hulle vlak nie. Hulle het 'n klomp afgode gedien en baie het met die idee gelewe dat jy jousef kan red deur plesier en losbandigheid. Dan raak ons nog nie eers aan die feit dat hulle verskillende tale gepraat het, tien teen een van verskillende soorte kos gehou het, verskillende gelyk het, ens. nie. Hulle was vyande gewees. Mense wat glad nie dieselfde was nie! Toe hulle begin glo het, maak Jesus hulle iets heeltemal anders.

Mens sal dink omdat die teenoorgestelde van vyande vriende is, dat Jesus hulle vriende gemaak het. Maar Hy het hulle meer as dit gemaak, Hy het hulle 'n huisgesin gemaak. Vriende kan jy kies – jy sit met jou familie en huisgesin en jy moet dit maak werk.

Die vroeë kerk het geweldige uitdagings gehad. Uiteenlopende mense, verskillende mense van verskillende tale en kulture en agtergronde, wat een huisgesin geword het.

Ons lees iets hiervan in Handeling 6. Hier het die nie-Joodse gelowiges gekla dat hulle weduwees nie versorg word nie, maar dat die weduwees van die Joodse gelowiges versorg word. Die apostels kon nie alles behartig nie – hul roeping was Woordverkondiging en gebede - en het mans aangewys om te sorg dat almal versorg word.

Ons lees ook hiervan in Handeling 15. Die gemeentes het bymekaargekom om te besin oor wat van gelowiges verwag word. Van die Joodse gelowiges het verwag dat die nie-Joodse gelowiges ook besny moes word. Hulle moet dinge doen soos ons dit doen. Die gemeentes het toe saam met die Heilige Gees besluit dat dit nie nodig is nie.

Al hoe die vroeë kerk hul verskille kon oplos en kon saamleef, was deur die oog op Jesus Christus te hou. Al hoe hulle dit kon doen, was deur net aan Hom in die geloof vas te hou. Deur nie aan eie voorkeure en tradisies en idees vas te hou nie. Al hoe hulle dit kon doen was deur te besef dat die enigste maatstaf God se Woord is en nie hul eie persoonlike voorkeure nie.

Jesus Christus maak uiteenlopende mense deel van God se huisgesin. Nie net Jode en nie-Jode van daardie dae nie, maar mense wat vandag ook baie verskillend is! Of die verskil nou in 'n taal of kultuur of agtergrond of watter vlak ook al lê. Ons, sy kerk, is God se huisgesin.

Ons word geroep om as een huisgesin te lewe! Verskillende mense met verskillende voorkeure. Ek is nie beter as iemand anders omdat ek dalk 'n ander taal praat of 'n ander kleur is of ander gebruike of ander belangstellings of 'n ander opvoeding het nie. My identiteit is in Christus!

Dit beteken nie almal moet nou presies dieselfde wees en dieselfde taal praat en van dieselfde dinge hou nie. Dit beteken dat ons moet besef ons is deel van God se huisgesin en almal is nie dieselfde nie. Eenheid beteken nie dat ons almal dieselfde lyk nie.

Eenheid beteken dat ons weet ons is een huisgesin met mekaar en dat ons mekaar ruimte gee om in die lig van die Woord te lewe. Ons eenheid in Christus beteken dat ons nie hoef bang te wees vir verskeidenheid nie, maar dat ons dit kan vier! Ons is verskillend en dit is wonderlik!

Christus is ons vrede met God en ons vrede met mekaar. As ek in Hom glo, as ek deel van God se huisgesin is, is dit my identiteit. In Christus is die skeidingsmuur tussen gelowiges wat verskillend is, afgebreek.

Lewe as God se huisgesin en nie as vyande nie

Daarom word ons as die Here se kerk oor die hele aarde geroep om as huisgesin saam te lewe! Dit vra van ons om vir onself te sterf. Om mekaar selfopofferend lief te hê. Om nie ons eie gebruike of voorkeure tot wette te verhef nie, maar om in alles die oog op Jesus Christus te hou. Om nie mense te dwing om dinge op ons manier te doen nie, maar om aan die Woord alleen vas te hou.

Daar is net in Jesus Christus ware eenheid. Net in Hom kan daar eenheid in verskeidenheid wees. Die wêreld besef dit nie en probeer dit forseer. Maar dan bou mense net hul mure hoër.

Ons as kerk is God se huisgesin. Ons moet as sy huisgesin lewe. In 'n huisgesin is almal tog nie dieselfde nie. Boetie en sussie sit gereeld vas, maar dit word in liefde hanteer. As mens oor iets verskil, maak dit nie skielik dat jy nie meer deel van die gesin is nie. Jy sorteer dit uit.

Jesus Christus het die skeidingsmuur tussen ons en gelowiges wat anders as ons is, afgebreek. Daar is net een maatstaf waarvolgens ons moet lewe en dit is God se Woord. Ons mag nie die muur weer probeer opbou nie.

Dit is moeilik om saam met ander gelowiges wat anders is as een huisgesin te lewe. Die vroeë kerk het ook daarmee gesukkel. Dit vra selfopofferende liefde.

Dit begin by ons as gemeente. God het ons deel van sy huisgesin gemaak. Klomp uiteenlopende mense wat net deur die geloof in Christus saamgebring is. Klomp uiteenlopende mense wat selfs op twee verskillende plekke gewoonlik eredienste het, wat geroep word om as huisgesin selfopofferend lief te wees vir mekaar. Om as huisgesin te lewe, is nie opsioneel nie, ons kan nie anders nie! Die Here Jesus het ons nie vriende gemaak nie – Hy het ons deel van God se huisgesin gemaak!

Om as huisgesin saam te lewe, beteken om tyd saam te spandeer. Om mekaar te ken. Om daar te wees vir mekaar. Is dit hoe jy in die gemeente lewe? Of vat jy net wat jy kry en maak seker jy is so vinnig as moontlik na die erediens weer by die huis?

Om as huisgesin te lewe beteken om te besef dat God ons met mekaar versoen het. Dink bietjie aan jou verhouding met ander mense in die gemeente: Is daar dalk stryd of rusie of krupperigheid tussen jou en 'n ander lidmaat? Gaan sorteer dit uit, want God het ons met mekaar versoen. Moenie bitter teenoor mekaar deur die lewe gaan nie – ons is deel van dieselfde huisgesin!

Om as huisgesin saam te lewe beteken verder om te besef dat die Here jou deel van 'n spesifieke gemeente gemaak het en aan jou gawes gegee het om hier aan te wend.

Om as huisgesin te lewe beteken om te besef dat alles nie om jou draai nie en dat alles nie oor jou en jou voorkeure en gemak gaan nie. Alles gaan oor die Here.

In Christus is ons God se huisgesin. Ons is een met gelowiges van alle tale en kulture. Hoe wys ons dit? Openbaring 7:9 “Hierna het ek gesien, en kyk, daar was ‘n baie groot skare wat niemand kon tel nie. Hulle was afkomstig uit elke nasie en stam en volk en taal, en het voor die troon gestaan voor die Lam.” Hoe wys ons as kerk vandag reeds hierdie ewige toekoms wat ons het? Dit is moeilik, want jy moet jouself afvra: Wil ek soos my Here Jesus wees of wil ek soos Jona wees?

Jesus is tog die Hoeksteen van die kerk. Die Een waarvolgens die kerk gebou word. Die Een op Wie die kerk rus. Die Een wat sy kerk ondersteun. Jesus bepaal hoe dinge in sy kerk moet gaan. Dit is in Hom wat ons opgebou word in die geloof. Die leer van die apostels is die fondament en die apostels leer tog niks anders as dat Jesus die Verlosser en Koning is nie.

As sy Gees in ons werk, gaan ons die eenheid wat Hy gee, uitleef. Gaan ons die verskeidenheid wat Hy in sy kerk gee, vier. Dit is nie iets om voor bang te wees en dood te druk nie. Ons is verskillend en dit is mooi! Ons gaan besef dat Hy steeds besig is om sy kerk te bou. Hy voeg mense by sy kerk. Hy gebruik ons daarvoor. Gaan ons uit ons gemaksones klim en mense van Hom vertel? Mense wat dalk anders as ons dink? Dalk van ander dinge hou? Dalk anders as ons lyk? Dalk anders as ons praat?

Gaan ons die Goeie Nuus van Jesus Christus met ander mense deel sodat hulle dalk ook deel kan word van God se huisgesin en ervaar wat ons ervaar?

Om deel van God se huisgesin te wees, gee troos en vastigheid in die lewe. Ons hoef dinge nie alleen aan te pak nie. God gee vir ons mense om daar te wees wanneer dinge seer en moeilik is.

Jesus Christus is ons vrede. Ons is een in Jesus Christus. Ons is met God versoen en met ander gelowiges versoen. Jesus Christus het die muur tussen jou en gelowiges wat anders as jy is, afgebreek. Ons is een kerk. Ons is een huisgesin. Hoe lewe ons dit? Hoe lyk dit by ons?

Al hoe ons as huisgesin van God kan lewe, is deur vir onself te sterf en ons oë op Jesus te hou. Al hoe ons dit kan regkry is om persoonlike voorkeure eenkant te sit en mekaar waarlik lief te hê.

Ons is God se huisgesin. Mag ons besef wat 'n groot troos dit is: Die Here gee vir ons mense om die lewe mee te deel. Mense om daar te wees en te ondersteun en te vermaan wanneer dit nodig is.

Mag ons besef dat dit 'n opdrag vir ons elkeen inhou: Lewe as deel van God se huisgesin. Moenie op jouself fokus nie, maar wees lief vir God se huisgesin en dien God met vreugde saam.

5. *Ons het vrymoedigheid en toegang tot God in Christus*

Efesiërs 3:1-13

“In Wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroude deur die geloof in Hom.” Efesiërs 3:12 (OAV)

Wat is dit wat maak dat ons as gelowiges nie in ons seerkry en probleme vaskyk nie? Wat is dit wat maak dat Paulus, waar hy hier in die tronk sit, nie hooploos raak en dink dat geloof nie die moeite werd is nie? Hy kon maklik terugverlang het na dit wat hy voorheen gehad het: Voordat hy tot bekering gekom het, was hy ‘n man van aansien. Hy het mag gehad. Dit het ingehou dat hy gemaklik gelewe het. En nou sit hy in gevangenskap. Waar hy voorheen soldate rondgestuur het om gelowiges te vervolg, word hy nou deur ‘n soldaat bewaak. Waar hy vryheid gehad het om te doen wat hy wil en te gaan waar hy wil, kan hy nie meer nie.

Ons kan so maklik in ons omstandighede vaskyk en dink dat daar nie uitkoms en antwoorde is nie. Ons kan so maklik deur ons probleme gevange geneem word en net daarin vaskyk, dat ons moedeloos raak en hulpeloos voel. Ons kan so maklik dink dat daar nie ‘n manier is dat God enigsins iets met ons te doen wil hê nie.

Daarom het ons nodig om die troos van Efesiërs 3 te hoor. Dit wat gemaak het dat Paulus nie hooploos raak nie, is dit wat maak dat ons nie hooploos hoef te voel nie. Wat is dit? Dit is God se geheimenis. Iets wat eers onbekend was, maar wat nou duidelik bekend gemaak is. Hierdie geheimenis het inhoud, hierdie geheimenis word oorgedra en hierdie geheimenis gee troos. Hierdie geheimenis gaan oor die onmeetbare rykdom van Christus.

Die geheimenis se inhoud: Die Evangelie is vir mense van alle volke

Ons moet ons nie deur die woord “geheimenis” laat mislei nie. Dit beteken nie dat iets ‘n geheim is wat niemand van weet nie. In die oorspronklike taal verwys hierdie woord na iets wat voorheen geheim was, maar nou bekend is. Hierdie geheimenis is daarom nie iets wat nie geken kan word nie. Dit het inhoud. Baie mense maak vandag asof die Christelike geloof nie oor kennis gaan nie en nie inhoud het wat vasstaan nie. Dan verwater

hulle die geloof bloot na emosies toe. Jou geloof gaan oor wat jy voel, daarom soek hulle dan net 'n volgende ervaring of 'n volgende goed-voel-boodskap op.

Ons geloof het inhoud. Dit kan geken word. Dit rus nie op emosies nie, want emosies is soms bedrieglik. Ons kan maklik opgesweep word. Ons geloof gaan oor veel meer as net dit wat ons voel. Dit beteken nie dat emosie nie 'n plek het nie. Emosie het beslis 'n plek in ons verhouding met die Here. Emosie wat deur die inhoud van ons geloof, deur die inhoud van die Woord getrek word.

Wat is hierdie geheimenis se inhoud? Die Here sê in vers 6: “En dit is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het.” Dit is basies 'n herhaling en uitbreiding van dit wat die Here ons in Efesiërs 2:11-22 leer.

Iets wat herhaal moet word, sodat ons kan besef hoe groot dit is! God maak mense – ook mense wat nie Jode is nie, mense soos ons – mede-erfgename, lede van dieselfde liggaam en mededeelgenote van die belofte van die Evangelie.

Dit is alles net genade. Mense wat die dood verdien – word mede-erfgename, sy kinders, maak. Word deel van die liggaam van Christus maak. Kry deel aan die belofte van die Evangelie. God versoen mense met mekaar in Christus. Ook mense wat voorheen vyande was – soos die Jode en die nie-Jode.

Waarom word dit 'n geheimenis genoem? Want dit is iets wat voorheen nie so duidelik bekend was nie. Ja, in die Ou Testament het God profesieë gegee wat vooruit gewys het dat sy mense uit verskillende volke gaan kom. Dink byvoorbeeld aan God se belofte aan Abraham in Genesis 12:3: “In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.” Of aan God se woorde in Jesaja 49:6: “Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde bereik.”

Al was daar hierdie profesieë en vooruitwysings, het die volheid van God se woorde eers duidelik geword met Jesus Christus se koms en die

vestiging van die kerk in die Nuwe Testament. God se genade is nie net vir Jode nie, maar mense van alle volke wat in Jesus glo.

Mense van ander volke wat in Jesus glo, is heeltemal deel van God se volk. Hulle is nie tweederangse lede nie. Hulle is nie bloot toeskouers nie. Hulle is God se kinders, deel van Christus se liggaam en mededeelgenote aan God se beloftes.

God het vir Hom mense uit alle volke gekies, gered en gemerk. Hy het aan hulle lewe uit die dood gegee. Hy het hulle een gemaak met Jesus Christus en een gemaak met mekaar. Dit is die geheimenis! Dit onderstreep dat alles net genade is – dat ons niks kan verdien nie en dat God vir ons die teenoorgestelde gee van wat ons moet kry.

Dit is die enigste boodskap van redding. Dit is God se plan van die begin af gewees. Daarom staan daar in vers 11: “Soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring.”

Die geheimenis het inhoud. Ons geloof het inhoud. En daardie inhoud maak dit duidelik dat alles oor God se genade in Jesus Christus gaan.

Die geheimenis se oordrag: Geopenbaar deur die Gees en verkondig deur die kerk

Omdat dit die enigste boodskap van redding is, is dit iets wat oorgedra moet word. Dit is nie iets wat stilgehou kan word nie.

God het hierdie geheimenis deur sy Heilige Gees geopenbaar. Jy kan nie die Evangelie ken of verstaan of glo as die Heilige Gees dit nie aan jou openbaar nie. Die Here herinner ons daaraan in 2 Petrus 1:20-21: “Dit veral moet julle weet: Geen profesie in die Skrif kan op grond van eie uitleg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.”

Daarom is die Evangelie vir soveel mense snert. Want dit is nie aan hul geopenbaar nie. Ons kan nie God se Woord ken en glo sonder sy Gees se werking in ons nie.

Toe die Heilige Gees hierdie geheimenis aan die apostels geopenbaar het, is hulle gestuur om dit te verkondig. 'n Apostel was iemand wat deur die Here Jesus Self gestuur was om die Evangelie te verkondig.

Daarom het die Here vir Paulus ook gestuur om hierdie geheimenis aan die heiden nasies te verkondig.

Paulus herinner die Efesiërs dat hy nie uit sy eie optree nie. God het aan hom die opdrag gegee. Daarom noem hy homself 'n gevangene van Jesus Christus in vers 1. Mense het hom laat vang en hy word deur mense bewaak, maar hy noem homself 'n gevangene van Jesus Christus omdat Hy besef dat ook sy gevangenskap deur die Here gebruik word.

In vers 2 sê Paulus dat hy 'n opdrag van God ontvang het. Letterlik staan daar dat God hom 'n rentmeester gemaak het van God se genade. Op hierdie manier beklemtoon Paulus dat niks aan hom behoort nie en dat niks oor hom gaan nie, maar dat alles oor God en sy genade gaan.

Verder noem hy homself 'n dienaar van die Evangelie en die geringste van al die gelowiges. Hy sien homself as die geringste van al die gelowiges omdat hy besef dat alles net genade is. Dat hy niks voor God verdien nie. Hy noem homself die geringste omdat hy voordat hy tot bekering gekom het die Here en sy kerk vervolg het.

Ons elkeen behoort onself ook as die geringste te sien – die een wat die minste belangrik is. Nie omdat ons 'n swak selfbeeld het nie, maar omdat ons 'n sterk begrip het van God se genade. Ons verdien niks nie en Hy gee vir ons alles in Christus.

Die evangelie wat Paulus verkondig het, gaan oor die onpeilbare of onmeetbare rykdom van Christus. Mense kry deel daaraan wanneer hulle in Hom glo. Hierdie rykdom sluit al God se waarhede en seëninge in. Hierdie rykdom is eenvoudig Wie Jesus Christus is en wat Hy gee. Daarom sluit dit sy wysheid, sy goedheid, sy geduld, sy genade, sy liefde, sy Woord, noem maar op, in.

Die verkondiging van die geheimenis, die verkondiging van die Evangelie is nie iets wat by die Apostels gestop het nie. Die Here se kerk word ook geroep om te verkondig. In die kerk – om ons as gelowiges te vertrou en toe te rus om tot God se eer te lewe. Onthou, die Evangelie is nie net die begin van ons geloof en daarna het ons dit nie meer nodig nie. Ons het

die Evangelie elke dag van ons lewens nodig. Ons gaan nooit weg van die Evangelie af groei nie.

Die Evangelie word ook aan mense buite die kerk verkondig – sodat hulle die Evangelie kan hoor en die mense wat God daarvoor bestem het, tot bekering kan kom en kan glo en in al die rykdomme van Christus deel kan kry.

Verder gebruik God die kerk om sy onmeetbare groot wysheid te wys. Die kerk se grootste roeping is om God te verheerlik. God wys nie net aan ander mense sy wysheid deur sy kerk nie, maar ook aan die hemelwesens. Dit is 'n baie hoë siening wat God van die kerk het: Hy gebruik ons om te wys hoe groot Hy is en hoe wys Hy is – ook aan elke mag en gesag in die hemelruim.

Dink net hoe merkwaardig dit is: Hier waar ons as gemeente bymekaar is as mense wat deur God gekies, gered en gemerk is, hier waar ons bymekaar is as mense aan wie God lewe uit die dood gegee het, hier waar ons bymekaar is as verskillende mense wat mekaar in liefde ondersteun, hier waar ons elkeen met ons uitdagings en probleme sit en op die Here vertrou vir uitkoms, hier waar ons aan God al die eer gee deur tot sy eer te sing, hier waar ons besef dat alles net oor ons Here Jesus Christus gaan, maak God sy wysheid aan die wêreld en selfs aan die engele bekend.

As God hierdie hoë siening van die kerk het, as God die kerk gebruik om sy almag en genade aan almal duidelik te maak, kan ons tog nie die kerk as iets opsioneel sien nie. Kan ons tog nie 'n lae siening van die kerk hê nie. Kan ons tog nie maak asof ons nie nodig het om Sondag na Sondag as gemeente bymekaar te kom nie. Die kerk is nie 'n gebou nie. Die kerk is God se mense. Ons is die kerk.

God openbaar die geheimenis deur sy Gees en laat dit deur en in sy kerk verkondig word. Op hierdie manier word Hy verheerlik.

Die geheimenis se troos: In Christus het ons vrymoedigheid en toegang tot God

Nie net het die geheimenis inhoud en word dit geopenbaar en verkondig nie. Dit troos ons ook. Dit maak dat ons kan volhard in die geloof. Dit maak dat ons nie net vaskyk in ons seerkry en probleme nie, maar dat ons iets

meer raaksien. Dit maak dat ons hoop het. Dit maak dat ons getroos en versterk word deur God Self.

Luister weer na vers 12 in die Ou Vertaling: “In Wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertrouwe deur die geloof in Hom.” Ons het vrymoedigheid en toegang met vertrouwe tot God in Christus.

Vrymoedigheid beteken om nie bang te wees om enigiets te deel of te sê nie. Dit beteken om te deel wat werklik in jou hart aangaan. Dit beteken om nie bang te wees om na God te gaan nie. Om nie bang te wees om vir Hom te sê waarmee jy stoei nie. Om nie bang te wees om heeltemal oop voor Hom te staan nie.

Ons kan na God toe gaan, want ons het toegang tot Hom! Die woord wat met toegang vertaal is, is ‘n woord wat in aanbidding gebruik word. Dit herinner ons dat Jesus Christus die Weg na God toe is.

Dit herinner aan die voorhangsel wat in die tempel van die Jode gehang het. ‘n Dik en swaar gordyn wat die allerheiligste deel van die res van die tempel geskei het. Net die hoëpriester kon net een keer ‘n jaar net nadat hy vir homself en sy sonde geoffer het, in die allerheiligste ingaan. Daar waar God se teenwoordigheid was.

Wat het gebeur met Jesus se offerwerk aan die kruis? Die voorhangsel het middeldeur geskeur. Deur sy kruisdood het Jesus toegang tot God moontlik gemaak vir elkeen wat in Hom glo.

Verder word die woord wat met toegang vertaal is, gebruik om te verwys na toegang tot ‘n koning se troonkamer. Ons het toegang tot die troonkamer van die Almagtige!

Ons kan na die Almagtige God toe gaan en met Hom alles deel wat in ons lewens aan die gang is. Ons het vrymoedigheid, want Hy weet klaar alles en Hy wil hê ons moet dit met Hom deel. Hy gee die antwoorde en troos wat ons nodig het. Ons hoef nie bang te wees om na Hom te gaan nie. Ons hoef nie te dink dat ons oortredings maak dat Hy ons gaan verwerp nie, want Hy is altyd lief vir ons in Jesus Christus.

Soos ‘n kind sy ouers enige tyd van die nag wakker maak, al is dit net vir ‘n glas water, so kan ons met groot vrymoedigheid na ons hemelse Vader toe gaan.

Die toegang en vrymoedigheid wat ons het, is met vertroue. Nie vertroue in onself nie, maar vertroue in Jesus Christus. Vertroue dat Hy alles gedoen het wat nodig is om ons met God te versoen. Vertroue dat God altyd lief sal wees vir ons en altyd vir ons sal sorg. Vertroue dat Hy uitkoms en troos sal gee.

Ons kan so maklik dink dat ons self dinge in ons lewens moet uitsorteer. Ons kan so maklik dink dat God niks met ons te doen gaan wil hê as ons gestruikel en gesondig het nie. Ons kan so maklik dink dat ons ons seerkry en probleme van Hom af moet weghou. Ons kan so maklik dink dat ons niks werd is en nie die moeite werd is om na te luister nie. Ons kan so maklik soos mislukkings voel.

Nou gee God die troos: Ons het vrymoedigheid en toegang tot Hom. Ons kan enigiets met Hom deel. Hy gee rustigheid. Hy gee sekerheid. Hy sorg vir ons beter as wat enigiemand anders kan – want Hy is die Almagtige God. En Hy sal altyd vir ons sorg en ons nooit verwerp nie – want Hy is ons Vader in Jesus Christus.

Ons hoef nie in ons omstandighede vas te kyk nie. Ons hoef nie dinge alleen uit te sorteer nie. Ons kan na ons hemelse Vader met groot vrymoedigheid gaan.

Hierdie troos word mooi saamgevat in Hebreërs 10:19-23: “Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op ‘n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, laat ons tot God nader met ‘n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ‘n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy belooft het.”

Ons het vrymoedigheid en toegang tot die Almagtige Koning van die heelal. Die vraag is: Wat maak jy daarmee? Glo jy dit? Vers 12 maak dit duidelik dat dit iets is wat ons net in Jesus deur geloof in Hom het. Dit is al hoe jy hierdie troos het. Glo jy in Jesus Christus? Het jy ‘n verhouding met Hom?

As jy in Hom glo en ‘n verhouding met Hom het, lewe jy in daardie verhouding? Besef jy dat jy nie vasgevang hoef te wees deur jou seerkry

en uitdagings nie en gaan jy met vrymoedigheid na God toe omdat jy toegang tot Hom het? Of probeer jy jousef help en red? Besef jy hoe groot die genade is dat jy ewig aan God behoort? Of maak jy dit af as iets onbelangrik en maak nie plek vir God in jou lewe nie? Besef jy dat jy as gelowige in Jesus Christus se rykdom deel? Of probeer jy jousef ryk maak met ander dinge op aarde? Besef jy dat ons as kerk geroep is om God se heerlijkheid te wys? Of dink jy kerk-wees gaan oor jousef en wat jy kan kry?

Deur Jesus Christus het ons vrymoedigheid en toegang met vertroue tot God. Ons kan en moet enigiets met Hom deel. Hy sal ons nie verwerp nie. Hy sorg altyd vir ons.

Wat maak dat ons nie in ons seerkry en probleme vaskyk nie? Wat maak dat ons onself nie probeer red nie? Wat maak dat ons nie deur ons seerkry en probleme gevange geneem word nie? God se geheimenis wat Hy deur sy Gees openbaar en deur sy kerk laat verkondig: Ons is sy kinders, ons is een met Jesus Christus en ons deel in sy beloftes. Ons het vrymoedigheid en toegang tot God met vertroue. Hy sal ons nooit verwerp nie. Niks sal ons ooit van sy liefde skei nie.

Mag Hy ons elkeen lei om met vrymoedigheid en vertroue na Hom toe te gaan. Mag Hy ons elkeen lei om ons te verwonder oor die rykdom wat ons in Jesus Christus het. Mag Hy ons as sy kerk gebruik om sy heerlijkheid en wysheid aan die hele wêreld te wys. Mag Hy ons lei om te besef dat die Evangelie en kerk-wees nie oor onself gaan nie, maar oor God se eer.

Jy het toegang en vrymoedigheid om na die Almagtige God toe te gaan met alles wat in jou hart is. Hy sal jou nie verwerp nie, maar vertroos. Lewe met hierdie vrymoedigheid in jou verhouding met God en gee aan Hom al die eer.

6. Word vervul met die volheid van God en leeg van jouself

Efesiërs 3:14-21

“Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.” Efesiërs 3:19

Ek gaan self. Self. Hierdie is seker een van die eerste woorde wat meeste kinders leer. Ons het hierdie idee in ons koppe dat ons alles self kan regkry en dat ons nie hulp nodig het nie.

Dikwels is dit hoe ons geloof en ons stryd teen die sonde benader: Ek gaan self. Maar alles wat die Here ons tot op hierdie punt in Efesiërs geleer het, wys dat ons niks self kan doen nie! Hy het ons gekies, gered en gemerk. Hy het vir ons lewe uit die dood gegee. Hy het ons een met Jesus Christus en met mekaar gemaak. Hy gee ons vrymoedigheid en toegang tot Hom.

Nou skuif die fokus in die brief: Waar die eerste deel van die brief oor dit wat God doen gaan, die rykdom wat ons in Christus het, gaan die tweede deel oor hoe ons dit ons eie maak en daarmee lewe. Waar die eerste deel van die brief gaan oor wie ons in Christus is, gaan die tweede deel oor hoe ons as Christene lewe.

Wat help dit jou dat jy al die rykdom in die wêreld het, maar jy lewe asof jy arm is? Wat help dit jou dat die Almagtige God in sy groot genade alles vir jou gee wat jy nodig het, maar jy vat dit nie en maak dit nie jou eie nie?

Daarom is hierdie tweede gebed in Efesiërs. God word gevra om gelowiges te lei om met krag te lewe. Sodat gelowiges kan volhard in die geloof, hul roeping kan uitleef en kan vasstaan in die stryd teen die sonde.

Ook nadat ons gered is, is daar nie plek vir “Ek gaan dinge self hanteer” nie – ons het steeds vir God in alles nodig. Daarom het ons ook hierdie gebed nodig.

Wanneer ons vervul is met die volheid van God en leeg is van onself, lewe ons as die mense wat ons in Christus is.

Tot Wie gebid word

Waarom nog 'n gebed in die brief? Omdat ons nie self kan lewe nie. Omdat ons nie self teen die sonde kan stry nie. Ons probeer self. Maar ons struikel en val dikwels en word moedeloos.

Wanneer ons self dinge probeer regkry, is ons soos 'n miljoenêr wat lewe asof hy niks geld het nie, soos 'n wetenskaplike wat 'n deurbraak gemaak het wat die wêreld gaan verander, maar niks daarmee doen nie, soos 'n boer wat lande het wat reg staan om 'n rekord oes te lewer – maar wat die lande nie gaan oes nie. Net soos ons nie onself kan red nie, kan ons nie self as gelowiges lewe nie. Ons het God nodig!

Paulus kniel voor God in gebed. Die Jode het gewoonlik gestaan terwyl hulle bid, maar hier is Paulus op sy knieë. Omdat hy hom verwonder oor alles wat God doen. Die “Daarom” in vers 14 verwys na alles wat God doen wat tot op hierdie punt in die brief genoem is. Hy is ook op sy knieë omdat hy besef hoe afhanklik hy van God is. Net God kan gee wat ons as gelowiges nodig het.

God word hier die Vader genoem. Waar die Here ons vroeër in die brief leer dat ons, die kerk, sy huisgesin is, leer Hy ons hier dat Hy ons Vader is. Hy is ons Vader wat vir ons wil sorg.

Hy is die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in hemel en op aarde sy bestaan te danke het. Gemeenskap verwys hier na 'n familie-stamboom. Letterlik staan daar: Hy is die Vader van wie die hele familie in die hemele en op die aarde sy naam ontvang het. Hierdie verwys na al die gelowiges deur alle tye – hulle wat reeds by God is, hulle wat vandag lewe en hulle wat nog gebore moet word.

So beklemtoon God hoe sterk die eenheid tussen gelowiges in Christus is! Nie net strek hierdie eenheid oor kultuurgrense nie – soos die Here ons in Efesiërs 2 geleer het – maar hierdie eenheid strek oor die grense van tyd – Ons is een met gelowiges wat reeds by die Here is en met gelowiges wat nog gebore moet word!

Ons het ons naam by God ontvang. Dit beteken dat Hy ons geroep het. Die woord “kerk” beteken in die oorspronklike taal “hulle wat deur God uitgeroep is”. As ons sê dat ons kerk is, sê ons dat God ons uitgeroep het, ons naam gegee het, dat ons aan Hom behoort.

Verder word God gevra om uit die rykdom van sy heerlikheid vir ons krag te gee. Eintlik staan daar dat Hy VOLGENS die rykdom van sy heerlikheid vir ons gee. Wat is die verskil? As iemand wat baie ryk is, vir jou R10 gee, dan gee hy vir jou uit sy rykdom. Maar as hy vir jou R10 000 gee, gee hy vir jou volgens sy rykdom. So God word gevra om volgens sy rykdom te gee – om vir ons in oorvloed te gee wat ons nodig het.

Ons bid tot ons Vader wat vir ons wil sorg. Ons Vader wat ons op die naam geroep het. Ons Vader wat vir ons oorvloedig gee. Hy kan vir ons sorg! Hy is magtig om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, soos Hy ons in vers 20 leer. Hy kan onmeetbaar meer doen as wat ons bid of dink. Hy is Almagtig. Hy word nie deur ons gebede of ons gedagtes beperk nie.

Dikwels vra ons so min en dink ons so klein oor God. Maar Hy word nie daardeur beperk nie. Hy is in staat om onmeetbaar meer te doen as wat ons vra of dink. Hy het tog alles geskep deur te praat, Hy onderhou tog alles, Hy het ons tog uit die dood opgewek saam met Christus, daarom weet ons dat Hy vir ons kan sorg! Daar is niemand beter om vir ons te sorg as Hy nie!

Omdat Hy ons Vader is, weet ons dat Hy vir ons WIL sorg, en omdat Hy Almagtig is, weet ons dat Hy vir ons KAN sorg.

Dit is wat ons in Sondag 46 van die Heidelbergse Kategismus bely oor die bede “Ons Vader wat in die hemel is”. Dit wat ons bely, sê maar net die Woord na.

Hierdie gebed word gerig tot ons Almagtige Vader. Hy WIL en KAN vir ons sorg.

Waarvoor gebed word

Wanneer ons na die inhoud van die gebed in Efesiërs 3 kyk, kan dit in 2 bedes opgesom word.

Die eerste bede is dat gelowiges innerlik versterk word deur die Heilige Gees. Ons het hierdie versterking so nodig! Want ons is steeds in ‘n stryd gewikkel. ‘n Stryd teen die sonde, wat ook ‘n stryd teen die ou mens is

wat so lief vir die sonde is. Hierdie is 'n stryd wat ons glad nie self kan stry nie. Ons het die krag van die Heilige Gees nodig!

Die Heilige Gees werk kragtig in ons, sodat Christus deur die geloof in ons harte woon. Woon beteken nie om vinnig daar te wees of om onwelkom te voel nie. Woon beteken om gemaklik daar te lewe. Om tuis te wees. Dink aan hoe gemaklik jy na 'n lang dag in jou eie huis is en dalk op die bank neerval in die woonkamer.

Die eerste bede van hierdie gebed is dat die Heilige Gees kragtig in ons sal werk, sodat ons Here Jesus Christus in ons harte sal woon. Dat Hy gemaklik in ons harte sal wees. Dat daar nie dinge in ons harte sal wees waarvan Hy nie hou nie! God word hier gevra om ons heilig te maak. Om ons al hoe meer soos ons Here Jesus te maak. Om ons leeg te maak van ons sonde en onself.

Daarom herinner die Here ons ook hier aan wie ons is. Ons is gewortel en gegrondves in die liefde. In die oorspronklike taal is dit baie duidelik dat dit iets is wat reeds gedoen is – ons IS gewortel en gegrondves.

Om gewortel te wees, beteken om lewe en groei daaruit te kry. Om gegrondves te wees, beteken om op 'n goeie fondament gebou te wees. Ons het lewe en ons groei en ons is veilig en het sekuriteit, omdat ons in die liefde gewortel en gegrondves is.

Die liefde waarna verwys word, is God se liefde vir ons. Dit is nie 'n gevoel nie, maar 'n werkwoord. Hy het ons so lief dat Hy sy Seun gegee het – sodat ons lewe en groei in Hom kan hê en sodat ons veiligheid en sekuriteit in Hom kan hê. Omdat God sy liefde aan ons bewys het, weet ons dat ons altyd in Hom lewe het en dat ons nooit hoef te twyfel daarin dat ons ewig aan Hom behoort nie. Dit gee troos vir daardie kere wat ons struikel en val in ons stryd teen die sonde.

In die tweede bede word gevra dat ons as gelowiges Christus se liefde sal ken. In vers 18 en 19 staan: “Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.”

Om Christus se liefde te begryp beteken om te verstaan wat dit is en om daaraan vas te hou. Dit gaan daaroor om te verstaan dat Christus se liefde

wyd en ver en hoog en diep is. Dit verwys na die grootheid en volledigheid van sy liefde. Hierdie liefde gaan ons verstand te bowe. Ons kan nie ons koppe om dit kry nie. Sy liefde is iets wat Hy onverdiend aan ons bewys. Ons verdien oordeel en straf en dood en Hy gee vir ons vergewing en verlossing en lewe. Ons Koning het 'n Slaaf geword om ons te kom dien. Hy het Homself gegee vir mense wat dit nie verdien nie. Dit is hoe groot sy liefde is!

Wat beteken die woorde in vers 19: “Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan”? Hoe kan mens iets ken wat jou verstand te bowe gaan? Dit klink teenstellend, maar dit is nie. Dit beteken om te weet dat sy liefde baie groter is as wat ons ooit kan dink.

Liefde en kennis staan nie teenoor mekaar nie. Ongelukkig wil party mense vandag maak asof liefde en kennis nie saamhoort nie. God se liefde vir ons, kan geken word. Hy maak dit aan ons bekend in Jesus Christus. Hy maak dit aan ons bekend in die Evangelie. Liefde kan nie sonder kennis nie – Hoe kan jy God liefhê as jy Hom nie ken nie? Jy kan daarom nie God sonder sy Woord wil hê nie. Ongelukkig wil mense so in hul verhouding met die Here lewe, maar dan aanbid hul net 'n afgod wat hulself geskep het.

Hoe kan jy God ken en nie vir Hom lief wees nie? Ongelukkig wil mense ook so in hul verhouding met die Here lewe. Dan hou jy vas aan koue, dooie kennis wat nie jou hart verander nie. Jy kan nie God se Woord sonder God wil hê nie.

Hierdie twee bedes wat gebid word – Mag Christus in die gelowiges se harte woon en mag hulle sy liefde ken – bereik 'n hoogtepunt: “Mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.”

Om vervul te wees beteken om heeltemal volgemaak te word. Dink byvoorbeeld aan 'n emmer wat vol water getap word. Wanneer die emmer vol water is, is daar nie meer plek vir enigiets anders in daardie emmer nie.

Hierdie gebed kan daarom opgesom word in 'n eenvoudige sin: Mag gelowiges so vol wees van die volheid van God, dat daar plek vir niks anders is nie. God is besig om ons so vol van sy volheid te maak, Hy is besig om ons al hoe meer soos ons Here Jesus te maak, dat daar plek vir niks anders in ons is nie. Hy is besig om ons al hoe meer heilig te maak

sodat sy volheid al hoe meer sigbaar in ons word. Sodat sy heiligheid, sy liefde, sy regverdigheid, sy genade, sy goedheid al hoe meer in ons lewens sigbaar word.

Hy maak ons vol met sy volheid, daarom maak Hy ons leeg van onself. Hy maak ons leeg van die ou mens. Hy haal die verkeerde, sondige dinge uit ons uit en maak ons vol met Wie Hy is. Wat 'n wonderlike vooruitsig het ons nie na die dag wanneer Jesus Christus terugkom en ons verheerlik gaan word nie – dan gaan ons tot oorlopens toe vol wees van die volheid van God.

Hierdie gebed gaan daarvoor dat gelowiges leeg sal word van hulself en die sonde en vol sal word van God. Dit gebeur wanneer Christus in mens woon en wanneer jy begryp hoe groot sy liefde is.

Die vertrou waarmee gebid en gelewe word

Om heeltemal vol te word van God en leeg te word van jouself is wat ons nodig het om as gelowiges te lewe. Dit is wat ons nodig het as ons wil vasstaan en volhard in die geloof. Dit is wat ons nodig het vir ons lewens om verander te word. Wanneer ons voller van God word en leer van onself, kan ons lewe soos God sê. Dit verander dan elke aspek van ons lewens. Dit is waarvoor die res van die brief aan die Efesiërs gaan: Hoe ons lewens as gelowiges lyk. Ons optrede gaan anders lyk en ons verhoudings gaan anders lyk.

Dit is nie iets wat onself kan doen nie. As ons aan ons eie oorgelaat word, maak ons gewoonlik 'n groot gemors daarvan. Ons het God nodig! Ons het sy Gees nodig wat kragtig in ons werk. Ons het Christus in ons nodig. Ons het nodig om volgemaak te word van God sodat ons kan leeg word van onself.

Dit is waarvoor hier gebid word en dit is wat God in gelowiges doen. Omdat God alles gee, het ons die verantwoordelikheid om dit gelowig ons eie te maak.

Ons volhard nie as gelowiges deur slim tegnieke te volg nie. Ons staan nie vas in ons stryd teen die sonde deur op onself staat te maak nie – Christus moet in ons woon en ons moet sy liefde ken en daaraan vasgryp sodat ons vol kan wees van die volheid van God.

As ons weet dat die Heilige Gees deur die Woord werk, besef ons dat ons die Woord nodig het as ons wil hê Hy moet kragtig in ons werk. Watter plek neem die Bybel in jou lewe in? Maak jy elke dag 'n punt daarvan om vol te word met God se Woord? Of lê jou Bybel maar een kant en tel jy hom dalk op wanneer jy in 'n gemors is?

Kan die Here Jesus Christus gemaklik in die huis van jou hart woon? Of is daar dinge wat maak dat Hy nie tuis is nie? Wat gaan byvoorbeeld in die biblioteek van jou hart aan? Waarna kyk jy op televisie en wat lees jy? Is dit dinge waarmee ons Here sou tuis wees? As dit nie is nie, waarom is jy daarmee tuis?

Hoe doen jy jou werk? Is dit op 'n manier waarmee die Here sal tuis wees, of is daar 'n klomp kortpaaie wat jy vat en onetiese besluite om seker te maak jy maak meer geld? As die Here nie tuis by jou werk nie, hoe kan jy wees?

Wat gaan in jou verhoudings met ander mense aan? Sal die Here daar tuis wees? Hoe voed jy jou kinders op? Sal die Here tuis wees omdat dit volgens sy Woord is?

Hoe doen jy jou skoolwerk? Op 'n manier wat die Here tuis is? Met ander woorde, voluit en eerlik vir Hom? Of skryf jy af en doen jy nie veel nie? Weereens, as die Here nie tuis voel nie, waarom voel jy tuis?

Waar kuier jy en hang jy uit? Sou die Here daar tuis voel? En as Hy nie sou nie, waarom doen jy?

So kan ons aanhou om na elke deel van ons lewens te kyk. So kan ons aanhou om te kyk waarmee ons onself vol maak – is dit met die volheid van God? Of is dit met onself en sonde?

Soos ons al hoe meer daarop fokus om vol te word met die volheid van God en leeg van onself, gaan ons groei in die geloof. Gaan ons nie teen die sonde stry as verloorders wat deur die sonde oorheers word nie, maar as oorwinnaars wat in Christus se oorwinning oor die dood deel.

Dit beteken nie ons gaan nie meer struikel en val nie. Dit beteken nie ons gaan nou skielik sondeloos wees nie. Maar dit beteken dat ons nie op onself fokus en vertrou nie, maar op God. Dit beteken dat ons weet dat

Hy wat ons gered het sal sorg dat ons sal volhard in die geloof en dat ons ewig saam met Hom sal wees.

God gee alles wat ons nodig het – ons het die verantwoordelikheid om dit ons eie te maak.

Daar is nie 'n manier wat ons self staande kan bly in die geloof nie. Daar is nie 'n manier wat ons op ons eie gaan volhard tot die einde toe nie. Ons het God daarvoor nodig! Daarom is hierdie 2de gebed in Efesiërs ook vir ons: Mag Christus in ons woon en mag ons sy liefde begryp, sodat ons vol kan word met die volheid van God en leeg kan word van onself.

Mag die Here elkeen van ons hierin lei. Mag Hy vir ons wys waarmee ons ons harte en lewens volprop. Mag Hy vir ons wys wat weg moet wees sodat Hy tuis is. Mag Hy daardie dinge wegvat. Sodat ons, as die kerk, as liggaam van ons Here Jesus Christus aan Hom al die eer tot in alle ewigheid kan gee.

Ons kan nie self nie. Ons het God nodig! Hy werk kragtig in ons deur sy Gees sodat Christus in ons woon en ons sy liefde ken en ons al hoe voller word met sy volheid.

Laat ons nie leef asof ons arm is, al het ons al die rykdom in Christus wat ons nodig het nie!

Mag God ons elkeen volmaak met sy volheid en leeg van onself sodat ons aan Hom al die eer kan gee.

7. Die Here sê Self hoe sy kerk toegerus en bedien word

Efesiërs 4:1-16

“Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.” Efesiërs 4:12

Hoe moet ons kerk wees? Hoe moet die bediening in die gemeente lyk? Wat moet ons doelwitte wees? Daar is al baie boeke oor hierdie vrae geskryf en baie kursusse daarvoor aangebied en baie video's daarvoor gemaak.

‘n Eerste doelwit wat baie mense sal hê is dat ‘n gemeente in getalle moet groei. Daarom sal hul enigiets doen om daardie doelwit te bereik. Hulle sal op so ‘n manier bedien dat hulle vir mense gee wat hulle wil hê, hulle sal alles doen om dinge so lekker as moontlik vir mense te maak en hulle sal uit hulle pad uit gaan om mense te vermaak. Al beteken dit dat die erediens naderhand net ‘n konsert met ‘n goed-voel-boodskap is. Al beteken dit dat mense gelos word wanneer hulle sondig, want net nou raak hulle kwaad en gaan weg.

Ander sal weer doelloos bedien. Hulle sal maar net aanhou doen wat hul altyd gedoen het – al weet hulle nie eers meer waarom hulle dit doen nie. Tradisie is vir hulle belangrik, selfs belangriker as die Woord.

Ons het nie nodig om self uit te werk hoe die bediening in die kerk moet lyk nie. Ons hoef nie self plannetjies te maak oor wat ons as gemeente moet doen nie. Ons is tog die Here se kerk. Omdat ons sy kerk is, sê Hy baie duidelik hoe die bediening moet lyk en wat die doelwit daarmee moet wees.

Die Here se bedieningsplan, die Here se handleiding vir die kerk, is baie eenvoudig: Rus die gelowiges toe sodat hulle die gawes wat elkeen ontvang kan gebruik om mekaar te bedien. Op hierdie manier groei die gemeente in hul verhouding met God en gaan hul eendag volmaaktheid bereik. Dit is hoe die Here wil hê bediening in sy kerk moet lyk.

Die Here gee gawes vir sy kerk

Die Here begin deur vir ons te gee wat ons nodig het. Hy sê nie vir ons wat ons moet doen en dan los Hy ons om dit self uit te werk nie. Soos ons in die eerste helfte van Efesiërs gesien het, gee die Here alles vir ons volgens sy rykdom wat ons nodig het! In hierdie tweede helfte van die brief leer Hy ons dan hoe ons met die oorfloed wat Hy gee, lewe.

Net soos ons nie hoef te wonder oor hoe ons lewens lyk wanneer ons God se kinders is nie, hoef ons nie te wonder oor hoe dinge in die gemeente behoort te lyk nie. Die Here gee alles wat ons nodig het. In vers 7 staan daar: “Aan elkeen van ons is ‘n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.” Sien julle dat elkeen ‘n gawe ontvang? Die Here beklemtoon dit in die oorspronklike taal waar daar iets in die lyn van “Aan elke lieve een” staan.

Elke lieve een van ons – van die jongste, tot die oudste – ontvang ‘n genadegawe van die Here af. Dit is nie net die predikant of die ouderlinge of die diakens wat gawes ontvang nie. Nie een van ons kan sê dat ons nie gawes het nie en daarom is ons nie betrokke in die bediening in die gemeente nie.

Dit word ‘n genadegawe genoem omdat dit iets is wat Hy uit genade aan ons gee. Ons verdien dit nie, maar Hy gee dit.

Hier in vers 7 plaas Hy groot klem daarop dat Hy die gawes gee. Letterlik staan daar: Hy, Hy gee. Om ons te herinner dat ons alles by Hom kry wat ons nodig het. Om ons te herinner dat alles net genade is. Om ons te herinner dat Hy ons Hoof is en dat ons, sy kerk, uit Hom groei.

Omdat Hy vir ons elkeen gawes gee, omdat Hy vir ons alles gee wat ons as gemeente nodig het, hoef ons dit nie op ander plekke te gaan soek nie.

Hoe het ons Here hierdie gawes vir ons gegee? Psalm 68 word aangehaal en op ons Here Jesus toegepas. So wys die Here vir ons dat hierdie psalm, soos al die ander psalms, van Hom sing. So wys die Here dat die hele Ou Testament na Hom vooruit wys.

Hy het Homself verneder deur ‘n mens te word om ons te kom dien. Letterlik staan daar dat Hy na die laagste dele van die aarde neergedaal het, om te beklemtoon hoe groot die vernedering was waardeur Hy

gegaan het. Nadat Hy sy dienswerk op aarde voltooi het, nadat Hy aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan het, het Hy opgevaar na die hemel waar Hy nou aan God se regterhand sit. Sy hemelvaart wys vir ons dat Hy die Koning is. Dat Hy ons bevry het van die gevangenskap van die sonde en die dood. Dat Hy regeer en dat Hy die gawes wat ons nodig het vir ons gee deur die Heilige Gees wat uitgestort is.

So dit is nie enigiemand wat vir ons ons gawes gegee het nie! Dit is die almagtige Here wat die dood oorwin het, wat as Koning regeer en wat sy Heilige Gees aan ons gegee het. As ons gawes van Hom af kom, kan ons tog nie klein dink daarvan nie!

Die Here gee die nodige gawes wat ons as gemeente nodig het om kerk te wees en om te bedien. Hy gee vir ons wat ons nodig het, sodat ons kan doen wat Hy wil hê. In elke deel van ons lewens, nie net vir die bediening in die gemeente nie.

Die Here gee vir jou wat jy nodig het om te doen wat Hy wil hê. Hy gee vir jou wat jy nodig het om te lewe soos Hy wil hê, om teen die sonde te stry, om sy eer te soek. Hy gee ook vir jou wat jy nodig het om deur die seer van die lewe te kom.

Hy rus ons toe vir ons dienswerk

Die Here gee vir ons elkeen 'n gawe, maar Hy los ons nie sodat ons self moet uitwerk wat om met daardie gawe te doen nie. Hy gee spesifieke gawes aan mense om in die gemeente te werk om ons toe te rus sodat ons ons gawes aanwend en mekaar bedien soos die Here wil hê.

Wie is hierdie mense? Ons lees in vers 11: "En dit is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars." Van die vroegste dae van sy kerk af, het die Here spesifieke mense gebruik om sy gemeentes toe te rus om waarlik kerk te wees. Die apostels was mense wat deur die Here Jesus Self gestuur was om die Evangelie te verkondig. Daar is nie vandag meer apostels nie. Die profete was mense wat in die Ou Testament God se boodskap aan sy volk bekend gemaak het.

Ons lees ook van mense met die gawe van profesie in die Nuwe Testament. Hulle het saam met die apostels die vroeë kerk gevestig en bedien. Ons lees in Handeling 11:27 en 28 van die Nuwe Testamentiese profete: "In die tyd het daar profete van Jerusalem af na Antiogië gekom.

Een van hulle, met die naam Agabus, is deur die Gees gelei om te voorspel dat 'n groot hongersnood die hele wêreld sou tref. Dit het dan ook in die tyd van keiser Claudius gebeur.”

Omdat ons nou God se Woord het wat volkome is, het ons nie meer profete in daardie sin van die woord vandag nie.

Evangeliste is mense wat die besondere gawe het om die Evangelie aan mense te verkondig. In Handeling 21:8 lees ons van Filippus, wat een van die sewe was, wat ook 'n evangelis was. Verder kry Timoteus ook die opdrag om as evangelis op te tree. Omdat evangeliste die besondere gawe het om die Evangelie te verkondig en omdat God deur sy Woord werk, kry ons vandag steeds evangeliste. Sendelinge en kerkplanters en predikante wat geroep is om die Evangelie te verkondig.

Die laaste wat genoem word, is “herders en leraars”. Die oorspronklike taal maak dit duidelik dat hierdie twee bymekaar hoort. Herders word geroep om oor die kudde van die Here te waak. Om hulle op te pas en te versorg. Om vir hulle te gee wat hulle nodig het, nie wat hulle wil hê nie. Om self agter Jesus Christus, die Goeie Herder, aan te loop en vir die gemeente te sê: Volg my, soos ek Hom volg.

Leraars het die roeping om die Here se gemeente met die Woord te bedien en toe te rus. Om die gemeente te leer presies wat die Here se Woord beteken en wat die implikasie daarvan vir hulle lewens is.

Ouderlinge en predikante is herders en leraars van die gemeente. Ouderlinge en predikante word geroep om die Here se gemeente op te pas en met sy Woord te versorg. Ouderlinge en predikante word geroep om die Here se gemeente met hul gawes te bedien. 'n Predikant is daarom niks anders as 'n ouderling met die besondere gawe en roeping om die gemeente te leer nie.

Die Here gee hierdie gawes in sy gemeente om sy gemeente toe te rus vir HULLE dienswerk. Die grootste fout wat 'n predikant en gemeente kan maak, is om te dink dat alles in 'n gemeente se bediening van die predikant afhang. Dat die predikant alles moet doen en dat ons hom vir alles nodig het. Dit is gevaarlike terrein, want dan fokus die predikant nie meer op sy roeping om die gemeente toe te rus met die Woord nie en dan val die hele bediening mettertyd plat.

Nog een van die grootste foute wat 'n gemeente kan maak, is om te dink dat dit net die ampsdraers is wat iets in die gemeente kan doen. Dan vergeet ons dat ons elkeen gawes ontvang het. Dan sit ons agteroor en begin brom as ons nie kry wat ons wil hê nie.

Die Here maak dit baie duidelik waarom Hy mense gee om spesifiek in die gemeente te werk in vers 12: "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."

Elkeen van ons wat hier is, is hier om te bedien! Om ons gawes te gebruik om die ander lede van die liggaam te bedien. Die Here leer ons hoe deur sy Woord. Hy rus ons toe deur sy Woord aan ons te laat verkondig en in ons lewens toe te pas. Hy doen dit met die prediking in die erediens, met katekisasie, met Bybelstudie, met huisbesoeke, noem maar op.

Die Here wil nie hê enige lidmaat moet passief in sy kerk wees nie. Hy wil nie hê ons moet net agteroor sit en wag dat dinge vir ons gedoen word nie. Hy stuur mense om ons met sy Woord toe te rus sodat ons kan doen!

As predikant is my fokus daarom om julle met die Woord toe te rus! Om julle met God se Woord te bedien, sodat Hy daardeur in ons lewens werk en ons elkeen ons gawes aanwend tot sy eer en tot opbou van die kerk.

Wat wil die Here hierdeur bereik? Hy wil hê ons moet groei! Wanneer ons as gemeente bedien soos Hy wil hê, gaan ons groei en gaan ons uiteindelik volmaak wees met ons Here Jesus se wederkoms. Daarom sê die Here in vers 13: "So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus."

Dit is waarheen die Here met ons op pad is! Die groei waaroor die Here besorg is, is ons wat in ons verhouding met Hom groei. Ons wat in volwassenheid van geloof groei. Ja, Hy gee ook groei in getalle in 'n gemeente as Hy dit nodig ag, maar die groei waaroor Hy die meeste besorg is, is die groei in geloof van elke gelowige.

Hy laat dit op 'n baie eenvoudige manier gebeur. Hy gebruik Woordverkondigers en ouderlinge om ons met sy Woord toe te rus, sodat ons ons dienswerk kan doen. Omdat ons elkeen 'n gawe het, het ons elkeen werk! As ek nie my gawe aanwend nie, het die liggaam 'n gebrek.

Onthou dat hierdie 'n voortdurende proses is. Ons gaan nie eensklaps volmaak en perfek wees nie. Die Here is besig met ons. Net soos 'n mens geleidelik groei van baba na kleuter na kind na jongmens na volwassene, groei ons in die geloof.

As dit die Here se manier van bedien is in sy kerk – om die gelowiges toe te rus vir hul dienswerk sodat die gemeente opgebou kan word en elkeen in die geloof kan groei – is 'n gemeente met 'n baie gevaarlike speletjie besig as hulle nie so bedien nie. Dan sê hulle vir die Here dat hulle van beter weet. Dan gaan dit nie vir hulle oor die groei van God se kinders in die geloof nie.

Die Here gee vir ons elkeen gawes en Hy gee vir sommiges gawes om ons toe te rus met sy Woord, sodat ons ons gawes kan gebruik om mekaar te bedien. Op hierdie manier groei ons as gemeente en groei ons elkeen in die geloof.

Sodat ons waarlik kerk kan wees

Wanneer ons as gemeente so bedien: Elkeen met die gawes wat God aan hom of haar gee, waar ons toegerus word met God se Woord en waar ons dan groei na volmaaktheid toe, ervaar ons wonderlike seën en sien ons die vrug van die bediening reeds in hierdie lewe.

Ons ervaar die eenheid wat God gee. Ons is een gemaak met Christus en een gemaak met mekaar. Daarom kry ons ook die opdrag in vers 3: “Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.” Die Here maak ons een en soos ons groei kry ons dit reg om al hoe meer hierdie eenheid uit te leef.

In vers 2 sê Hy vir ons dat ons mekaar in liefde moet verdra. Ons moet onthou dat ons verskillende mense is wat die Here deel van sy kerk gemaak het.

Hierdie opdrag van die Here laat ons ernstige vrae vra: Hoe sien ons mekaar? Hoe sien ons mekaar se gawes? Sien ons mekaar as lede van die Here se liggaam? Sien ons mekaar se gawes as wonderlike genade van die Here af? Sien ons mekaar as kosbare mense wat elkeen 'n

belangrike rol in die Here se gemeente het? Of trap ons in die strik waarin die Korintiërs getrap het?

Die Korintiërs het begin glo dat sommige gawes belangriker as ander gawes is. Hulle het begin glo dat almal wat nie dieselfde gawes as hulle het nie, nog nie waarlik glo nie. Hulle het begin glo dat hulle gawes oor hulleself gaan en om hulle te verheerlik. Daarom herinner die Here hulle in 1 Korintiërs 13 dat al hulle gawes niks beteken as dit nie deur liefde gekenmerk word nie. As hulle dit nie gebruik om die ander te dien nie.

Daarom sê die Here ook in vers 2 dat liefde belangrik is. Ons moet beseef dat ons gawes ontvang om mekaar in liefde te bedien. Selfopofferend te bedien. Soos ons Here Jesus Homself gegee het sodat ons lewe kan hê.

Verder sien ons die vrug van vastigheid en sekuriteit in ons lewens raak. Soos ons groei word ons al hoe meer volwasse in die geloof. “Dan sal ons nie meer soos kinders wees nie; ons sal nie meer op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hul slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.”

Soos ons bedien word met God se Woord en soos ons mekaar met ons gawes bedien, kry ons vastigheid. Kan ons maklik raaksien as iemand met iets anders as die Evangelie by ons kom. Kan ons vasstaan wanneer ons hartseer is en seer het. Dit beteken nie ons gaan nie meer seerkry nie, maar dit beteken ons weet waaraan om vas te hou in ons seer.

Dit is so hartseer om te sien hoe sommige mense deur enige liegstorie rondgegooi word. Dit is so hartseer om te sien hoe sommige mense so maklik enigiets glo en agter enige ou wat ‘n storie vertel aanloop. Dit is veral hartseer omdat daardie mense kinders in die geloof is, wat of nooit met die Woord bedien word nie, of bedien word, maar hulle nie aan die Here se Woord steun nie en nie leerbaar is nie.

Hoe teenstellend is dit nie met dit wat ons in Psalm 1 lees nie: “Dit gaan goed met die mens wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.”

Verder sal ons in liefde by die waarheid bly en in alle opsigte groei na Christus toe. Liefde en waarheid hoort by mekaar. Sonder waarheid is

liefde net soetsappige sentimentaliteit. Sonder waarheid is liefde spookasem. Sonder liefde is waarheid koud en hard. Sonder liefde is waarheid 'n klap in die gesig.

Om in liefde by die waarheid te bly, beteken om so lief te wees vir mekaar dat ons bereid is om die waarheid te praat. As jy sien dat iemand op pad is om hulself seer te maak, is dit liefdeloos om niks daarvoor te sê nie. Ongelukkig glo die wêreld dit is juis liefde om elkeen te los om te doen wat hy wil.

Om in liefde by die waarheid te bly beteken om in alles by God se Woord te bly. Dit beteken verder om regtig vir mekaar om te gee en lief te wees. Soveel dat ons bereid is om die waarheid met mekaar te praat.

Verder gaan ons ook sien hoe nodig ons mekaar het! Ons kan nie self deur die lewe nie en elke lidmaat se gawes is nodig in hierdie gemeente. Daarom lees ons in vers 16: "Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."

Elkeen vervul sy funksie. Elkeen wend sy of haar gawe aan. Anders is daar 'n gebrek in die liggaam. Die ander gelowiges in die gemeente het jou en jou gawe nodig! En gawes lê op baie verskillende vlakke: Sommige kan bemoedig, ander kan versorg, ander kan administrasie doen, ander kan met hul hande werk, ander kan troos, ander kan onderrig gee, ander kan leiding neem en reëlings tref, ander kan ons motiveer om te volhard. So kan ons 'n lang lys maak van verskillende gawes.

Die vraag wat jy jouself moet vra is nie OF jy 'n gawe het nie – die Here gee vir ons elkeen – maar wat jy moet jou gawe DOEN? Is jy betrokke in die gemeente? Bedien jy die ander lede met jou gawe? Besef jy dat ons ander jou nodig het? Soek jy geleenthede op waar jy toegerus kan word met die Woord sodat jy met jou gawe ander kan bedien? Is jy leerbaar? Is jou fokus op God en sy gemeente, of op jouself?

Die Here maak dat ons waarlik kerk kan wees. Soos ons groei in die geloof, beleef ons die wonderlike vrug in ons lewens. Eenheid, vastigheid en liefde.

Hoe moet ons kerk wees? Hoe moet die bediening in die gemeente lyk? Wat is die doel waarmee bedien word? Ons het nie groot en slim antwoorde hierop nodig nie. Die Here sê Self hoe sy kerk toegerus en bedien word. Die Here gee Self alles wat ons nodig het.

Hy gee aan ons elkeen 'n gawe en Hy sorg dat ons met sy Woord toegerus word om daardie gawe in ons dienswerk te gebruik. Sy doel is dat ons groei tot volwassenheid en volmaaktheid.

Jesus Christus het ons verlos – nie net sodat ons ewig saam met Hom gaan lewe nie – maar sodat ons sy instrumente hier op aarde kan wees. Hy is ook die rede waarom ons ons gawes gewillig en met vreugde aanwend om mekaar te dien. Ons doen dit omdat ons dankbaar is vir ons verlossing. Ons doen dit omdat God vir ons lewe uit die dood gegee het.

Mag God ons deur sy Gees lei om op sy manier te bedien. Mag Hy ons elkeen lei om te weet wat ons gawes is en om ons gawes tot sy eer en tot opbou van die res van die gemeente aan te wend. Mag Hy gee dat ons nie agteroor sit in die geloof nie, maar waarlik lief sal wees vir mekaar en mekaar waarlik bedien. Mag Hy sorg dat ons sy Woord duidelik en suiwer hoor sodat ons toegerus kan wees en mag Hy vir ons ware groei gee. Dit is die Here se plan vir sy kerk.

8. Trek die ou mens uit en trek die nuwe mens aan!

Efesiërs 4:17-5:5

*“Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”
Efesiërs 4:22-24*

Wat hoor jy as jy die woord ‘bekering’ hoor? Om een of ander rede is dit ‘n woord wat mens baie min in kerke vandag hoor. En wanneer ons die woord hoor, dink ons maklik dit is iets wat nie met gelowiges te doen het nie. Dit gebeur mos net met ongelowiges wanneer hulle wedergebore word?

Dit wat met ongelowiges gebeur, kan ons wortelbekering noem. Maar daaruit groei daaglikse bekering wat noodsaaklik is vir elke gelowige.

Om elke dag tot bekering te kom, is die enigste manier hoe ons op God se genade behoort te reageer. Dikwels reageer ons op twee ander maniere: Of ons dink ons kan nou maar lewe soos ons wil omdat ons in die Here glo en Hy vir ons sonde gesterf het. Of ons dink ons het nodig om nou ‘n klomp wette te gehoorsaam om ons verhouding met God te hou.

Die Here maak dit baie duidelik dat nie een van hierdie twee uiterstes die regte reaksie op sy genade is nie. Net daaglikse bekering is.

Trek die ou mens uit

Daaglikse bekering bestaan uit twee dele: Die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Die beeld wat hier in Efesiërs gebruik word om dit te beskryf, is treffend: Die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens word as die uittrek en aantrek van klere beskryf.

Hierdie is iets wat elke gelowige moet doen. Dit is nie net ‘n voorstel nie, maar ‘n opdrag in vers 17: “In die Naam van die Here doen ek ‘n beroep

op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. En in vers 22: “Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het. Breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.”

Breek met die ou mens. Letterlik staan daar: Trek die ou mens uit. Die woord wat met ‘trek uit’ vertaal word, beteken om iets uit te trek en dit dan daar te los. As die Here dan vir ons sê om die ou mens uit te trek, sê Hy vir ons trek die ou mens uit en los die ou mens daar.

Wie is die ou mens van wie gepraat word? Dit is die mens wat dood was in die sonde. Die mens wat sy vreugde in die sonde vind. Die mens wat op pad was na die ewige straf toe.

Jesus Christus het ons nuwe mense gemaak. Ons is nie meer die ou mens nie. Maar ons is in ‘n daaglikse stryd want ons ervaar nog die sondigheid en sonde in ons lewens! Daarom moet ons die ou mens daaglik uittrek.

Die ou mens lyk nie anders as die mense wat nog dood in die sonde is nie. Die lewe van die ou mens – as mens dit lewe kan noem – lei na die dood toe. Mense wat nie in Jesus Christus glo nie, se gedagtes lei tot niks en hulle verstand is verduister.

Selfs die briljantste ongelowige se gedagtes lei tot niks. Al is hy of sy hoe slim – hul verstand is verduister. Want hulle ontken dat God bestaan. Hulle volhard in hulle onkunde. In Romeine 1 word dit ook baie sterk gestel. Daar leer die Here ons dat elke liewe mens weet dat God bestaan, maar dat mense daardie wete met al hulle krag onderdruk.

As mens die kennis van God onderdruk – as jy in jou onkunde volhard – is jy nie vry nie. Mense glo as hulle kan doen wat hulle wil, is hulle vry. Maar hulle is eintlik net slawe van hul begeertes en drange.

‘n Lewe waarin jy in jou opstand teen God volhard, lei tot die ewige straf. Dit staan baie duidelik in 5:5: “Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of ‘n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en aan God nie.”

Hierdie sinnelose lewe van die wêreld hoort nie by mense wat in Jesus Christus glo nie! Daarom kry ons die opdrag in die Naam van die Here om nie soos die heidene te lewe nie. Ons lewens moet anders lyk. As ons

nuwe lewe in Jesus Christus het, gaan ons lewens dit wys. Omdat die opdrag in die Naam van die Here gegee word, moet ons daarna luister! Sy Naam wys op Wie Hy is en wat Hy doen.

Die opdrag wat ons kry, is daarom nie 'n leë opdrag om 'n wet te gehoorsaam nie, maar die opdrag om op God se genade te reageer!

Omdat God ons gekies, gered en gemerk het, omdat Hy kragtig in ons werk, omdat Hy vir ons lewe uit die dood gegee het, omdat Hy ons nuut gemaak het sodat ons ons lewens aan die goeie dade wat Hy voorberei het kan wy, omdat Hy ons deel van sy huisgesin gemaak het, omdat Hy ons deel van Christus se liggaam gemaak het, omdat ons vrymoedigheid en toegang tot Hom het, omdat ons elkeen 'n besondere rol in Christus se kerk het, omdat God genadig en ons Vader is, doen ons wat Hy vir ons sê! Want ons is lief vir Hom. Trek ons die ou mens uit. Het ons berou oor ons sonde. Stry ons teen die sonde. Haat ons die sonde.

'n Lewe van volharding in die sonde pas nie by mense wat in Jesus glo nie. Daarom staan daar in 4:20 "Dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie." Wanneer jy Christus in 'n persoonlike verhouding ken, verander Hy jou. Dan besef jy dat jy nie meer dood in die sonde is nie, maar lewend in Hom. Dan besef jy hoe lelik en afskuwelik en dodelik die sonde is. Dan stry jy met alles in jou teen die sonde. Dan trek jy elke dag die ou mens uit. Dan sterf jy elke dag die ou mens af. Dit is 'n aanhoudende proses. Ons moet elke dag daadwerklik teen die sonde kies omdat ons aan die Here behoort.

Dit beteken nie dat ons nou skielik sonder sonde gaan wees nie. Ons stryd teen die sonde gaan tot ons laaste dag op aarde duur. Ons heiligmaking gebeur nie eensklaps nie – God is ons hele lewe lank besig om ons te maak soos Hy ons wil hê. Hy is lief vir ons, daarom het Hy ons van die sondedood gered. Sy liefde is so groot dat Hy ons nie los soos ons was toe Hy ons gered het nie – Hy maak ons heilig. Ons gaan eendag heeltemal heilig voor God staan. Daarom sê die Here in 4:30 dat die Heilige Gees ons as die eiendom van God beseël het met die oog op die verlossingsdag. Die dag wanneer ons verlossing volkome gaan wees. Die dag wanneer ons volkome heilig gemaak en verheerlik gaan word. Die dag wat ons nie meer kan of wil sonde doen nie.

Wanneer ons as mense wat deur God gered is, kies om eerder nog sonde te doen, dan sê ons dat die sondedood vir ons beter is as die lewe by

God. En dit bedroef die Heilige Gees. Dit maak Hom hartseer. Onthou, die Heilige Gees het ons gemerk of beseël as God se eiendom. Die Heilige Gees is die Deposito wat ons ontvang het van al God se beloftes. Deur soos die ou mens te lewe, sê ons dat daar vir ons belangriker dinge is as God en sy beloftes. Dit maak die Heilige Gees hartseer. Die feit dat Hy hartseer kan word, wys vir ons dat Hy 'n Persoon is en nie 'n krag nie.

Om die Heilige Gees te bedroef is nie dieselfde as sonde teen die Heilige Gees nie. Om teen die Heilige Gees te sondig, of om die Heilige Gees te laster, is 'n onvergeeflike sonde. Om teen die Heilige Gees te laster, is om Jesus as die Here en die Seun van God te verwerp. Dit is iets wat gelowiges nie kan doen nie.

Omdat ons lief is vir ons Vader en omdat ons ons Here Jesus in alles wil volg en omdat ons die Heilige Gees nie wil bedroef nie, stry ons teen die sonde in ons lewens. Trek ons die ou mens uit.

Hoe lyk dit? Ons sien die sonde vir wat dit is en het berou oor ons sonde. Berou is nie om spyt te wees omdat jy uitgevang is nie, maar om te beseef dat sonde teen God se wil is. Berou oor die sonde is nie jammer wees oor die gevolge van sonde in jou lewe nie, dit gaan oor hartseer wees oor die oneer wat jy God aandoen deur te sondig. Dit gaan oor hartseer wees daaroor dat jy die Heilige Gees bedroef het.

Verder gaan dit daaroor om die sonde te haat. Nie lief te wees daarvoor nie. Nie die ou mens soos 'n gunsteling kledingstuk elke nou en dan aan te trek nie. Maar om die sonde te haat. Dan gaan dit ook daaroor om van die sonde weg te vlug. Om niks daarmee te doen te wil hê nie.

Die eerste deel van daaglikse bekering is die afsterwing van die ou mens. Dit is die uittrek van die ou mens wat lief is vir die sonde. Ons motivering is nie om onself te red nie, maar ons liefde vir God.

Trek die nuwe mens aan

Die tweede deel van daaglikse bekering, is die opstanding van die nuwe mens. Dit is om as die nuwe mense wat ons in Christus gemaak is, te lewe. Of soos ons Skrifgedeelte dit sê: Om die nuwe mens aan te trek.

Die redding wat God vir ons in Christus gee, is so groot dat God daarna as 'n skeppingsdaad verwys. Hy het ons nuwe mense in Christus gemaak!

En die verskil tussen die nuwe mens wat jy in Christus is en die ou mens wat dood in die sonde was, is so groot, dat die woord wat vir 'nuwe' gebruik word, in die oorspronklike taal op iets wat splinternuut is, wys. Dit is nie net die ou mens wat opgedollie word nie, maar splinternuwe lewe wat God in Christus gee.

Dit is nie net 'n mooi jassie wat oor die ou dooie mens aangetrek word nie. Ons is dood vir die sonde en lewend vir God. God gee vir ons nuwe lewe. Hy gee vir ons nuwe harte. Hy maak ons nuwe mense. Ons roeping is daarom om te lewe as die mense wat ons reeds in Christus is.

Daarom maak die Here dit ook duidelik in vers 23 hoe dit werk: "Julle gees en gedagtes moet nuut word." Ons lewens gaan anders wees en ons optrede gaan anders lyk omdat ons nuut gemaak is van binne af. Om die nuwe mens aan te trek beteken daarom nie om aan 'n klomp wette en reëls vas te hou en jousef so te red nie, maar om te lewe as die mens wat jy in Christus is.

Net soos ons die ou mens elke dag moet uittrek, moet ons die nuwe mens elke dag aantrek. Hoe doen ons dit? Deur ons vreugde in God deur Christus te vind. Deur bly te wees oor alles wat God vir ons in Christus gee. Verder gaan dit oor 'n lus en liefde om volgens God se wil te lewe.

In 4:25-31 gee God vir ons dan praktiese voorbeelde hoe die lewe van 'n nuwe mens lyk:

- Die nuwe mens is lief vir die waarheid en haat die leuen. Net soos 'n liggaam baie seer gaan kry as die oë vir die voete jok en die liggaam val, so maak ons mekaar seer wanneer ons vir mekaar jok en nie die waarheid praat nie.
- Die nuwe mens gebruik nie kwaad-word as 'n verskoning om sonde te doen nie en sluit nie 'n dag kwaad af nie. Wanneer jy 'n dag kwaad vir iemand afsluit, sit jy die bakleiery met daardie persoon in jou hart en gedagtes voort en word nog meer kwaad vir die persoon omdat jy dink hy of sy sou op 'n sekere manier reageer. Juis dit gee die duiwel vatkans. Hierdie is 'n belangrike beginsel in al ons verhoudings, veral ook in ons huwelike. Moenie 'n dag kwaad afsluit nie.
- Die nuwe mens steel nie, maar werk hard en eerlik sodat hy vir die behoeftiges ook iets kan gee. As gelowiges werk ons en ons doen

nie halwe werk nie, ons werk voluit vir God. Op hierdie manier sorg Hy vir ons en sorg Hy ook vir ander deur ons.

- Die nuwe mens gebruik nie vuiltaal nie, maar opbouende woorde. Die nuwe mens vloek en skel en skinder nie, maar dank God. Dit wat by jou mond uitkom, wys wat in jou hart aangaan. Wanneer daar vuiltaal by jou mond uitkom, wys jy daardeur dat jou hart nie op God en die mense om jou gerig is nie.
- Die nuwe mens is goedgesind en hartlik teenoor ander en vergewe ander soos God ons in Christus vergewe het.

Hoe kry ons dit reg? Hoe trek ons daaglik die ou mens uit en hoe trek ons daaglik die nuwe mens aan? Ons kan dit slegs op een manier doen: Deur vas te hou aan dit wat die Here vir ons gedoen het. In 5:2 herinner die Here ons aan sy groot genade: “Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as ‘n offergawe gegee het, ja, ‘n offer wat vir God aanneemlik was.”

Ons Here Jesus Christus het die straf op ons sonde in ons plek gedra. Hy het sy eie lewe gegee, sodat ons kan lewe hê. Hy het die dood en die sonde oorwin en ons deel in daardie oorwinning. Hy het ons die reg gegee om kinders van God te wees.

Dit is waaraan ons vashou! Dit is hoe ons die ou mens elke dag uittrek en die nuwe mens aantrek. Ons doen dit deur te besef dat ons reeds nuwe mense in Christus is! Ons doen dit deur te besef dat ons nou die roeping het om te lewe as die nuwe mense wat ons is. Ons doen dit deur as God se kinders sy voorbeeld te volg. Om sy voorbeeld te volg, beteken om Hom na te boots. Die woord wat hiervoor in die oorspronklike taal gebruik word, kan vertaal word met ‘mimiek’. Om te doen wat God ons Vader doen. Dit beteken nie ons is nou klein gode nie. Dit beteken dat ons mekaar vergewe soos Hy ons vergewe het en dat ons mekaar liefhet soos Hy ons liefhet.

Ons heiligmaking, ons daaglikse bekering, gaan daarvoor om al hoe meer soos ons hemelse Vader te lyk. Om teen die sonde te stry. Om waarlik lief te wees vir God en vir ander.

Wat doen ons wanneer ons val? Wat doen ons wanneer ons eerder die ou mens aantrek en sonde doen? Beteken dit alles is verby? Nee! Dan

het ons troos! Ons het die troos dat ons vergewe is. Ons het die troos dat God kragtig in ons werk. Ons het die troos dat ons ewig aan Hom behoort en dat ons sonde vergewe is en dat niks ons ooit van sy liefde gaan skei nie. Ons het die troos dat Hy sal sorg dat ons eendag volkome heilig voor Hom gaan staan. Hierdie troos laat ons nie in die sonde bly lê nie, maar spoor ons aan om aan te hou om die ou mens uit te trek en die nuwe mens aan te trek.

Elke liewe een van ons het daaglikse bekering nodig. Nie om onself daardeur te red nie, maar omdat ons reeds gered is en God besig is om ons heilig te maak. Daaglikse bekering is die enigste reaksie wat daar op God se groot genade behoort te wees.

Mag Hy ons elkeen lei om elke dag die ou mens uit te trek. Om berou oor ons sonde te hê, om sonde te haat en om daarvan weg te vlug. Mag Hy ons elkeen lei om elke dag die nuwe mens aan te trek. Om ons vreugde in God te vind. Om 'n lus en liefde te hê om volgens sy wil te lewe.

Mag Hy ons lei om onself in te span en hard te werk in ons stryd teen die sonde. Onthou, die lewe van 'n gelowige is harde werk.

Mag Hy ons lei om te besef hoe nodig ons Hom in hierdie stryd het. Ons gaan nie self die stryd teen die ou mens wen en as nuwe mense daaglik opstaan nie. God werk kragtig in ons daarvoor.

As jy vanoggend hier sit en jy glo nie in God nie – kom tot bekering en glo in Hom. By Hom is daar ware lewe en vreugde. As jy vanoggend hier sit en jy glo reeds in God – besef dat jou lewe as gelowige oor daaglikse bekering gaan.

Trek die ou mens uit en trek die nuwe mens aan. Elke dag. Vir die res van jou lewe. Dit is hoe ons op God se groot genade in Christus reageer.

9. Word vervul met die Heilige Gees en sing tot die Here se eer

Efesiërs 5:6-20

“Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.” Efesiërs 5:18-20

Hoe is dit moontlik om as ‘n gelowige tot God se eer te lewe? Hoe is dit moontlik om alles te doen wat die Here van ons verwag? Kom ons wees eerlik, al die opdragte wat ons in die 2de deel van die brief aan die Efesiërs kry, is ‘n mond vol.

Jy kan dalk probeer om dit op jou eie reg te kry. Deur op jouself staat te maak. Maar soos elkeen van ons goed weet, maak dit mens net moedeloos omdat jy dit nie kan volhou nie.

In die gedeelte wat ons vandag saamgelees het, maak die Here dit vir ons duidelik dat ons slegs op een manier kan lewe soos Hy wil: Deur voortdurend volgemaak te word met die Heilige Gees.

As dit nie vir die Gees se werking in ons was nie, sou dit onmoontlik wees om te lewe soos God wil hê. Daarom is die tweede deel van vers 18: “Laat die Gees julle vervul”, die hoogtepunt van die tweede helfte van die brief aan die Efesiërs.

Kom ons kyk waarom ons nodig het om met die Gees vervul te word, wat dit beteken om met die Gees vervul te word en wat gebeur wanneer ons met die Gees vervul is.

Lewe as mense van die lig

Efesiërs 5 is in die tweede deel van Efesiërs wat gaan oor hoe ons as die Here se kerk lewe. Iets wat die Here baie duidelik maak, is dat die lewens van sy kinders anders lyk as die lewens van die wêreld om hulle.

Ons word nie geroep om saam met die stroom van die tyd te gaan nie. Ons word nie geroep om maar onnadenkend soos almal om ons te lewe nie.

Daar is wel mense wat sou sê dat gelowiges maar kan aanhou lewe soos hulle wil. Dat gelowiges nie anders as die wêreld hoef te wees nie. Maar dit is 'n leuen van die duiwel af. Dit is die leuen waarteen gewaarsku word in vers 6: "Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is." Moenie iemand glo wat julle vertel dat julle self kan besluit hoe om te lewe nie! Die Here se kerk moet anders lewe. Nie soos hulle wil nie, maar soos die Here wil.

Daarom gebruik die Here die beeld van lig en duisternis hier om te wys hoe radikaal gelowiges en hul manier van lewe van die wêreld moet verskil.

Ons kan nou maklik dink dit beteken dat ons onself uit die wêreld moet onttrek en laer trek en vasbyt tot die Here weer kom. Vers 7 sê tog: "Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie." Dit is nie wat die Here van ons verwag nie. In vers 7 staan daar letterlik: "Moenie hulle vennote wees nie." Moenie net saam met die stroom gaan en sondig nie.

Ons roeping is nie om onself uit die wêreld te onttrek nie, maar om in die wêreld as mense van die lig te lewe. Of soos die Here ons in Filippense 2:15 beveel: "Tree onder hulle op as ligdraers."

Ons onttrek ons nie uit die wêreld uit nie, maar ons manier van lewe en doen, is anders. In vers 11 sê die Here: "Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak." Stel dit aan die kaak. Ontbloot dit. Wys dat dit verkeerd is. Deur ons manier van lewe en deur ons woorde moet ons dit duidelik maak as iets verkeerd is. Al beteken dit dat ons ongewild gaan wees en vir ons geloof gaan ly.

Mense moet ook kan sien dat ons anders lewe. Daarom kry ons die opdrag in vers 15: "Wees baie versigtig hoe julle lewe." Of soos dit letterlik daar staan: Kyk baie stip hoe julle wandel. Gelowiges gaan nie doelloos deur die lewe nie, ons besef ons manier van lewe is belangrik. Want aan die een kant wys dit dat ons waarlik glo en aan die ander kant skep dit vir

ons 'n platvorm om die Evangelie met mense te deel. Om stip te kyk hoe jy wandel, vra inspanning en fokus.

In vers 16 sê die Here: “Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in ‘n goddelose tyd.” Letterlik sê Hy: Koop die tyd uit. Die tyd wat ons op aarde het, is beperk en kosbaar. Daarom moet ons as gelowiges elke geleentheid gebruik wat ons kry om tot God se eer te lewe. Elke geleentheid gebruik wat ons kan om die Evangelie te verkondig en die lig van die Evangelie op dinge te laat val. Ons moenie afgestomp raak en maar lewe soos almal om ons lewe nie, maar elke geleentheid gebruik om te wys wat dit beteken om ons Here Jesus te volg.

Die opdrag om nie in die duisternis te lewe nie, om nie aan te hou om in die sonde te lewe nie, word saamgevat in vers 18 se begin: “Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard.” Hierdie opdrag sny tot in die hart van die lewe waaruit baie van die Efesiërs tot bekering gekom het. Baie mense in Efese het die afgod Bacchus/Dionysus aanbid. Hierdie aanbidding het behels dat mense hulself dronk drink en seksuele omgang met mekaar het om op hierdie manier “openbarings” van die gode te ontvang en om ‘n ekstatiëse vlak te bereik.

Wanneer die Here vir die Efesiërs sê om hulle nie aan drank te buite te gaan nie, sê Hy nie net dat hulle nie mag dronk word nie – iets waarteen die Here op ‘n paar plekke in die Woord waarsku – maar ook dat hulle nie meer moet deel hê aan die kultuur om hulle se aanbidding van afgode nie. Moenie soos die wêreld wees wat vasgevang is in die duisternis nie. Lewe as mense van die lig wat deur die Here verlig is.

Ons wil soms kyk hoe ver ons van die Here af kan lewe, sonder om sonde te doen. Hoe ver ons van die lig af kan wees, terwyl ons nog die lig kan sien. Dit is nie wat die Here vir sy kerk wil hê nie! Ons word geroep om as mense van die lig te lewe. Om so naby as moontlik aan die Here in alles te bly.

Hou aan om vervul te word met die Heilige Gees

Hoe doen ons dit? Ons kan maklik op hierdie punt net by ‘n klomp opdragte vashaak en vir onself ‘n nuwe wet maak om te gehoorsaam. Ons kan so maklik dink ons moet al hierdie dinge op eie krag doen en as ons dit nie regkry nie, het ons nie meer ‘n verhouding met God nie.

Daar is maar een manier om as mense van die lig te lewe: Deur volgemaak te word met die Heilige Gees. “Laat die Gees julle vervul”. Die vorm waarin hierdie opdrag in die oorspronklike taal staan, maak dit duidelik dat hierdie ‘n opdrag is tot iets wat aanhoudend moet gebeur: Word aanhoudend volgemaak met die Gees.

Elke gelowige het reeds die Heilige Gees ontvang. Elke gelowige is deur die Gees gemerk as God se eiendom. So om volgemaak te word met die Gees, beteken nie dat ons oor en oor die Heilige Gees moet ontvang nie. Ons het Hom reeds. Hy woon in elke gelowige.

Vol word met die Heilige Gees gaan ook nie oor ekstatiëse ervarings en drome en tale nie. Dit gaan nie daarvoor om nou op ‘n ander vlak van die geloof as ander gelowiges te wees nie. Dit gaan nie daarvoor om nou nuwe openbarings van God te ontvang nie. Dit gaan nie daarvoor om rond te ruk en geluide te maak nie. Daardie is nie die werking van die Gees nie, maar van demone. Onthou, deel van die vrug van die Gees is selfbeheersing.

Om vervul te word met die Gees, beteken om heeltemal vol te word met Hom. Soos ‘n emmer wat al hoe voller en voller water word. Sodat daar nie plek vir iets anders is nie. Om volgemaak te word met die Gees beteken om heeltemal onder die leiding van die Gees te lewe. Dit beteken dat Hy jou optrede bepaal. Dat jy tree vir tree en gedagte vir gedagte en besluit vir besluit lewe soos die Gees jou lei en nie volgens jou eie begeertes nie.

Wanneer jy vervul is met die Gees, vra jy nie wat vir jou die maklikste is nie, maar wat die meeste tot die Here se eer gaan strek.

Hoe word mens vol van die Gees? Is daar nou ‘n spesiale gebed wat jy moet bid of ervaring wat jy moet deurgaang? Nee! Jy word vol van die Gees deur vol te word van die Woord.

In Kolossense 3:16 gee die Here byna presies dieselfde opdrag as wat Hy in Efesiërs 5 gee: “Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.”

In plaas van: Laat die Gees julle vervul, staan daar: Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Om vol te word van die Gees,

is om vol te word met die boodskap van Christus. Om vol te word van die Gees, is om vol te word met die Bybel.

Daarom kry ons die opdrag in vers 10: “Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is.” Waar vind ons uit of iets vir die Here aanneemlik is? In sy Woord. Daarom kry ons ook die opdrag in vers 17: “Probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.” Hierdie vertaling laat dink klink asof dit moeilik is om te weet wat die Here se wil is. Letterlik staan daar eenvoudig: Verstaan wat die wil van die Here is. Waar vind ons uit en waaruit verstaan ons wat die Here se wil is? Sy Woord.

Ons Here Jesus het oor die werking van die Heilige Gees in Johannes 16:13-15 die volgende gesê: “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.” En in Johannes 15:26: “Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.”

Die Heilige Gees fokus nie op die mens nie, maar op Christus. Hy is nie daarop uit om ons ander dinge as die Bybel te leer nie. Hy is daarop uit om in alles na Jesus Christus toe te wys.

Baie mense maak die bewering dat die gereformeerde kerke nie genoeg aandag aan die Heilige Gees en sy werking gee nie. Maar as mens ernstig is oor die Woord en as jy ernstig is oor Jesus Christus, is jy ernstig oor die werking van die Gees. Die Heilige Gees werk nie los van die Here se Woord nie en die Heilige Gees is nie daarop uit om mense te verheerlik nie, maar om Jesus Christus te verheerlik.

Ons word volgemaak met die Heilige Gees deur vol te word van die Woord. Hierdie is iets wat deurlopend in die lewe van gelowiges moet gebeur. As ons nie vol is van die Gees nie, is ons soos ‘n flits sonder ‘n battery of ‘n kar sonder petrol. Ons kan nie doen waarvoor ons gemaak is nie.

Ons kan ons ook nie self volmaak met die Gees nie. Daarom is die opdrag nie: Maak julle vol van die Gees nie, maar: Laat die Gees julle vervul. Om

vervul te word met die Gees is nie iets wat ons self doen nie, dit is iets wat in ons gedoen word.

As die Gees deur die Woord werk, moet ons elkeen onself vra: Watter rol speel die Bybel in my lewe? Is daar plek vir die Bybel in my lewe, of sal ek dalk so nou en dan Bybel lees of dalk so nou en dan in 'n erediens iets van die Bybel hoor? Ek kan nie sê dat ek nie die krag van die Heilige Gees wat my lei ervaar nie, maar ek maak nooit my Bybel oop nie. Benut jy elke geleentheid wat jy kan om vol te word met Woord sodat jy vervul kan word met die Gees?

Wat gebeur wanneer ons volgemaak word met die Heilige Gees? Ons lewe onder sy leiding. Ons lewe nie vir onself nie, maar vir Jesus Christus. Ons lewe nie soos die wêreld nie, maar soos God wil hê ons moet lewe. Eers wanneer ons aanhoudend volgemaak word met die Gees, kan ons doen wat die Here wil.

Sing tot eer van die Here en dank God

Wanneer ons volgemaak word met die Heilige Gees, word ons lewens deur twee dinge gekenmerk: Ons sing tot eer van die Here en ons dank God.

Gelowiges wat vol is van die Gees, is gelowiges wat sing. Dwarsdeur die Bybel sien ons hoe gelowiges sing. Wat het die volk gedoen toe hulle uit Egipte gered is? Hulle het gesing, volgens Eksodus 15. Wat het die volk gedoen toe die Here deur Debora en Barak vir hulle uitkoms gegee het? Hulle het gesing, volgens Rigters 5. Net om twee voorbeelde uit die Ou Testament te noem. Wat het Jesus en sy dissipels gedoen? Hulle het gesing! Ons lees in Matteus 26:30: "Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe." Wat het Paulus en Silas gedoen toe hulle in die tronk in Filippi was? Hulle het gesing volgens Handeling 15. Wat doen die 144 000 voor die Here se troon in Openbaring 14:3? Hulle sing 'n nuwe lied.

Ons sing nie om die tyd om te kry nie. Ons sing nie omdat ons nie weet wat om anders te doen nie. Ons sing omdat die Here sê ons moet sing. Vers 19 sê baie duidelik: "Sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here."

Ons sing onder mekaar – dit beteken ons sing saam as gelowiges. Daarom het sang so 'n belangrike plek in ons eredienste. Die Here wil hê ons moet sing en soos ons sing bou ons mekaar op en word ons vervul met die Gees.

Wat sing ons? Nie sommer enige liedjie wat oor menslike idees en gevoelens gaan nie, maar “Psalms, lofgesange en ander geestelike liedere.” Psalms is die 150 Psalms wat ons in die Bybel het. Lofgesange is liedere wat spesifiek daarop fokus om God te prys. Die geestelike liedere is liedere wat nie persoonlike gevoelens of gedagtes weergee nie, maar liedere wat sing van God se Almag, sy hulp, sy troos. Ook in dit wat ons as die Here se kerk sing, bely ons: Die Woord alleen.

Hoe sing ons? Met ons hele hart. Een van die groot dinge wat die Reformatore weer in die eredienste ingebring het, is die gemeente wat sing. Vir 'n lang tyd in die kerk se geskiedenis voor die Hervorming, het die gemeente nie gesing nie, maar daar is vir hulle gesing. Kore het vir hulle gesing. Die gemeente was stil in die erediens. Maar gehoorsaam aan die Woord, het die Hervormers weer laat die gemeente begin sing. Ongelukkig is daar kerke wat vandag die gevaar loop om nie die gemeente te laat sing nie, maar die gemeente te probeer vermaak met ander mense wat vir hulle sing.

Ons sing met ons hele hart en dit is wat tot die Here se eer strek. Vir ons sang om tot die Here se eer te wees, beteken nie almal moet baie goed en professioneel kan sing nie. Dit beteken nie ons moet deur 'n hele orkes van professionele musikante begelei word nie. Dit beteken eenvoudig dat elkeen van ons – of ons nou goed kan sing of nie, of ons nou weet hoe om noot te hou of nie – uit ons harte sing omdat die Here dit wil hê. Moet daarom nie sê dat jy nie mooi kan sing nie, so jy sing eerder nie saam nie.

Gelowiges wat vol is van die Gees, is gelowiges wat sing. Gelowiges wat vol is van die Gees, is ook gelowiges wat God die Vader dank. “Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam, van ons Here Jesus Christus.”

Wanneer ons vol is van die Gees, besef ons dat alles wat ons is en het, net genade is. Besef ons dat die Vader vir ons sorg en dat Hy vir ons lief is. Daarom dank ons Hom. Nie net met ons woorde nie, maar ook met ons lewens. Wanneer dank ons God? Altyd. Nie net wanneer ons lus is nie. Nie net wanneer dinge goed gaan nie. Maar altyd. Ook wanneer dinge

moeilik gaan en ons seer het, dank ons God, want ons weet dat ons ewig aan Hom behoort en dat Hy elke oomblik by ons is.

Waarvoor dank ons God? Vir alles. Nie net vir die dinge wat vir ons lekker is nie. Nie net vir aardse seëninge nie. Maar vir alles. Want ons weet dat alles wat met ons gebeur, dinge is wat ons Vader toelaat en gebruik om ons al hoe nader aan Hom te trek.

Hoe dank ons God? In die Naam van ons Here Jesus Christus. Ons besef dat ons slegs deur Jesus Christus met God versoen is. Dat ons slegs deur Hom God se kinders is. Ons maak nie aanspraak op onself wanneer ons God dank nie, ons hou vas aan Wie ons Here Jesus is. Ons dank God veral vir dit wat ons Here Jesus vir ons gedoen het: Hy het vir ons lewe uit die dood gegee. Ons uit die duisternis na die lig toe gebring. Ons sonde op Hom geneem sodat ons kan weet dat ons vergewe is. Hy maak dit vir ons moontlik om ons Vader te dank.

Sien jy hierdie twee kenmerke van 'n Geesvervulde gelowige in jou lewe raak? Sing jy tot die Here se eer en dank jy God?

Daar is maar een manier hoe ons as verlose mense in Christus kan lewe soos God wil. Dit is deur voortdurend volgemaak te word met die Heilige Gees. Al hoe ons volgemaak kan word met die Heilige Gees, is deur vol te wees van die Woord. Die Heilige Gees werk deur die Woord. Wanneer ons vol is van die Gees, dan borrel dit uit ons harte uit en ons sing tot eer van die Here en dank God.

Kyk mooi na hoe jy lewe, gelowige! Maak erns daarmee om vervul te word met die Gees deur die Bybel te lees, te oordink en toe te pas in jou lewe. Moenie dink dit is genoeg om Sondae in die erediens te wees nie. Moenie sê jy weet nie wat die Here se wil vir jou lewe is en jy het nie krag om te lewe soos Hy sê, maar jy weet nie eers waar jou Bybel is nie.

Mag die Here ons elkeen lei om vervul te word met sy Gees. Mag Hy ons elkeen dan lei om uit die hart uit tot sy eer te sing en om Hom te dank vir alles.

Gelowiges wat vol is van die Gees, is dankbare gelowiges wat sing. Moenie soos die wêreld lewe nie, maar word voortdurend vervul met die Gees.

10. Die huwelik gaan nie oor jou of jou huweliksmaat nie, maar oor die Here

Efesiërs 5:21-33

“Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.” Efesiërs 5:22,25

God sê hoe gelowiges in die huwelik moet lewe. Waar die eerste helfte van die brief aan die Efesiërs gaan oor wie ons as die Here se kerk is, gaan die tweede helfte oor hoe ons as sy kerk lewe. Hierdie manier van lewe gaan nie net oor die dinge wat ons saam as kerk doen nie, maar gaan ook oor hoe ons in ons persoonlike verhoudings lewe.

Omdat God die huwelik ingestel het, sê Hy hoe man en vrou in die huwelik moet lewe. Hierdie is iets waarteen sommige gelowiges skop: Wie is God om te sê hoe ek moet optree?

Hierdie is iets waarteen die wêreld skop: Wie sê net een man en een vrou mag met mekaar trou? Wie sê dat die man ‘n spesifieke rol het en dat die vrou ‘n spesifieke rol het? Hierdie rolle is in elk geval ouderwets en kom op niks anders as diskriminasie neer nie.

As ons na hierdie gedeelte luister, kan ons maklik op hierdie wêreldse manier daarna luister en onself vererg vir woorde soos onderdanig wees en eerbied betoon. Ons kan maklik dink dit beteken dat die man die baas is en die vrou moet spring wanneer hy sy vingers klap. Dat die man ‘n tiran mag wees en dat sy vrou haar lewe moet prysgee.

Die Here leer ons dat die huwelik nie oor jou of jou huweliksmaat gaan nie, maar oor Hom. As ons besef hoe duidelik Hy die rolle bepaal wat Hy aan man en vrou gee en as ons weet wat die groot doel is wat Hy vir die huwelik het, gaan ons onself nie vererg vir wat Hy sê nie, maar ons gaan besef hoe nodig ons het om in die huwelik te lewe soos Hy sê.

Wees uit vrees vir Christus aan mekaar onderdanig

“Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.” Dit is die woorde waarmee hierdie gedeelte begin. Hierdie opdrag gryp terug na die vorige gedeelte toe: Daar is net een manier hoe ons aan mekaar onderdanig kan wees en dit is wanneer ons vol van die Gees is. Hierdie vers vorm nie net die basis vir die verhouding tussen man en vrou nie, maar ook die basis vir die verhouding tussen ouers en kinders en eienaars en slawe wat in Efesiërs 6 bespreek word.

Wees aan mekaar onderdanig. Ons kan probeer om onderdanig wees te versag, maar in die oorspronklike taal is dit ‘n militêre term wat gebruik word. Sien die ander een asof hy of sy ‘n hoër rang as jy het. Onderwerp jouself aan die ander een. Wees bereid om die ander een te dien. Stel die ander een se belange bo jou eie.

Dit is wat God van gelowiges in hul verhoudings met mekaar verwag – veral ook in die verhouding tussen man en vrou. Besef dat jy in die huwelik is om jou huweliksmaat te dien. Die huwelik gaan nie oor jouself nie. As jy in die huwelik gaan lewe asof alles oor jou gaan, gaan jy jouself vasloop en jou huweliksmaat seermaak.

Maar die huwelik gaan ook nie oor jou huweliksmaat nie. Die Here sê nie dat jy jou huweliksmaat moet dien asof alles oor hom of haar gaan nie. Hy sê: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.” Letterlik staan daar: “Wees aan mekaar onderdanig in die vrees van Christus.” Omdat julle Christus vrees, moet julle aan mekaar onderdanig wees. Omdat julle eerbied en respek vir jul Koning en Verlosser het, moet jul aan mekaar onderdanig wees.

Mans en vrouens word geroep om in die huwelik onderdanig aan mekaar te wees. Dit is wat die Here sê. Die Here het tog die huwelik ingestel. Die huwelik is nie iets wat mense uitgedink het nie. Ongelukkig het die sondeval ‘n invloed op die huwelik ook! Waar die man moet leiding neem en as hoof sy vrou moet versorg en koester, is die man passief en dink net aan homself. Waar die vrou haar aan haar man met vreugde moet onderwerp en hom moet ondersteun, probeer sy, sy plek inneem. Die sondeval het gemaak dat mans hul ruggrate verloor het en dat vrouens op hul mans se koppe gaan sit het.

Noudat ons lewe in Jesus Christus het en noudat ons deur die Heilige Gees gelei word, maak die Here dit vir ons moontlik om in die huwelik te lewe soos Hy sê. Daarom moet ons daaglik die ou mens uittrek wat net vir hom of haarself wil lewe in die huwelik. Want die huwelik gaan nie oor jou of jou huweliksmaat nie, maar oor die Here.

Vrouens, wees aan julle mans onderdanig

Wanneer ons na die opdragte kyk wat God aan die vrou en aan die man gee, besef ons dat God verskillende rolle aan hulle gegee het. Daarom gee Hy verskillende opdragte. Toe God die mens geskep het, het Hy reeds hierdie rolle bepaal: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas”, sê die Here in Genesis 2:18. En in 1 Korintiërs 11:3 sê Hy: “Ek wil egter hê julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en ‘n man die hoof van sy vrou, en God die hoof van Christus.”

God het die man as die hoof van sy vrou gemaak. Daarom gee God aan vrouens die opdrag: “Vrouens, wees aan julle mans onderdanig.” Letterlik staan daar: Wees aan julle eie mans onderdanig. Hier is nie sprake dat alle vrouens aan alle mans onderdanig moet wees nie. Hier is nie sprake dat mans oor vrouens mag baasspeel nie.

Die wêreld en sommige gelowiges sien op hierdie punt rooi, want hulle dink dat onderdanig wees beteken dat die vrou haar lewe moet prysgee en haar man se slaaf moet wees. Dat sy nie ‘n identiteit meer het nie en dat sy nie haar mond oor enigiets mag oopmaak nie.

Dit is nie wat die Here sê nie. Daarom kwalifiseer Hy dit duidelik: “Wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.”

Wees aan julle mans onderdanig, soos julle aan die Here onderdanig is. Die Here verwag van jou om jou man te dien. Deur jou man te dien soos die Here sê, deur in die rol te lewe wat Hy vir jou in die huwelik gegee het, is jy besig om die Here te dien.

Hierdie onderdanig wees beteken glad nie dat jy jou lewe prysgee en dat jy jou man se slaaf is nie. Die Here sê tog duidelik: “Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.”

Hoe lyk ons as kerk se onderdanigheid aan Christus? Ons gehoorsaam Hom en ons volg Hom en ons luister na Hom. Nie omdat ons gedwing word nie. Nie omdat ons ons lewens nou moes prysgee nie. Nie onwillig nie. Maar gewillig en met vreugde omdat Hy ons Verlosser en Koning is!

Wanneer die Here van vrouens verwag om aan hulle mans onderdanig te wees, sê Hy dat vrouens hul mans vreugdevol en gewillig moet dien omdat die Here dit wil hê.

Daarom eindig hierdie gedeelte ook met die opdrag: “’n vrou moet aan haar man eerbied betoon.” Letterlik: ‘n Vrou moet haar man vrees. Nie bang wees vir hom nie, maar aan hom eerbied betoon. Respek vir hom hê. Hom bewonder en ondersteun.

Die Here gee nie net verskillende opdragte aan mans en vrouens omdat ons rolle in die huwelik verskil nie, maar ook omdat ons huweliksmaats ander dinge as ons in die huwelik nodig het! Jou man het nodig om te weet dat jy hom ondersteun en respekteer en dat jy waardering het vir dit wat hy vir jou doen. Jou man het nodig om te weet dat – al is hy op ‘n punt in sy lewe waar dit voel asof niks reg loop nie – dat sy vrou by hom staan.

Natuurlik gee die Here verskillende opdragte ook aan ons, omdat ons met verskillende dinge sukkel. Weens die sonde wil vroue dikwels op hul man se kop sit. Daarom gee die Here die opdrag: Wees onderdanig aan jou man, soos die kerk aan Christus onderdanig is. Dien jou man gewillig en met vreugde, want op hierdie manier dien jy die Here.

Mans, wees so lief vir julle vrouens dat julle bereid is om vir hulle te sterf
Net soos vir die vrou, gee die Here vir die man ‘n besondere rol en opdrag in die huwelik. Sommige mans sal graag wil hê dat hierdie gedeelte net hier moet stop. My vrou moet aan my onderdanig wees en ek is haar hoof. Dit is nie waar die Here stop nie!

Hy sê vir die mans hoe hul hoofskap moet lyk: “Julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.” Hoofskap gaan nie daarvoor dat almal moet doen wat jy sê nie. Dit gaan daarvoor om jou vrou waarlik lief te hê. Soos Christus die kerk liefhet. Dit

beteken nie dat jy jou vrou se Verlosser kan wees nie, maar dat jy Christus se voorbeeld van diensbaarheid tot die dood moet volg.

Christus het sy kerk so lief, dat Hy bereid was om sy lewe vir ons te gee. Dat Hy die straf op ons sonde in ons plek gedra het. Dat Hy in ons plek gesterf het.

Die Here verwag van mans om so lief te wees vir hul vrouens, dat hulle bereid is om vir hulle te sterf. So maak die Here dit ook duidelik dat ware liefde nie 'n gevoel is nie, maar 'n werkwoord. Jy as man moet elke dag bereid wees om vir jou vrou te sterf. Om haar selfopofferend te dien.

Dit beteken dat jy jou vrou met jou lewe moet beskerm. As daar byvoorbeeld 'n aanval op julle is, moet jy jou bereid wees om jou lewe te gee om jou vrou te beskerm.

Maar dit gaan dieper as dit en raak moeiliker as dit. Wanneer die Here sê dat jy jou vrou so moet liefhê, praat Hy nie net van wanneer daar gevaar is nie. Hy praat van elke dag. Jy moet elke dag bereid wees om vir jou vrou te sterf. Haar so liefhê dat jy haar belange bo joune plaas. Om jou vrou so lief te hê beteken om te beseef dat alles nie oor jou gaan nie. Dat jy nie in die middelpunt staan en almal moet net by jou manier van doen inval nie.

Onthou, die Here weet dat mans sukkel om enigiemand anders as hulself lief te hê, daarom gee Hy hierdie opdrag: Wees so lief vir jou vrou soos Christus vir die kerk is. Wees bereid om vir haar te sterf.

Die Here brei dan verder uit op Christus se liefde vir sy kerk in Efesiërs 5:26 en 27: "Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met water en woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik."

Jesus Christus het sy lewe gegee om ons as sy kerk skoon te was van ons sonde. Hy het dit met water en woord gereinig – So herinner die Here ons dat ons deur die Woord, die Evangelie, die Goeie Nuus van wat Jesus Christus gedoen het, gered word en dat die doop 'n teken daarvan is. Water en woord wys op die sakrament en die woord wat bymekaar pas. Ons is skoongewas deur Jesus Christus se bloed – dit is die boodskap van die Evangelie en dit word in die doop geteken.

Noudat die Here die kerk skoongewas het, is Hy besig om ons al hoe meer heilig te maak sodat ons eendag volkome verheerlik voor Hom kan staan. As sy Bruidskerk. Sonder enige sonde of gebrek.

Die Here verduidelik sy opdrag aan mans verder deur te sê: “Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê, soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons die lede is.”

Voed en versorg jou vrou, soos jy jou eie liggaam voed en versorg. Voed en koester jou vrou. Gee vir haar wat sy nodig het. Dit wat jou vrou nodig het, is nie net fisiese versorging nie. Die Here sê nie hier dat jy jou werk as ‘n verskoning mag gebruik om nooit tuis of betrokke te wees nie, omdat jy so sorg nie. Die Here verwag van mans om vir hulle vrouens alles te gee wat hulle nodig het. Nie net op ‘n fisiese vlak nie, maar op ‘n emosionele vlak ook.

Jou vrou het nodig om te hoor en te sien dat jy vir haar lief is! Nie net het jou vrou dit nodig nie, dit is ‘n opdrag van die Here af ook!

Hoe lyk hierdie selfopofferende liefde dan? Neem jou vrou in ag. Moenie van haar verwag om in alles net by jou manier van doen in te val nie. Laat jou vrou geliefd en waardevol voel, nie net deur jou woorde nie, maar deur jou dade ook. Besef dat die grootste deel van jou werk begin wanneer jy van die werk af by die huis aankom. Herinner en wys vir jou vrou dat jy haar waardeer. Moenie haar laat voel asof sy nie ‘n plek in jou lewe het nie. Koester haar. Hê net oë vir jou eie vrou en nie vir ander vrouens nie. Moenie bang wees om met jou vrou te gesels en gevoelens te deel nie. Besef dat dit nie oor jou gaan nie.

Om jou vrou se hoof te wees, beteken nie om baas te speel nie. Om jou vrou se hoof te wees, beteken om haar selfopofferend lief te hê. Om bereid te wees om elke dag vir haar te sterf. Daarom is ware liefde nie ‘n gevoel nie, dit is ‘n werkwoord.

Jou verhouding met jou vrou moet die belangrikste verhouding in jou lewe wees, na jou verhouding met die Here. Daarom sê die Here in vers 31: “Daarom sal ‘n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.” ‘n Man sal sy vader en moeder verlaat.

Wanneer jy die dag trou, begin die Here 'n nuwe gesin. Van daardie dag af moet jou huweliksmat die belangrikste persoon in jou lewe wees.

Jy moet jou vader en moeder verlaat. Dit beteken nie dat jy nou nie meer lief is vir hulle nie, maar dat jou vrou jou eerste prioriteit is. As daar iewers verskil word, kies jy altyd jou vrou se kant voor ander mense. Jou vrou moenie net belangriker as ander mense in jou lewe wees nie, maar as ander dinge ook.

Dit beteken nie dat jy nie vriende of stokperdjies mag hê nie, maar as daardie dinge belangriker as jou huweliksmat vir jou raak, is jy nie besig om in die huwelik te lewe soos die Here wil hê nie.

As jy voel of die liefde nie meer daar is in jou huwelik nie, moenie na 'n gevoel verlang nie, maar begin om jou huweliksmat te dien soos die Here sê.

Mans is oor die algemeen net lief vir hulleself. Daarom gee die Here aan ons die opdrag om ons vrouens selfopofferend lief te hê.

Die huwelik gaan oor die Here

Op hierdie punt moet ons vra: *Waarom? Waarom gee die Here spesifieke rolle en opdragte aan die man en die vrou in die huwelik? Waarom is dit vir Hom so belangrik dat mans en vrouens op 'n sekere manier in die huwelik moet lewe?*

Omdat die huwelik nie oor die man of die vrou gaan nie, maar oor die Here. Hy het die huwelik ingestel. Met 'n baie spesifieke doel: "Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit en ek pas dit toe op Christus en die kerk. Maar dit is ook op julle van toepassing." Die huwelik gaan oor die Here. Die huwelik moet die verhouding tussen Christus en die kerk wys.

Mense om jou en jyself moet in jou huwelik iets van Christus se liefde vir sy kerk en sy kerk se diensbaarheid aan Hom kan sien.

Daarom moet ons almal in die gemeente weet waaroor die huwelik gaan. Selfs al is ons nog nie getroud nie of selfs al is ons nie meer getroud nie of selfs al gaan ons nooit trou nie. Want die huwelik gaan oor Jesus Christus! Daarom gaan 'n preek oor die huwelik ook oor Jesus Christus en wat Hy doen.

Die huwelik is belangrik vir die Here want dit moet die verhouding tussen Christus en die kerk wys. Omdat dit so belangrik vir die Here is, sal die duiwel enigiets doen om hierdie prentjie te skeur. Hy kan nie die band wat gelowiges met die Here het ooit wegvat nie, maar hy doen sy bes om huwelike te verwoes. Daarom is die huwelik nooit net “maanskyn en rose” nie, maar ‘n daaglikse besluit om mekaar selfopofferend lief te hê.

Sien jy in jou huwelik en die huwelike om jou iets van Jesus Christus se verhouding met sy Bruidskerk? Besef jy dat Hy besig is om ons voor te berei om eendag as sy Bruidskerk by Hom te wees? Fokus jy jou lewe daarop? Gebruik jy die geleenthede wat jy kry om jou huweliksmaat te help om voor te berei vir die ewige lewe?

As jy nie getroud is nie: Meet jy die verhoudings waarin jy is aan die wêreld se standaard of God se standaard? Sien jy in die huwelike om jou iets van Christus se verhouding met sy kerk? Nog meer, besef jy dat jou verhouding met die Here soveel meer is as wat enige huwelik ooit vir jou kan gee? Jy is deel van sy Bruidskerk. Hy het sy lewe vir jou gegee. Nou kan ons in alles tot sy eer lewe.

God sê hoe gelowiges in die huwelik moet lewe. Hy gee aan mans en vrouens verskillende rolle en verskillende opdragte.

Vrouens, wees aan julle mans onderdanig. Doen dit gewillig en met vreugde soos vir die Here. Mans, wees selfopofferend lief vir julle vrouens. Volg die Here se voorbeeld daarin.

Besef dat jou huwelik ‘n prentjie moet wees van Christus se verhouding met sy Bruidskerk.

Mag God gee dat ons in ons huwelike sal lewe soos Hy sê. Mag Hy ons deur sy Gees lei en die krag gee om ons huweliksmaats te dien. Mag Hy ons sterk maak om elke dag doelbewus te besluit om ons huweliksmaats lief te hê. Mag Hy ons staande hou teen die aanslae van die duiwel. Mag Hy ons lei om te besef dat die huwelik nie oor ons gaan nie, maar oor Hom. Mag ons besef dat Hy die huwelik gebruik om elkeen van ons – getroud of ongetroud – te wys hoe groot Jesus Christus se liefde vir sy kerk is.

11. Die Here bepaal hoe die verhouding tussen ouers en kinders lyk

Efesiërs 6:1-4

“Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here wil.” Efesiërs 6:1,4

Hoe behoort die verhouding tussen ouers en kinders te lyk? Hieroor gaan daar duisende stemme in die wêreld op. Kyk maar byvoorbeeld net na die magdom boeke en kursusse wat bestaan oor hoe jy jou kind moet grootmaak. Nie net gaan daar duisende stemme op nie, die staat begin ook al hoe meer te probeer om vir ons voor te sê hoe ouers en kinders moet saamlewe.

Soveel ouers dink hulle werk is net om seker te maak dat hul kinders gelukkig is en soveel kinders dink hulle kan maar doen wat hulle wil omdat hulle pa en ma net hul vriend is.

Tussen al hierdie stemme wat opgaan en idees wat gevolg word, moet ons as gelowiges mooi besef dat die Here ‘n spesifieke manier het hoe Hy wil hê ons verhouding as gesin moet lyk.

Die gesin is vir die Here baie belangrik. Hy is glad nie stil oor hoe Hy wil hê gelowiges in gesinne moet lewe nie. Die deel wat ons uit Efesiërs saamgelees, gee ‘n duidelike samevatting van die opdragte wat ouers en kinders in hul verhouding met mekaar het. Hoor julle dat die Here nie fokus op die sogenaamde regte wat elkeen sou hê nie, maar op die verantwoordelikhede?

Kinders, gehoorsaam en eer julle ouers

Dwarsdeur die Bybel plaas die Here groot klem op die verantwoordelikheid wat ouers en kinders teenoor mekaar het. Dit is vir die Here so belangrik dat Hy dit selfs in die 10 gebooie geplaas het: “Eer

jou vader en jou moeder.” In die brief aan die Efesiërs gee die Here ook aandag aan die verhouding tussen kinders en ouers.

Hierdie gedeelte staan in die tweede hoofdeel van die brief wat gaan oor hoe ons as die Here se kerk in alle fasette van ons lewens leef. Of, anders gestel, hoe ons onder ons Here Jesus se Koningskap lewe.

Die Here begin met die opdrag aan die kinders: “Wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.” Letterlik staan daar: “Wees gehoorsaam aan julle ouers in die Here, want dit is reg.”

Om gehoorsaam te wees, beteken om te doen wat vir jou gesê word. Dit beteken om na iemand te luister. Luister na dit wat pappa en mamma vir jou sê. Doen wat hulle vir jou sê. Jou gehoorsaam wees hang nie daarvan af of jy met jou ouers saamstem en of jy lus is om te doen wat hulle sê nie. Jy mag nie sê dat jy nie gaan doen wat pappa of mamma sê omdat jy dit nie wil doen nie. Al wanneer jy nie na pappa of mamma mag luister nie, is wanneer hulle van jou verwag om iets te doen wat teen die Here se Woord is.

Waarom is jy gehoorsaam aan jou ouers? Die Here verwag dit van jou. Hy wil hê dat jy aan hulle gehoorsaam moet wees. As jy in die Here glo en lief is vir Hom, luister jy na jou ouers. Deur na jou ouers te luister, luister jy na die Here. Deur aan jou ouers gehoorsaam te wees, is jy besig om die Here te dien.

Gelowige kinders is gehoorsaam aan hul ouers. Die Here gaan nog verder met die opdrag: “Eer jou vader en jou moeder is ‘n baie belangrike gebod.” As kinders moet ons nie net ons ouers gehoorsaam nie, ons moet hulle eer ook! Waar gehoorsaam wees ‘n daad beskryf, beskryf eer jou ingesteldheid.

Om jou vader en moeder te eer, beteken om hulle as iets kosbaar te sien. Om hulle as waardevolle mense te sien wat die Here in jou lewe gebruik om jou van Hom te leer. Om te besef dat jou ouers ‘n kosbare seëning in jou lewe is waardeur die Here jou leer wat sy gesag beteken.

Om jou ouers te eer, beteken verder om hulle te respekteer. Om nie sleg van hulle te praat nie. Die Here is so ernstig hieroor dat kinders wat hulle ouers fisies of met woorde aangeval het, doodgemaak moes word in die Ou Testament. In Eksodus 21:15 en 17 staan: “Wie aan sy pa of ma slaan, moet doodgemaak word. Wie sy pa of ma vloek, moet doodgemaak word.”

Om jou ouers te eer beteken om waarlik lief te wees vir hulle. Dit beteken daarom ook om geduldig met hulle en hul gebreke te wees. Onthou, jou pa en ma is ook net mense wat God se genade in alles nodig het. Wees geduldig met hulle – veral oor hulle swakhede.

Om jou ouers te eer, is iets waarmee jy jou hele lewe lank besig is. Net omdat jy dalk al uit die huis uit is en jy en jou ouers al baie ouer is, beteken nie dat jy hulle nie meer moet eer nie. Ja, jy is nie meer aan hulle gehoorsaam soos 'n kind nie, maar die Here gee jou steeds die roeping om hulle te eer. Moenie van jou ouers in hul oudag vergeet nie. Moet hulle nie wegstoot uit jou lewe uit nie.

Die Here maak dit in 1 Timoteus 4:4 baie duidelik dat ons 'n groot verantwoordelikheid teenoor ons ouers het: “As 'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God.”

Saam met die opdrag om jou ouers te gehoorsaam en te eer, gee die Here 'n belofte: “Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op aarde.” Hoor julle dat die belofte anders klink as die belofte wat in die 10 gebooië gegee word? Daar belowe die Here: “Dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God jou gee.” Waarom hierdie verskil? Om te wys dat hierdie belofte vir die Here se hele kerk is – nie net vir hulle wat uit 'n Joodse agtergrond kom nie.

Wat beteken hierdie belofte dan? Dit beteken dat dit regtig goed gaan met mense wat aan hul vaders en moeders in die Here gehoorsaam is. Want hulle leer om met vreugde onder gesag te lewe. Onthou, jy lewe jou hele lewe onder gesag – of jy nou by die skool is en 'n onderwyser het, en of jy nou by die werk is en 'n baas het, en of jou nou as landsburger onder die gesag van die regering lewe. Alle gesag kom van God af – daarom moet kinders in die ouerhuis leer wat dit beteken om onder gesag te lewe.

Verder gaan hierdie belofte oor die ewige lewe: Gelowige kinders wat aan hul ouers gehoorsaam is, gaan ewig saam met die Here op die nuwe aarde lewe. Dit beteken nie dat jy die ewige lewe kan verdien nie, maar dat gehoorsaamheid aan jou ouers 'n bewys is dat jy waarlik in die Here glo!

Wat verwag die Here van kinders? Dat hulle aan hulle ouers gehoorsaam sal wees en hulle sal eer. In alles wat nie teen God se Woord is nie. Jou

gehoorsaamheid aan jou ouers word nie bepaal deur hoe jy daarvoor voel en wat jy daarvan dink nie, maar deur wat die Here sê.

Ouers, maak julle kinders met tug en vermaning groot

Die Here sê ook hoe ons ons kinders moet groot maak. Dikwels maak ons ons kinders op 'n manier groot wat vir ons gemaklik is. Hulle moet net by ons manier van doen inval en leer om ons nie te veel te pla nie.

Maar die Here bepaal wat ons fokus moet wees: “Vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.”

Waarom praat die Here hier met die vaders? Omdat Hy die man as die hoof van die gesin geplaas het. Die verantwoordelikheid lê by die pa om toe te sien dat dinge in die gesin gaan soos die Here dit wil hê. Dit maak glad nie die ma minder belangrik nie, maar die pa is die een wat moet leiding neem.

Eers sê die Here wat ons moet vermy en dan sê Hy wat ons moet doen. Moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie. Moenie hulle uitlok om kwaad en gefrustreerd te word nie.

Hoe lok mens jou kinders uit om opstandig te word?

- Deur nie betrokke by jou kinders te wees nie.
- Deur nie konsekwent teenoor jou kinders optree nie.
- Deur jou kinders oorbeskermd groot te maak.
- Deur hulle nooit die kans te gee om te leer om self verantwoordelikheid te neem nie.
- Deur kinders met mekaar te vergelyk. Onthou, jou kind is 'n unieke persoon!
- Deur die heelyd net negatief met jou kinders te kommunikeer en hul nooit positief aan te spoor nie.
- Deur jou kinders te druk om ten alle koste te presteer.

- Deur jou drome wat jy nooit kon bereik nie, deur jou kinders te probeer uitleef.
- Deur jou liefde en aandag aan jou kinders as 'n beloning te gebruik en nie iets wat onvoorwaardelik is nie.
- Deur mishandeling – hetsy fisies of emosioneel.

Die Here sê duidelik: Vermy hierdie dinge!

Jou kinders moet altyd geliefd en veilig by jou voel. Jy mag hulle nie as 'n tiran grootmaak waarvoor hulle bang is nie.

“Maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.” Maak hulle groot – gee vir hulle wat hulle nodig het! Lei hulle om te groei om die mense te word wat die Here wil hê hulle moet wees. Dit verwys na jou kind se opvoeding in geheel. Maak hulle groot soos die Here wil hê, nie soos jy of jou kinders wil hê nie.

Dikwels is die dinge wat ons en ons kinders wil hê baie selfsugtig en dra nie by tot die vorming van ons kinders na die beeld van God nie. Buig daarom met vreugde voor die Here, ook in die grootmaak van jou kinders.

Maak hulle groot met tug en vermaning. Tug beteken in die oorspronklike taal om vir jou kind 'n voorbeeld te gee wat hy of sy kan volg. Vermaning beteken in die oorspronklike taal om jou kind te dissiplineer en weg te lei van dinge wat nie by 'n kind van God hoort nie. So dit gaan oor jou dae en jou woorde! Dit gaan oor positiewe aansporing en negatiewe dissiplinering. Dit is die balans wat die Here wil hê!

Moenie bang wees om jou kind te dissiplineer nie! As jy jou kind nie dissiplineer nie, dra jy nie regtig sy beste belang op die hart nie. Die Here sê in Spreuke 13:24: “Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is.”

Moenie die leuen van die wêreld glo dat ons nie ons kinders moet tug nie. Kinders het nie net positiewe aansporing nodig nie, maar ook dissiplinering. Dit is nie 'n mens wat so sê nie, maar die Here.

Moet ook nie bang wees om jou kind lief te hê en vas te hou en aan te spoor nie. Ons kinders het dit ook nodig.

Dit is hoe die Here wil hê ons ons kinders moet groot maak: Volgens sy wil deur hulle positief aan te spoor en negatief te vermaan. Nie volgens ons eie standarde nie, maar volgens sy Woord. Omdat ons dade en woorde belangrik is, moet ons beseef dat ons kinders baie deur ons voorbeeld leer – goed en sleg! Daarom kan ek my kind net grootmaak tot eer van die Here as ek self in 'n verhouding met Hom lewe.

As jy jou kind tot die Here se eer wil groot maak, maak jul verhouding met Hom die grootste prioriteit. Leer jou kinders dat Hy in alles eerste kom. Hoeveel aandag en tyd spandeer jy daaraan om jou kinders te leer Wie die Here is? As dit die heel belangrikste ding is wat ons ooit vir ons kinders kan leer, moet die meeste van ons aandag en tyd tog daarin gaan!

Wat moet ouers doen? Hul kinders groot maak met tug en vermaning. Nie soos die ouers dit wil hê of soos die kinders dit wil hê nie, maar soos die Here dit wil hê.

Wees so aan mekaar onderdanig uit eerbied vir Christus

As ons so na hierdie opdragte luister, beseef ons dat dit geweldig baie opoffering van ons vra! Van my as kind vra dit om op te offer deur aan my ouers gehoorsaam te wees, selfs al stem ek nie saam nie en selfs al wil ek eerder iets anders doen.

Van my as ouer vra dit om op te offer deur my kinders groot te maak volgens die Here se wil, deur baie meer tyd aan hulle as aan my eie dinge te spandeer en deur hulle te tug en vermaan, selfs as dit nie vir my of vir hulle lekker is nie.

Daarom moet ons beseef dat daar net een manier is hoe ons waarlik as gesinne kan lewe soos die Here dit wil hê: Deur in Hom te glo en op Hom te vertrou. Deur te beseef dat Hy vir ons alles gegee het wat ons nodig het om tot sy eer te lewe. Deur te beseef dat deel van 'n lewe tot sy eer beteken om aan ons ouers gehoorsaam te wees en om ons kinders op te voed soos die Here wil.

Jou verhouding met jou ouers of kinders word deur jou verhouding met God bepaal. Net gelowiges kan waarlik gehoorsaam aan hul ouers wees en net gelowiges kan hul kinders waarlik reg grootmaak. Ja, ongelowiges kan goeie ouers in ons oë wees en vir hulle kinders alles gee wat hulle

nodig het – maar hulle leer hulle kinders nie wie die Here is en wat Hy doen nie! Wat help dit jou jy kry alles op aarde wat jy begeer – maar jy leer ken nie die Here wat lewe uit die dood gee nie.

In Efesiërs 5:21 staan: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.” Dit vorm nie net die basis vir die huwelik nie, maar vir al ons persoonlike verhoudings as gelowiges.

Wees aan mekaar onderdanig. Dien mekaar. As kind doen jy dit deur in alles na jou ouers te luister. As ouer doen jy dit deur jou kinders en hul verhouding met die Here voor jou eie belange te plaas.

Wanneer jy aan jou ouers gehoorsaam is en wanneer jy alles insit om jou kinders reg groot te maak, doen jy dit nie ter wille van hulle nie, maar ter wille van die Here. Omdat jy vir Hom lief is, doen jy wat Hy vir jou sê. Omdat jy dankbaar is oor die feit dat jy lewe uit die dood uit het in Jesus Christus, lewe jy daardie lewe tot sy eer. Ook in jou verhouding met jou ouers of kinders.

Ons gesinne staan ook nie los van die gemeente nie. Die hele gemeente is nodig vir gesinne om reg te funksioneer. Daarom word kinders in die erediens gedoop waar die hele gemeente teenwoordig is. Die gemeente het die roeping om ouers te ondersteun en by te staan in die grootmaak van hulle kinders. Deur voorbeeld en deur daad.

Verder moet ouers en die hele gemeente besef dat kinders waarlik deel van die gemeente is. Ouers, moet daarom nie skaam wees om julle kinders te verduidelik waarmee ons in die erediens besig is nie. Ander gemeentede, moenie die ouers aangeluur wat hul bes doen om hul kinders in die erediens te hê nie. Waar anders gaan ons kinders leer?

Natuurlik gee die Here vir ons elkeen groot troos ook: Hy troos ons wat dalk nie kinders kan hê nie. Hy troos ons wat dalk nie ouers het nie. Of ons wat dalk net een ouer het. Hy troos ons wat besef dat ons nie besig is om te doen wat Hy verwag nie. Hy troos ons met die wete dat Hy veel liefier vir ons en ons kinders is, as wat ons ooit kan wees. Hy troos ons met die wete dat ons ewig aan Hom behoort en dat ons deel is van God se huisgesin. Hy troos ons met die wete dat ons ‘n volmaakte Vader in die hemel het wat vir ons sorg.

Hy gee vir ons wat ons nodig het om in ons gesinne te lewe soos Hy sê. Hy lei ons deur sy Gees. Hy laat ons in al sy rykdomme deel.

Jou verhouding met jou ouer of jou kind gaan oor die Here. Maak dit jul hoogste prioriteit om Hom saam as gesin te dien.

Die Here sê baie duidelik hoe sy kerk moet lewe – ook in ons gesinne. Hy sê vir kinders om aan hul ouers gehoorsaam te wees en om hulle te eer. Hy sê vir ouers om hul kinders met tug en vermaning groot te maak en om hulle nie onnodig kwaad te maak nie. Dit vra opoffering van kinders en ouers.

Dalk sit jy vandag hier en besef dat jy glad nie in jou verhouding met jou ouers of kind lewe soos die Here dit wil hê nie. Dan is hierdie preek vir jou 'n bekeringsoproep om te doen wat die Here wil hê, omdat jy nog tyd het!

Dalk sit jy hier vanoggend en jy sukkel om aan jou ouers gehoorsaam te wees. Dan is hierdie preek 'n herinnering vir jou dat wanneer jy aan jou ouers gehoorsaam is, jy besig is om die Here te dien.

Dalk sit jy hier vanoggend en besef dat jy veel meer tyd en aandag aan jou eie dinge spandeer as aan jou kinders. Dan is hierdie preek 'n vermaning om op die regte dinge te fokus terwyl jy nog kan.

Dalk sit jy hier vanoggend met 'n stukkende gesin of met geen gesin nie. Dan gee die Here vir jou troos dat jy ewig deel is van sy huisgesin.

Lewe as ouers en kinders soos die Here sê. Hy weet wat die beste vir ons is.

12. Die Here bepaal hoe jy jou werk doen

Efesiërs 6:5-9

“Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met ‘n opregte hart, asof dit vir Christus is. En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.” Efesiërs 6:5,9

Hoe doen jy jou werk as gelowige? Hoe hanteer jy as ‘n gelowige werknemer jou baas? Hoe hanteer jy as ‘n gelowige werkgewer die mense wat vir jou werk?

Werk en werksverhoudings in Suid-Afrika verkeer gewoonlik onder groot druk. Die spanning loop hoog en baie werksplekke is ‘n kookpot wat op die punt staan om oor te kook – veral wanneer daar oor salarisse onderhandel moet word. Dikwels is daar een of twee persone wat ‘n probleem het en dan staak die hele werksmag. Dan praat ons nog nie eers van sommige vakbonde wat net kyk hoeveel hulle dinge kan ontwig nie.

Verder werk heelwat mense vir base wat net oor geld besorg is. Hoe meer geld hulle kan maak, hoe beter. Al beteken dit dat hulle hul werknemers onregverdig behandel en nie regverdig vergoed nie. Al beteken dit dat hulle die onmoontlike van hul werknemers verwag en nie oor hul welsyn omgee nie.

Al hierdie dinge maak ons moedeloos en kwaad. Dit maak dat ons maklik dinge in ons eie hande wil neem. Of dat ons glad nie meer omgee oor ons werk nie. Ander mense gee nie om nie, so waarom moet ons? My baas hanteer my onregverdig, so waarom moet ek my beste gee in my werk? My werknemers bring nie hul kant nie, so waarom moet ek billik wees?

Die Here sê baie duidelik hoe Hy wil hê gelowiges hul werk moet sien en hul werkgewers of werknemers moet hanteer. Kom ons kyk saam na dit wat Hy van ons verwag. Ons gaan eers kyk na die verhouding wat daar tussen eienaars en slawe in Efese moes wees, dan na hoe dit van toepassing op ons werk en werksverhoudings is, om op hierdie manier by

die kern van die Here se opdrag uit te kom: Doen jou werk en hanteer die persone vir wie jy werk of wat vir jou werk soos 'n slaaf van Christus.

Eienaars en slawe

Die oomblik wanneer ons oor slawe praat, ontstaan daar 'n klomp vrae by ons. Ons wonder dikwels of die Here slawerny goedpraat omdat dit in die Bybel beskryf word. Hoewel slawerny in die Bybel beskryf word, praat die Here dit nie goed nie. Wat ons in gedagte moet hou is dat slawerny in daardie dae anders gelyk het en dat die afskaffing van slawerny in baie lande gelei is deur Christene wat hul slawe anders hanteer het. Hoewel daar slawerny in daardie dae was, het die Here sekere optrede van eienaars en slawe verwag wat lynreg teenoor die algemene manier van doen gestaan het.

In die Romeinse ryk, waarbinne die Efesiërs gelewe het, was slawe deel van die huishoudings gewees. Dit was ook nie net mense van een volk of nasie wat ingevoer was om slawe te word nie. Verskillende mense uit verskillende agtergronde was slawe. Verder was die moontlikheid daar dat slawe hul vryheid kon koop of verdien.

Ongelukkig het slawe glad nie regte gehad in die Romeinse Ryk nie. Hul eienaars het die sê oor hul lewens gehad. Eienaars kon met hul slawe doen wat hulle wil – hulle selfs martel en doodmaak.

'n Groot klomp Romeinse burgers het werk gesien as iets wat benede hulle is, daarom het die hele ryk mettertyd op slawekrag gefunksioneer.

Dit is in hierdie moeilike omstandighede, waar jy glad nie regte gehad het nie en jou eienaar die sê oor jou gehad het, wat slawe gelewe het. Ja, hul eienaars moes vir hulle sorg deur vir hul blyplek en kos te gee, maar baie eienaars was onregverdig en wreed teenoor hul slawe.

Dit is in hierdie omstandighede wat die Here dan vir gelowige slawe 'n baie duidelike opdrag gee: "Wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde." Luister wat hulle sê en doen wat hulle wil hê. Dit word nie bepaal deur hoe die slaaf daarvoor voel nie. Al wanneer 'n gelowige slaaf nie na sy of haar eienaar mag luister nie, is wanneer daar iets van jou verwag word wat teen die Here se Woord is.

Op hierdie manier verwag die Here van gelowige slawe om radikaal anders as die wêreld te wees! Waar hulle maklik kon dink hul vryheid in Jesus Christus beteken dat hul nie meer slawe op aarde is nie, sê die Here duidelik dat hulle aan die gesag wat oor hulle gestel is, gehoorsaam moet wees.

Die Here gaan verder met die opdrag in vers 5: “Doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met ‘n opregte hart.” Letterlik staan daar: “Doen dit met vrees en bewing in opregtheid van julle harte.” Vrees en bewing wys hoe belangrik dit vir die Here is dat die slawe hulself moet onderwerp aan die gesag wat oor hul gestel is. Wanneer hulle hulle aan hierdie gesag onderwerp, onderwerp hulle hulle aan die Here. Wanneer hulle gehoorsaam aan hul eienaars is, is hul besig om die Here te dien.

Die Here verwag van gelowige slawe om aan hul eienaars gehoorsaam te wees. Om nie net te doen wat hul sê en dan agteraf daarvoor te kla of hul sleg te sê nie. Daarom sê die Here: Doen dit met ‘n opregte hart.

Verder verwag Hy van hulle om nie net te werk om mense gelukkig te hou nie. Daarom sê Hy in vers 6: “Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie.” Moenie net werk wanneer jou eienaar jou sien nie. Moenie ophou werk en lyf wegsteek wanneer jou eienaar nie daar is nie.

In vers 7 sê die Here: “Doen julle werke met lus.” Die woord wat met “lus” vertaal is, beteken om bereid te wees om die ekstra myl te stap, om bereid te wees om iemand tegemoet te kom, om bereid te wees om meer te doen as wat van jou verwag word.

Die Here sê vir gelowige slawe om gehoorsaam aan hul eienaars te wees en om hul werk voluit te doen, terwyl hulle bereid is om meer te doen as wat van hulle verwag word.

Besef julle hoe groot hierdie roeping is wat die Here vir gelowige slawe het? Hy stop nie by die slawe nie, Hy gee spesifieke opdragte aan gelowige eienaars ook: “En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is en Hy trek niemand voor nie.”

Die Here verwag van gelowige eienaars om nie hul slawe te misbruik nie, maar om hulle met respek te hanteer. Daarom sê Hy dat hulle hulle nie moet dreig nie. Moenie tiranne wees wat bloed uit klippe probeer tap nie. Die Here sê dit want gelowige eienaars moes beseft dat hulle nie beter as hulle slawe is nie! Hulle is nie beter omdat hulle die baas is nie. Slawe en eienaars het almal dieselfde Here wat oor hulle regeer. Hy trek niemand voor nie. Hy is nie partydig nie. Hy tree nie onregverdig op nie. Die Here verwag van die gelowige eienaars om die manier hoe Hy mense met regverdigheid hanteer, te volg.

Werkgewers en werknemers

Hoewel daar groot verskille tussen werkgewers en werknemers van vandag, en eienaars en slawe van toe is, is daar beslis lyne wat ons na vandag toe kan trek.

Ja, vandag kan jy as jy voel dat iemand nie sy of haar kant bring nie en jy kan dit bewys, hulle afdank. As jy voel dat jou baas jou nie regverdig hanteer nie, kan jy bedank en ander werk soek. Maar die Here verwag van ons ook as gelowige werkgewers en werknemers om mekaar op dieselfde manier te hanteer.

Gelowige werknemers moet doen wat hul werkgewers sê. Nie met lang gesigte nie, maar uit die hart uit met die bereidwilligheid om meer te doen as wat van jou verwag word. Gelowiges doen nie halwe werk nie en werk nie om net deur mense raakgesien te word nie. Gelowiges werk net so hard wanneer hulle vir 'n verhoging of hoër pos werk, as wanneer hulle vir daardie verhoging of hoër pos oorgesien word. Vir gelowiges gaan werk nie daaroor om deur mense raakgesien te word nie.

Gelowiges kyk nie hoe min hulle kan doen net om hul base gelukkig te hou nie, maar gee alles om waarlik 'n verskil te maak.

Net so hanteer gelowige werkgewers hul werknemers op 'n ander manier as die wêreld. As jy 'n gelowige baas is, verwag die Here van jou om jou werkers met respek te behandel. Hy verwag van jou om begrip vir hulle te hê. Hy verwag van jou om hulle belange ook op die hart te dra. As jy as gelowige baas net besorg is oor geld en nie oor hoe dit met jou werkers gaan of wat jy met hulle doen nie, is jy nie gehoorsaam aan die Here nie.

As jy as gelowige baas net oor jou werknemers loop en nie besef jou manier van doen veroorsaak groot skade nie, is jy nie gehoorsaam aan die Here nie. As jy as gelowige werkgewer dink jy is beter as mense wat vir jou werk omdat jy die baas is, besef jy nie dat elke liewe mens onder die Here se gesag staan nie. Hy trek nie mense voor nie. Vir Hom is dit nie belangrik of jy 'n baas of 'n werknemer is nie – elkeen staan gelykwaardig voor Hom.

Dit beteken nie dat jy nie regverdig moet wees nie. Dit beteken nie dat jy sekere dinge die heelyd moet oorsien nie. Die Here verwag juis van jou om regverdig te wees!

Hoe maak ons wanneer ons base onregverdig en ongelowig is? Ons luister steeds vir hulle. Hoe maak ons wanneer ons werknemers nie doen wat hul moet nie? Ons is steeds regverdig.

Ons roeping as gelowiges is om te doen wat die Here van ons verwag – selfs wanneer ons werkgewers of werknemers nie doen wat hulle moet nie. Ons werk nie vir mense nie, ons werk vir die Here. Daarom sê Hy in vers 8: “Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.” Al sien jou baas nie jou harde werk raak nie en al sien jou werknemers nie raak hoeveel jy vir hulle doen nie – die Here sien dit raak en jy werk vir Hom.

Wat as jou baas of werknemers ook gelowig is? Kan jy dan maar kanses vat en dinge anders doen? Kan jy dan maar slap lê omdat jy en jou baas dieselfde glo? Glad nie! As die Here van ons verwag om reg op te tree wanneer ons base of werknemers ongelowig is, hoeveel te meer verwag Hy dit nie van ons wanneer hulle gelowig is nie?

Die manier hoe ons teenoor ander mense optree, word nie deur hul optrede bepaal nie. Daarom sê die Here in 1 Petrus 2:18: “Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.”

Die Here sê vir gelowige werknemers om te doen wat jou baas sê. Doen jou werk voluit en wees bereid om meer te doen as wat van jou verwag word. Moenie net werk sodat mense jou sien en jy hulle gelukkig kan hou nie. Gelowiges doen nie halwe werk nie. Gelowiges lê nie slap nie.

Die Here sê vir gelowige werkgewers om hul werknemers met die regte gesindheid te behandel. Om hulle nie te dreig nie. Om nie onbillik teenoor

hulle op te tree nie. Om nie oor hulle te loop net sodat jy meer geld kan maak nie. Om nie onsensitief vir hulle menswees en behoeftes te wees nie. Om regverdig te wees. Om te weet wat hulle nodig het om van te lewe. Om bereid te wees om te luister.

Doen jou werk soos 'n slaaf van Christus

Sien julle dat dit wat die Here van ons as gelowiges verwag, heeltemal anders as die wêreld se manier van doen is? Sien julle dat dit heeltemal teen die gees van die tyd ingaan waar elkeen net oor homself bekommerd is en nie omgee om op ander mense te trap nie?

God verwag van ons om anders te wees! Hy het ons gekies as sy kerk, Hy het ons gered van die sonde en die dood en Hy het ons gemerk as Syne om heilig te wees. Hy het ons lewe uit die dood gegee sodat ons ons lewens aan die goeie dade kan wy waarvoor Hy ons bestem het. Hy het ons lede van sy huisgesin gemaak. Hy stel ons in staat om te beseef hoe groot ons Here Jesus se liefde vir ons is. Hy laat ons groei as deel van sy kerk. Hy lei ons om elke dag die ou mens uit te trek en die nuwe mens aan te trek. Hy maak ons vol van die Heilige Gees sodat ons kan lewe soos Hy vir ons sê.

As gelowiges doen ons ons werk anders en hanteer ons mense anders, omdat ons nie aan onself behoort nie. Ons behoort aan die Here. Daarom sê die Here in vers 6: "Asof dit vir Christus is." Doen julle werk asof dit vir Christus is. Letterlik staan daar: "Soos slawe van Christus wat die wil van God van harte doen."

Ons is slawe van ons Here Jesus Christus. Ons behoort aan Hom. Hy het ons losgekoop met sy bloed om sy kerk te wees. Hy is ons Here. Here beteken dat Hy ons Eienaar is. Omdat ons aan Hom behoort, omdat Hy vir ons lewe gegee het, omdat Hy ons deur sy Gees lei om te lewe soos Hy wil, doen ons ons werk voluit vir Hom. Volg ons sy voorbeeld in die manier hoe ons ons werkgewers en werknemers hanteer.

Werk is nie 'n straf nie. Ons is gemaak om te werk. Voor die sondeval al gee God vir Adam die opdrag om die aarde te bewerk. Werk het nie eers na die sondeval gekom nie. Werk het wel moeilik geword na die sondeval. Werk maak ons nou moeg en ons bereik nie altyd wat ons wil bereik nie en daar is dikwels onreg by die werksplek.

Die Here verwag van ons om voluit te werk. Om met ons hele hart te werk. Omdat ons in die eerste plek nie vir mense werk nie, maar vir Hom. Wanneer ons op hierdie manier werk, dien dit as 'n getuienis teenoor ongelowige mense. Hulle gaan sien ons werk anders en hanteer dinge anders. Dit gee dan aan ons die geleentheid om die Evangelie met hulle te deel. Daarom sê die Here in 1 Tessalonisense 4:11 en 12: “Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgedra het. Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie.” Wanneer ons voluit werk en ons werkgewers en werknemers hanteer soos die Here sê – selfs wanneer hulle dit nie verdien nie – skep ons geleenthede om die Evangelie te verkondig.

Verder is ons dan 'n voorbeeld vir gelowiges om ons. Hulle sien hoe die Here van ons verwag om te werk en hoe om onreg in die werksplek te hanteer.

Wanneer ons werk soos die Here sê en ons werkgewers en werknemers hanteer soos Hy wil hê, is ons besig om Hom te dien. Is ons besig om vir Hom te wys dat ons vir Hom lief is. Is ons besig om te wys hoe Hy wil hê dinge in die wêreld moet lyk.

Efesiërs 5:21 vorm die basis vir die verhouding tussen gelowige werkgewers en werknemers: “Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.” Ek is nie gehoorsaam aan my werkgewer omdat ek gesien wil word of omdat ek bang is vir hom nie. Ek hanteer nie my werknemers met respek en begrip omdat ek hulle wil manipuleer nie. Ek doen dit uit eerbied vir Christus. Ek doen dit vir die Here. Die manier hoe ek my werk doen en hoe ek mense wat bo my aangestel is of onder my aangestel is, hanteer, sê baie oor my verhouding met die Here.

In 'n wêreld waar base dikwels uiters onregverdig is en geen begrip vir hul werknemers het nie, in 'n wêreld waar mense dikwels halwe werk doen en kyk met hoeveel hulle kan wegstap, verwag die Here van sy kerk om anders te wees. Verwag Hy van gelowiges om hul werk voluit vir Hom te doen. Verwag Hy van gelowige werkers om aan hul base gehoorsaam te wees en verwag Hy van gelowige base om hul werkers met begrip en respek te hanteer.

Jou geloof is nie net iets wat jy op Sondag beoefen nie – dit verander jou hele manier van lewe. Jesus Christus is nie net Koning oor sekere dele van jou lewe nie – Hy is Koning oor elke deel, ook oor jou werk.

Mag die Here ons elkeen lei om ons werk voluit en met die hele hart vir Hom te doen. Mag Hy ons lei om aan ons base gehoorsaam te wees en bereid te wees om meer te doen as wat van ons verwag word.

Mag Hy ons lei om die mense wat vir ons werk regverdig en met begrip te hanteer.

In 'n wêreld waar elkeen net vir homself lewe en nie omgee om op ander te trap of om ander te na te kom nie, sê die Here vir sy kerk: Doen julle werk vir my. Lyk anders as ander mense, ook in die manier hoe julle julle werk doen. So skep julle geleenthede om die Evangelie te verkondig. So is julle 'n voorbeeld vir ander gelowiges en bemoedig julle hulle. So is julle besig om My te dien en vir My te wys dat julle vir My lief is.

13. Stry die stryd op jou knieë

Efesiërs 6:10-24

“Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Doen dit alles biddend en smeeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.” Efesiërs 6:10,28

Hoe stry jy die stryd waarin ons as gelowiges gewikkel is? Weet jy ooit dat ons in ‘n stryd is? Elke gelowige wat getrou aan God wil lewe, is in ‘n stryd gewikkel. ‘n Oorlog. Dit is nie ‘n stryd teen ‘n swak vyand nie. Dit is ‘n stryd teen die duiwel en sy magte. Dit is nie ‘n stryd wat op ‘n ver afstand gevoer word nie. Dit is ‘n “in jou gesig”-stryd.

Elke versoeking waarin jy kom, elke sonde waarmee jy worstel, elke ding wat veroorsaak dat jy jou fokus van die Here aftrek, alles wat in jou lewe gebeur... is deel van hierdie stryd.

Ons kan maklik op onself probeer staatmaak of ons kan dink ons moet allerhande vreemde dinge doen om staande te bly teen die duiwel en sy aanslae.

Maar daar is net een manier om vas te staan in die stryd teen die duiwel en sy magte – deur ons krag biddend by die Here te kry met die wapenrusting wat Hy vir ons gee.

Ons is in ‘n stryd teen die duiwel en sy magte gewikkel

Ons stryd is teen die duiwel en sy magte. Onthou, die duiwel is klaar oorwin deur ons Here Jesus Christus. Met sy wederkoms gaan Hy daardie oorwinning voltrek deur die duiwel ewig in die hel te werp. Die duiwel gaan nie daar regeer nie, hy gaan daar gestraf word. Tot dan gaan die duiwel alles doen wat hy kan om ons aan te val. Hy kan niks aan ons Here doen nie – daarom probeer hy sy bes om iets aan ons, die Here se kerk, te doen.

Die duiwel is nie ‘n swak vyand nie. In Openbaring 12 word hy ‘n draak genoem. In 1 Petrus 5 word hy ‘n brullende leeu genoem wat op soek is na iemand om te verslind.

Na ons Here Jesus se oorwinning oor hom, het hy nie toegang tot God nie, daarom probeer hy alles wat hy kan om ons van God af weg te trek. Hy val gelowiges aan. Hierdie aanvalle word ook nie minder soos jy in die geloof groei nie, die stryd word groter!

In vers 11 word die manier hoe hy te werk gaan “listige aanslae” genoem. Hy gebruik misleidende en bose maniere om gelowiges aan te val.

Een van die maniere hoe hy gelowiges aanval is deur die wêreld. Die sondige wêreld is onder sy heerskappy. Hy gebruik groot leuens om die wêreld te mislei: Die leuen dat alle godsdienste gelyk is, die leuen dat jy maar self kan besluit oor jou seksualiteit, die leuen dat die waarheid relatief is, die leuen dat jy betekenis in besittings gaan vind, die leuen dat jy gelukkig gaan wees as jy geld het, die leuen dat die mens eintlik goed is...

...die leuen dat jy ‘n slagoffer van jou omstandighede is, die leuen dat ouers nie hul kinders met tug en vermaning moet grootmaak nie, die leuen dat die huwelik nie eintlik so belangrik is nie, die leuen dat dit elkeen vir homself by die werk is, die leuen dat wêreldse antwoorde genoeg is om ware troos te gee, en so kan ons nog ‘n klomp leuens noem. Die duiwel is die vader van die leuen.

Ongelukkig is daar baie gelowiges en baie kerke wat nie vas staan teen hierdie leuens en dit uitwys vir wat dit is nie, maar saam met die wêreld hierdie leuens begin glo en verkondig!

Verder val die duiwel gelowiges op ‘n persoonlike vlak aan. Hy kom met versoekings. Hy laat die sonde lekker en aanloklik lyk. Laat dit soos iets lyk wat skadeloos is. Hy val gelowiges op ‘n persoonlike vlak aan met skuldgevoelens. Hy laat ons dink dat ons sonde so groot is dat God niks meer met ons te doen wil hê nie. Hy laat ons dink ons is slagoffers en dat alles wat met ons gebeur ander mense of omstandighede se skuld is. Hy maak ons moedeloos en laat ons wonder of dit ooit die moeite werd is om te volhard.

Sy aanvalle op ons word brandpyle in vers 16 genoem. Wanneer ‘n brandpyl tref, dan steek hy dinge aan die brand. Dit saai verwoesting.

Een van die duiwel se effektiefste maniere van aanval is om mense te laat dink dat hulle nie in ‘n stryd gewikkel is nie. Om mense te laat dink dat hy

glad nie bestaan nie en daarom nie 'n bedreiging vir hulle is nie. Of om na die ander kant toe mense obsessief te maak oor hom en sy magte. Soveel so dat hulle nie meer op die Here fokus nie, maar op hom.

Ons is in 'n stryd gewikkel teen die duiwel en sy magte, wat weet dat hulle oorwin is en daarom probeer hulle alles in hulle vermoë om ons weg te hou van die Here af. Die duiwel val ons met leuens aan. Dit is 'n moeilike stryd. Die woord wat met "stryd" in vers 12 vertaal is, kan ook vertaal word met "stoei" of 'n "hand-tot-hand-geveg". Die stryd is 'n werklikheid vir elke gelowige! Dit is nie net sommige van ons wat hierdie stryd stry nie!

Ons sien in ons lewens dat ons in 'n stryd is. Elke ware gelowige weet dat die lewe nie maanskyn en rose is nie. Dat ons nie 'n maklike tyd op aarde het nie. As iemand ooit vir jou vertel dat om in ons Here Jesus Christus te glo gaan uitloop op 'n maklike lewe, is hulle besig om vir jou te jok. Ons is in 'n stryd – moet dit nie vergeet nie, want 'n soldaat wat nie eers weet dat hy in 'n oorlog is nie, kan nie veg nie.

God gee vir ons die wapenrusting vir ons stryd

God laat nie sy kinders sonder beskerming in die stryd staan nie. Hy gee vir ons ons wapenrusting om aan te trek. Ons kry die opdrag in vers 11: "Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel" en in vers 13: "Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan."

Die wapenrusting wat God ons gee, stel ons in staat om in die stryd te volhard tot die einde toe.

Ons wapenrusting begin met die waarheid as gordel. Die gordels van die soldate in daardie dae het die hele wapenrusting in plek gehou. Dit het gekeer dat dinge onnodig rond wapper wat die soldaat dalk sou verhinder of laat val in die oorlog. Ons gordel wat alles bymekaar hou, is die waarheid. Sonder die waarheid val alles uitmekaar. Sonder die waarheid kan ons nie lewe nie. Ons glo tog die waarheid. Ons glo tog dat ons Here Jesus Christus die Waarheid is. Die Here leer ons in Efesiërs 4 dat ons in liefde by die waarheid sal bly as ons al hoe nader aan Hom groei.

Wanneer jy die waarheid laat gaan, kan jy maar die stryd los. Dit is so hartseer om te sien dat die waarheid dikwels een van die eerste dinge is mense bereid is om prys te gee om nie aanstoot te gee nie.

Vryspraak of geregtigheid is ons borsharnas. Die belangrike deel wat 'n soldaat se belangrikste organe beskerm het. Sonder vryspraak is ons kwesbaar. Vryspraak is iets wat ons in ons Here Jesus Christus het. Toe Hy vir ons sonde gesterf het en opgestaan het uit die dood, het Hy ons laat deel kry in sy geregtigheid. Ons staan nie skuldig voor God nie.

Van die gevaarlikste aanvalle van die duiwel is die leuen waarmee hy kom dat ons nie 'n verhouding met God kan hê nie, omdat ons sonde so groot is. Hy gaan reguit vir die hart met hierdie brandpyl. Maar as ons vryspraak as borsharnas het – as ons vashou aan die feit dat ons 'n verhouding met God het op grond van Jesus Christus se geregtigheid, word ons teen hierdie aanvalle beskerm.

'n Soldaat wat nie kan vastrap nie sou nie baie lank op die oorlogsveld in daardie dae gehou het nie. Daarom gee die Here vir ons ook skoene: “Die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig.” Of soos dit letterlik daar staan: “die skoene van gereedheid van die Evangelie van vrede.” Die Evangelie maak dat ons kan vasstaan in die stryd. Al lyk dit of alles om ons vergaan, al lyk dit soms of ons lewens op hul koppe gekeer is, al weet ons nie lekker wat volgende nie, kan ons vasstaan want ons glo die Evangelie.

Ons glo die Goeie Nuus dat ons vrede met God het deur Jesus Christus. As ons vrede met God het, weet ons dat niks met ons kan gebeur wat ons ooit van sy liefde kan skei nie. Daarom staan ons vas. Ons staan nie vas wanneer ons onself probeer red met allerhande ander dinge of wanneer ons dink dat ons nie die Evangelie nodig het omdat ons eintlik nie so sleg is nie. Ons staan nie vas wanneer ons die leuen van die duiwel glo dat ons slagoffers is nie. Ons staan vas wanneer ons glo dat ons meer as oorwinnaars is deur Hom wat ons liefhet.

Verder het ons geloof as skild. Die skild wat hier van gepraat word, was 'n groot skild wat soldate gedra het wat hul hele lyf kon beskerm. Wanneer ons heeltemal op God vertrou in alles, kan ons die erge aanvalle van die duiwel afweer. Die aanvalle wat dikwels op ons neerreën dat ons nie God se liefde en genade verdien nie. Ons keer hierdie aanvalle deur te vertrou op dit wat God vir ons in Jesus Christus gedoen het.

Die helm wat ons van God ontvang, is verlossing. Die helm speel 'n belangrike rol want hy beskerm jou kop teen noodlottige wonde. Met verlossing as helm op die kop kan die duiwel ons nie enige noodlottige wonde toedien nie. Vers 17 sê duidelik in die oorspronklike taal: "Vat die helm van verlossing." Neem hierdie geskenk wat God vir jou gee as helm. Hou vas aan God se groot genade dat Hy jou verlos het van die sonde en die dood. Ja, ons verdien die ewige straf en ja, uit ons eie is ons nie die moeite werd nie – maar ons is gered deur ons Here Jesus Christus! Hierdie redding staan vas en seker.

God gee ons ook 'n swaard. Met 'n swaard verdedig jy, maar jy val ook aan. Hy gee vir ons die swaard van die Gees, die Woord van God. Die Woord word die swaard van die Gees genoem, omdat die Gees deur die Woord werk en omdat jy nie die Woord kan verstaan of glo sonder die Gees se werking nie. Die Woord is die wapen waarmee ons aanval.

Hierin moet ons ons Here Jesus se voorbeeld volg. Toe die duiwel Hom in die woestyn versoek het, het ons Here hom telkens geantwoord: "Daar staan geskrywe". Hy het hom elke keer uit die Woord geantwoord.

Al hoe jy gemaklik met 'n swaard kan veg, is wanneer jy daardie swaard goed ken. Ken jy die Woord? Besef jy dat God se Woord ons enigste wapen is om mee aan te val?

As ons so na die wapenrusting kyk, dan besef ons dat dit alles dinge is wat God vir ons gee. Ons stry nie met vreemde dinge teen die duiwel nie. Ongelukkig glo soveel mense dat ons vreemde dinge nodig het vir geestelike oorlogvoering. Hulle glo ons moet alles en almal self en ons moet op ramshorings blaas om die duiwel se magte te laat bewe en ons moet duiwels oral uitdryf. As jy as gelowige jou met hierdie dinge besig hou en nie met God se Woord wat ons swaard is nie, het die duiwel jou presies waar hy jou wil hê.

God gee vir ons ons wapenrusting. Dit is nie vreemde dinge nie, maar die rykdom wat Hy aan ons in Jesus Christus gee om in te deel. Dit is Hy en sy beloftes wat ons laat vasstaan.

Vind jou krag in die Here en oorwin op jou knieë

Ons gaan tevergeefs die stryd teen die duiwel stry as ons dink dat ons op ons eie gaan regkom. Het jy al ervaar wat gebeur wanneer jy dink jy gaan op jou eie krag die stryd stry? Wanneer jy dink jy gaan op jou eie sonde in jou lewe oorwin? Wanneer jy dink jy gaan op jou eie sterk staan teen die seer van die lewe? Jy val op jou gesig. Jy kry seer. Jy raak moedeloos.

Al manier hoe ons kan volhard in die stryd, is deur net op God te vertrou. Hierdie gedeelte in Efesiërs gaan baie meer oor God en wat Hy doen as oor ons en wat ons doen. Hy gee vir ons alles wat ons nodig het – daarom vat ons dit en lewe daarmee.

Die gedeelte begin met die opdrag in vers 10: “Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.” Word deur die Here versterk met sy groot mag. Die krag waarmee die Here in ons werk om ons te versterk, is dieselfde krag waarmee Jesus Christus uit die dood opgewek is, dit is dieselfde krag waarmee Jesus Christus in die hemel geplaas is as Koning van die heelal. Dit is dieselfde krag waarmee God ons lewe uit die dood uit gegee het. Daar is nie ‘n groter krag nie. Daarom kry ons die opdrag om deur God versterk te word. As ons eerder op ons eie krag probeer staatmaak wanneer ons toegang tot die grootste krag ooit het, is ons dwaas.

Al hoe ons kan staande bly in ons stryd teen die duiwel is deur vas te hou aan wat God doen. Deur daaraan vas te hou dat Hy ons gekies, gered en gemerk het, dat Hy vir ons lewe uit die dood gegee het, dat Hy ons lei om tot sy eer te lewe, dat Hy ons deel van sy huisgesin gemaak het, dat Hy ons versterk as sy kerk, dat Hy ons lei om die ou mens uit te trek en die nuwe mens aan te trek, dat Hy ons lei om vervul te word met die Heilige Gees, dat Hy ons lei om ons aan mekaar te onderwerp in ons verhoudings.

Al hoe ons kan vasstaan, is deur te onthou dat Jesus Christus die Groot Oorwinnaar is. Die beeld van die wapenrusting herinner baie sterk aan Jesaja 59. Daar word ook van ‘n Soldaat met ‘n wapenrusting gepraat. Die Soldaat wat daar van gepraat word, is ons Here Jesus wat die stryd teen sy vyande stry en hulle oorwin. Ons oorwin nie self die duiwel nie, ons deel in ons Here Jesus se oorwinning.

Al manier hoe ons kan staan, is deur net op God te vertrou, al manier hoe ons kan staan, is wanneer ons op ons knieë staan.

Dit klink vreemd, want 'n soldaat wat op sy knieë staan kan homself nie juis verdedig nie. 'n Soldaat wat op sy knieë staan wys dat hy opgegee het om te stry. Wanneer ons op ons knieë staan, wanneer ons biddende lewe, het ons nie opgegee nie. Dan besef ons dat ons van God afhanklik is, dat ons Hom in alles nodig het. Dan het ons oorgegee – nie aan die vyand nie, maar aan ons Here.

Daarom gee die Here die opdrag in vers 18: “Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.”

Ons sal dikwels wanneer ons nie meer weet wat om te doen nie, sê: Ons kan NET bid. Regtig?! Net bid?! Dan maak ons asof gebed 'n laaste uitweg is. Gebed is nie die laaste uitweg nie, dit is die beginpunt van alles anders. Sonder om te bid kan ons niks doen nie. Want deur te bid wys ons dat ons afhanklik van God is vir alles en vra ons Hom om ons sterk te maak sodat ons kan doen wat Hy wil hê.

Om staande te bly in die stryd teen die duiwel moet ons op ons knieë lewe. Gedurig bid. Nie net vir onself nie, maar vir ander gelowiges ook! Onthou, ons het mekaar nodig! Ons kan nie alleen deur die lewe gaan nie. Maar dikwels wanneer ons deur erge seer in ons lewens gaan, glo ons die leuen van die duiwel dat ons onself moet isoleer omdat ons bang is wat ander van ons gaan dink. Ons is nie gemaak om die lewe alleen aan te pak nie. In sy genade lei die Here ons deur sy Gees en gee Hy ons vir mekaar om saam die stryd te stry.

Hierdie gebede vir mekaar is ook gebede vir mense wat die Woord moet verkondig. Paulus vra die Efesiërs om te bid dat hy vrymoedigheid sal hê om die Evangelie duidelik te verkondig. Hy is reeds in boeie omdat hy die Evangelie duidelik verkondig het en steeds vra hy vir vrymoedigheid. Net so het elke Woordverkondiger gebede nodig om die Woord suiwer en duidelik te verkondig, sonder om dit te versag en sonder om bang te wees vir die gevolge.

As die Woord nie so verkondig word nie, is 'n hele gemeente in gevaar. Want dan versag die duiwel die Evangelie met vrees. Hy is op sy gevaarlikste wanneer hy op die preekstoel is! Bid vir die verkondiging van die Woord! God gee tog lewe en versterk ons sodat ons kan vasstaan in die stryd deur sy Woord. Bid gereeld vir jou predikant!

Elke gelowige is in 'n groot stryd teen die duiwel en sy magte gewikkel. As jy dink dat jy nie in 'n stryd is nie, het die duiwel jou presies waar hy jou wil hê. Skrik wakker en besef die erns! As jy dink dat jy hierdie stryd met jou eie krag en op jou eie kan stry – hou op! Jy gaan jouself net seer maak.

Die Here gee vir ons wat ons nodig het om vas te staan in die stryd. Al hoe ons kan vas staan, is deur op ons knieë te staan. Die Here gee vir ons die nodige krag, daarom stry ons biddend.

Stry teen die duiwel met alles wat jy het met die wapenrusting wat God jou gee. Stry as iemand wat in Jesus Christus se oorwinning deel. Die Here sal sorg dat jy in hierdie stryd kan volhard.

Moenie die leuens van die duiwel glo dat God jou nie lief het of dat jy die slagoffer is of dat die waarheid van God se Woord nie so belangrik is nie. Glo die beloftes van die Woord. Glo wat God jou in sy Woord leer. Glo dat God jou lief het en jou gered het. Glo dat jy nie sy liefde kan of hoef te verdien nie. Glo dat Jesus Christus meer as genoeg is vir jou. Stry met alles wat jy het teen die duiwel en sy aanvalle. Bly staan. Nie selfversekerd en trots nie, maar afhanklik op jou knieë.